

TEORIEË OOR HOOFASPEKTE VAN POËTIESE TAALGEBRUIK:

VERKENNING EN TOEPASSING

INA GRÄBE

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad D. Litt.
in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. T.T. Cloete

Februarie 1979

WOORD VOORAF

Daar word in hierdie studie gekonsentreer op die volgende hoofaspekte van poëtiese taalgebruik: die metafoor (hoofstuk I), sintaksis, versreël en strofe (hoofstuk II), klank (hoofstuk III) en ritme en metrum (hoofstuk IV). Dit gaan om 'n verkenning en toepassing van resente teorieë oor die genoemde vier hoofaspekte van poëtiese taalgebruik wat in hierdie studie bespreek word. Elke hoofstuk word verdeel in twee afdelings: teorie (A) en toepassing (B). In die eerste afdeling van elke hoofstuk word verskeie teorieë oor 'n betrokke aspek van poëtiese taalgebruik aan die orde gestel. Die verkenning van hierdie teorieë geskied meesal aan die hand van poësietekste wat deur die betrokke teoretici gebruik is in die illustrasie van hulle hipoteses oor die aard en funksie van aspekte van poëtiese taalgebruik. Daar word deurgaans gestrewe na 'n sintese tussen verskillende uitgangspunte, wat soms aanvullend, soms bevestigend en soms korrigerend is ten opsigte van 'n bepaalde aspek van poëtiese taalgebruik. Die teoretiese apparaat, wat verkry is uit 'n dergelike sintese van resente en relevante teorieë oor 'n bepaalde aspek van poëtiese taalgebruik, word dan in elke hoofstuk geïllustreer aan die hand van 'n poësietekst waarin die betrokke aspek 'n duidelike vooropgestelde en/of belangrike element is. Daar word uitgegaan van die veronderstelling dat 'n vooropgestelde element heenwys na 'n interpretatiewe leidraad. Die funksie van 'n opvallende metaforiese konstruksie, sintaktiese patroon, klankverbinding of metries-ritmiese eenheid moet daarom nagegaan word in 'n betrokke poësietekst. Die kriteria van vooropstelling en die verhouding tussen vooropstelling en interpretasie word vir elke aspek afsonderlik uiteengesit in die betrokke hoofstuk waarin 'n bepaalde aspek van poëtiese taalgebruik bespreek word.

In afdeling A van elke hoofstuk word die interpretatiewe bydrae van 'n bepaalde aspek van poëtiese taalgebruik geïsoleer. Daar word dus in elke hoofstuk gebruik gemaak van 'n ander poësietekst om die funksie van 'n bepaalde aspek te illustreer. Uiteraard kan geen volledige interpretasie van 'n gedig op dié manier verkry word nie, aangesien die samehang tussen die afsonderlike struktuuraspekte van 'n gedig nie nagegaan word nie. In afdeling B word daarom telkens gekonsentreer op dieselfde poësietekst. Die interpretatiewe bydrae van 'n bepaalde aspek word soos in afdeling A nagegaan in elke hoofstuk. Die integrasie van die verskillende aspekte word

egter ook uiteengesit in hoofstuk II tot IV. Daar is gevind dat die interpretatiewe bydrae van afsonderlike struktuuraspekte òf bevestigend, òf aanvullend òf korrigerend was ten opsigte van mekaar. Die semantiese implikasies van die metaforisering in die gedig lewer 'n maksimale bydrae tot die interpretasie van D.J. Opperman se "Kontrak". Tog word hierdie interpretasie betekenisvol gewysig deur die interpretatiewe bydrae van veral die sintakties-tipografiese organisasie in die gedig - 'n wysiging wat volledig ondersteun word deur die interpretatiewe bydrae van die vooropgestelde klankpatrone in die gedig. Aan die einde van hoofstuk III - waar die samehang bespreek word van die metaforisering, die sintakties-tipografiese organisasie en die klankmatige struktuur van die gedig - is die interpretasie van "Kontrak" bykans volledig. Die bydrae van die metries-ritmiese vooropstelling in die gedig is dan hoofsaaklik onderskeidend van aard: bepaalde semantiese implikasies en/of sintakties-tipografiese en klankmatige relasies word ekstra gereleveer.

Aan die einde van hoofstuk IV berus die interpretasie van "Kontrak" dus op 'n ondersoek na die interne relasies binne die gedig. Dit is 'n interpretasie van die gedig wat geverifieer word deur die oorvleueling van interpretatiewe leidrade deur verskillende aspekte van die geheelstruktuur van die gedig. Dit is byvoorbeeld dikwels die geval dat 'n bepaalde interpretatiewe leidraad wat blootgelê is deur een struktuuraspek onafhanklik geregverdig word deur die interpretatiewe bydrae van 'n ander struktuuraspek. Die verskillende struktuuraspekte is egter nie net bevestigend ten opsigte van mekaar nie, maar ook dikwels aanvullend en/of korrigerend. Om hierdie rede is 'n analise van alle relevante strukturele aspekte van 'n gedig - soos byvoorbeeld die vier hoofaspekte van poëtiese taalgebruik wat in hierdie studie ondersoek is - myns insiens 'n noodsaaklike voorvereiste vir 'n geldige interpretasie van 'n gedig. Sô 'n analise van die interne strukturele relasies binne 'n poësietekst is nietemin nie geslote nie. By 'n vasstelling van die semantiese implikasies van metaforiese relasies in 'n poësietekst moet daar byvoorbeeld noodwendig ook gelet word op die sosio-kulturele verwysingsraamwerk van die gedig. By D.J. Opperman se "Kontrak" is die geïmpliseerde Bybelse raamwerk noodsaaklik vir 'n begrip van die gedig. Terselfdertyd is dit die uiteindelijke resultaat van die interne strukturele relasies van die gedig wat die bekende skeppingsverhaal in 'n nuwe lig stel.

'n Toepassing van die verskillende teorieë oor hoofaspekte van poëtiese taalgebruik lei dus tot 'n verifieerbare interpretasie van D.J. Opperman se "Kontrak". Daar is trouens deurgaans in hierdie studie gevind dat die verskillende teorieë - soms in die oorspronklike, soms in 'n aangepaste vorm - lei tot insig in poësietekste. Die uitgebreide uiteensetting van teorieë oor hoofaspekte van poëtiese taalgebruik - afdeling A van elke hoofstuk - is myns insiens om hierdie rede regverdigbaar. Dit verskaf 'n noodsaaklike teoretiese onderbou vir die verifieerbare en/of kontroleerbare interpretasie van poësietekste.

- - o0o - -

Ek sou graag die volgende persone en instansies wou bedank vir hulle bydrae tot die suksesvolle voltooiing van hierdie studie.

Aan my promotor, prof. T.T. Cloete van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, my opregte dank vir die aanmoediging en leiding tydens die skryf van hierdie studie. My akademiese verbintenis met prof. Cloete begin egter alreeds in my voorgraadse jare as student in Afrikaans-Nederlands aan die P.U. vir C.H.O. 'n Vraestel in die Honneurs-kursus vir Afrikaans-Nederlands - Literêre Teorie aangebied deur prof. Cloete - het my belangstelling gestimuleer vir die Algemene Literatuurwetenskap; 'n belangstelling wat verder gevoer kon word in 'n M.A.-verhandeling aan die Universiteit van Port Elizabeth met prof. Cloete as studieleier. Vir sy aanmoediging, belangstelling en leiding gedurende al hierdie jare is ek hom veel erkentlikheid verskuldig. Prof. Cloete besit die gawe om 'n mens te laat voel dat jy iets kan bereik; hy besit ook die vermoë om 'n mens te lei tot groter hoogtes as waartoe jy self in staat sou gewees het. Dit was allesins 'n voorreg om onder prof. Cloete te kon studeer.

Ek dink ook met dankbaarheid terug aan die akademiese vorming wat ek aan die P.U. vir C.H.O. kon ontvang van proff. G. Dekker, F.J. Labuschagne en H. Venter. Ek sou graag die owerhede van die Universiteit van Port Elizabeth wou bedank vir finansiële ondersteuning en vir 'n kontrak wat my in staat gestel het om twee jaar in die buiteland te kon studeer. Tydens die studieverlof wat aan my toegestaan is gedurende die eerste semester van 1975 kon 'n definitiewe begin gemaak word met hierdie studie.

My dank aan prof. M.H. Schenkeveld van die Vrije Universiteit in Amsterdam vir veral 'n stimulerende blokcollege oor Gerrit Achterberg se Spel van de wilde jacht, asook vir 'n vergunning om nog mee te werk aan die publikasie wat voortgespruit het uit hierdie college nadat ek reeds besig was om te studeer aan die "Instituut voor Algemene Literatuurwetenschap" in Utrecht. Aan hierdie instituut kon ek leiding ontvang van onder meer proff. H.P.H. Teesing, J.C. Brandt Corstius, J.J. Oversteegen, F.C. Maatje, D.W. Fokkema en Elrud Kunne-Ibsch. Graag vermeld ek hier ook die stimulerende lesings van dr. J.D.P. Warners. Die byvak Nederlands vir die doktoraal in Algemene Literatuurwetenskap kon ek voltooi onder die leiding van prof. A.L. Sötemann; my dank ook aan prof. Sötemann vir kritiese opmerkings oor my doktoraalskripsie na afloop van die doktorale eksamen. Die invloed van die Nederlandse studie op my algemene akademiese vorming strek veel wyer as die leiding vir die suksesvolle voltooiing van die doktorale eksamen in Algemene Literatuurwetenskap; dit het 'n beslissende invloed gehad op die ontplooiing van hierdie studie. Ook my kort navorsingsverblyf aan die universiteit van Cornell in Ithaca was van beslissende waarde vir die skryf van hierdie studie. My dank aan die doserende en administratiewe personeel van die departement "Comparative Literature" vir hulle hulpvaardigheid en vriendelikheid tydens my verblyf aan hierdie universiteit.

Aan die universiteit van Port Elizabeth kon ek die afgelope drie jaar lesings bywoon in Frans en Algemene Taalwetenskap. Graag wil ek hier my erkentlikheid betuig teenoor veral Dave Bevan - vir die lesings oor "Explication de texte" - en Jeanne Maartens - vir die lesings oor sintaksis en semantiek, waarsonder die eerste twee hoofstukke van my proefskrif moeilik geskryf sou kon word. My dank ook aan Jeanne vir die kritiese opmerkings by hierdie twee hoofstukke. Die verantwoordelikheid vir foutiewe aannames, stellings en formulerings oor die Transformasionele Generatiewe Grammatika bly nietemin vanselfsprekend my eie. 'n Besondere woord van dank aan prof. J.E. Loubser deur wie se bemiddeling my buitelandse studie kon plaasvind. Ook vir hulp in verband met die taalkundige versorging van hierdie studie wil ek prof. Loubser van harte bedank. 'n Interne reëling binne die vakkomitee Algemene Literatuurwetenskap het dit moontlik gemaak om my lesings en my navorsing vir hierdie studie te kombineer - hiervoor my dank aan my kollegas in die vakkomitee, prof. M.G. Scholtz en Veronica Bowker. Ook die studente in Algemene Literatuurwetenskap het oor die afgelope jare veel bygedra tot hierdie studie: hulle werkstukke is dikwels gebruik

om die geldigheid van bepaalde teoretiese uitgangspunte of die toepaslikheid van resente teorieë te toets.

Laastens my dank aan die biblioteekpersoneel van die U.P.E. vir die eindelose geduld en noukeurigheid waarmee hulle bibliografiese gegewens, artikels en boeke help opspoor het. Aan Senta Jacobs 'n gróót dankie vir die tik van hierdie proefskrif. 'n Woord van dank ook aan die personeel in die afrolkamer vir die afrol van die getikte manuskrip.

Ten slotte: aan my ouers en my susters Esther en Let 'n spesiale woord van dank vir die inrig van 'n werkplek in hulle huise gedurende vakansies. Daarsonder sou hierdie studie beslis nie betyds voltooi kon word nie.

Port Elizabeth
Februarie 1979

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
HOOFSTUK I: DIE METAFOOR	
0. Inleiding	1
A. Teorie	
1. Herkenning en beskrywing van metaforiese taalgebruik	2
1.1 Sintakties-kontekstuele determinering van 'n metaforiese gebruikte woord - Max Black en Harald Weinrich	2
1.2 Letterlike en figuurlike pole in 'n metaforiese uitdrukking - I.A. Richards en David M. Miller	7
1.3 Vehicle of fokus as 'n spesifieke woordsoort binne tradisionele grammatika - Christine Brooke-Rose en Wolfgang Karrer	11
1.3.1 Die Nomen	12
1.3.1.1 Vervangingsmetafore	12
1.3.1.2 Demonstratiewe formules	15
1.3.1.3 Die kopula	20
1.3.1.4 Die genitiefverbinding	24
1.3.2 Die verbum	28
1.3.3 Die adjektief	30
1.4 Sintagmatiese en paradigmatische relasies binne strukturalistiese linguistiek - Geoffrey N. Leech, Werner Ingendahl en Harald Weinrich	34
1.5 Die metafoor as reëloorskryding binne transformasionele generatiewe grammatika	42
1.5.1 Die <u>Aspects</u> -model	42
1.5.1.1 Illustrasie van tipes reëloorskrydinge en gradering van grammatikaliteit - Rosemarie Gläser, Noam Chomsky en Owen Thomas	42
1.5.1.2 Die metafoor as 'n oorskryding van seleksiebeperinge - Robert J. Matthews	47
1.5.1.3 Oorskryding van seleksiebeperinge as 'n voldoende en genoegsame kondisie vir 'n identifikasie van metaforiese uitdrukkings	53
1.5.2 Interpretatiewe Semantiek	57
1.5.2.1 Organisasie van die semantiese komponent	59
1.5.2.2 Oorvleueling van sintaktiese en semantiese kenmerke	62

1.5.2.3	Semantiese seleksiebeperkings en projeksiereëls	66
1.5.2.4	Redundansiereëls en implikasie	70
1.5.3	Generatiewe Semantiek en verwante benaderings	74
1.5.3.1	Die instelling van oordragkenmerke - Uriel Weinreich	75
1.5.3.2	Kasusgrammatika - Dorothy Mack Lambert	79
1.5.3.3	Generatiewe Semantiek	82
1.5.3.3.1	Herdefiniëringsreëls - Robert E. Sanders	85
1.5.3.3.2	Die transderivasionele oordragbeperking - Paul Werth	90
1.6	Samevatting	94
1.6.1	Inkongruensie in 'n sintagmatiese relasie	94
1.6.2	Analogie in 'n paradigmatische verhouding	96
2.	Eksplisering van die terminologie - beskrywing en illustrasie van metaforiese patrone in 'n gedigkonteks	97
2.1	Sintagmatiese inkongruensie in mikroskopiese en makroskopiese kontekste - die interaksie tussen fokus en raamwerk	98
2.2	Paradigmatiese verbindings in die gedigkonteks as geheel - die verhouding tussen tenor en vehicle	118
3.	Enkele interpretasieteorieë van metaforiese taalgebruik	137
3.1	Substitusieteorieë	138
3.2	Interaksieteorieë	142
3.3	Vergelykingsopvattinge	147
B.	Toepassing	
4.	Analise en interpretasie van metaforiese taalgebruik in "Kontrak" - D.J. Opperman	165
HOOFSTUK II: SINTAKSIS, VERSREËL EN STROFE		
0.	Inleiding	183
A.	Teorie	
1.	Oortreding van grammatikale reëls in poëtiese taalgebruik	191
1.1	Verskuiwing - Irene Fairley	191
1.2	Delesie - Samuel R. Levin, J. Noël en Frank L. Coppay	200
1.3	Seleksionele afwyking - Irene Fairley, Samuel R. Levin en Jan Aarts	210

2.	Ekspløitasie van vorme van herhaling in sintaktiese patroonvorming	
2.1	Parallelisme - Roman Jakobson	220
2.2	Koppeling - Samuel R. Levin	229
2.3	Uitbreiding en defleksies - Samuel J. Keyser	240
3.	Die verhouding tussen sintaktiese snit en tipografiese eenheid - R. Geggus en John M. Lipski	252
4.	Kohesie - samehang tussen vorme van sintaktiese vooropstelling	268
B.	Toepassing	
5.	Analise en interpretasie van die sintaktiese struktuur van "Kontrak"	273
5.1	Sintaktiese afwyking	273
5.1.1	Uitbreiding	273
5.1.2	Delesie	280
5.1.3	Verskuiwing	280
5.2	Ekstra patroonvorming	285
5.2.1	Koppeling	285
5.2.2	Parallelisme	287
5.3	Tipografiese eenhede	290
6.	Samehang tussen sintaktiese vooropstelling en die metafo-riese taalgebruik in "Kontrak"	295

HOOFSTUK III: KLANK

0.	Inleiding	307
A.	Teorie	
1.	Klankekspressie	308
1.1	Klanknabootsing - Jozef Boets, H.C.T. Müller en Ulrich Gaier	308
1.2	Bewegingskilderende woorde - Jozef Boets en H.C.T. Müller	321
1.3	Klanksimboliek - Jozef Boets en David I. Masson	322
2.	Klankherhalingspatrone - bewuste ekspløitasie van die klankmatige - Frank G. Ryder en Henry Lanz	328
3.	Klankherhaling en ritmiese struktuur - Louise Baughan Murdy en Robert P. Newton	346
4.	Klankherhaling en die formele organisasie van die gedig in versreëls en strofes	358

5.	Klankherhaling en die betekenisstruktuur van die gedig	379
5.0	Inleiding - Virgil Nemoianu	379
5.1	Betekenisassosiasies op die diffuse vlak - Frank G. Ryder, James Lynch en Dell H. Hymes	382
5.2	Vertikale verbindings tussen woorde in die eindrymposisie - Roman Jakobson en Samuel R. Levin	386
5.2.1	Semanties kontrasterend - W.K. Wimsatt en Marjorie Perloff	387
5.2.2	Semanties ooreenstemmend - Marjorie Perloff	394
5.2.3	Grammatikale verbande in die rym	398
5.3	Horisontale klankverbande in die geheelstruktuur van die gedig - W.K. Wimsatt en Mary Ellen Rickey	404
6.	Samevattende illustrasie van die interpretatiewe waarde van klankherhalingspatrone	418
B.	Toepassing	
7.	Analise en interpretasie van die klankstruktuur in "Kontrak"	433
8.	Samehang tussen die klankstruktuur, die metaforiese taalgebruik en die sintaktiese organisasie in "Kontrak"	458
8.0	Inleiding	458
8.1	Die klankstruktuur en die metaforiese taalgebruik	459
8.2	Die klankstruktuur en die sintaktiese organisasie	468
8.3	Samevatting	477

HOOFSTUK IV: RITME EN METRUM

0.	Inleiding	483
A.	Teorie	
1.	Deskriptiewe skandering van die metries-ritmiese struktuur van gedigte	488
1.0	Inleiding	488
1.1	Die skanderingsmetodes en -beginsels van tradisionele metrici en Russiese statistici - Otto Jespersen, Joseph Malof, W.K. Wimsatt & Monroe C. Beardsley en A.J. Coetzee (tradisionele metrici); James Bailey en Marina Tarlinskaja (Russiese statistici)	488
1.1.1	Grade van klem en die bepaling van metriese iktus	488
1.1.2	Die groepering van swakker en sterker beklemtoonde sillabes in metriese patrone	505

1.2	Die skanderingsmetodes en -beginsels van strukturalisties- linguisties georiënteerde metrici - Seymour Chatman, Terence Hawkes, H.L. Smith en Ronald Sutherland	515
1.2.1	Supra-segmentele faktore in die bepaling van metriese iktus	515
1.2.2	Die herdefiniëring van metriese patrone binne 'n genuanseerde linguistiese sisteem	535
1.3	Transformasionele generatiewe grammatika en die bereëling van metriese versreëls - Morris Halle en Samuel Jay Keyser en hulle navolgers en kritici	
1.3.0	Inleiding	552
1.3.1	Linguistiese spesifisering van metries promi- nente sillabes	558
1.3.1.1	Leksikale beklemtoning	558
1.3.1.2	Beklemtoning binne frases	580
1.3.2	Die groepering van sillabes in metriese posisies	600
1.4	Skanderingsprosedure	624
2.	Metriese en ritmiese vooropstelling	634
3.	Samevattende illustrasie van die interpretatiewe bydrae van metriese en ritmiese vooropstelling in 'n gedig	645
B.	Toepassing	
4.	Analise en interpretasie van die metries-ritmiese struktuur in "Kontrak"	652
5.	Samehang tussen enersyds die metries-ritmiese en andersyds die metaforiese, sintaktiese en klankmatige vooropstelling in "Kontrak"	670
5.0	Inleiding	670
5.1	Die metries-ritmiese vooropstelling en die metaforiese taalgebruik	671
5.2	Die metries-ritmiese vooropstelling en die sintaktiese organisasie	672
5.3	Die metries-ritmiese vooropstelling en die klankstruktuur	675
5.4	Samevatting	678
	Voetnote	682
	Bibliografie	733
	Indeks	764

HOOFSTUK 1

DIE METAFOOR

0. INLEIDING

Oor die metafoor word daar reeds vanaf Aristoteles byna ononphoudelik geteoretiseer en wel onder meer deur filosowe, literatore en linguiste. Algemeen-informatiewe bronne wat tegelyk oorsigtelik en krities is ten opsigte van die bogenoemde uiteenlopende vertrekpunte is Stutterheim (1941), Meier (1963), Lieb (1964) en Shibles (1971b)¹⁾. Binne so 'n growwe indeling om simplistiese redes van filosofiese, literêre en linguistiese dissiplines kan daar natuurlik verskeie - eweneens sterk verskillende en soms selfs onversoenbare - skole, rigtings en opvattings onderskei word. Dit spreek vanself dat uiteenlopende filosofieë oor wat menslike taal is, sal lei tot verskillende opvattinge oor die verskynsel metafoor. So ondersoek Hester (1967) die implikasies van Wittgenstein se bekende koppeling van die betekenis van 'n woord aan sy gebruik in die taal ten opsigte van die betekenis van die "poëtiese metafoor". Shibles (1971a) vergelyk weer die filosoof Urban se teorieë oor analogie en simbolisme met ander teorieë oor metaforiese taalgebruik. Dit is veelseggend dat sowel Hester as Shibles op grond van hierdie ondersoeke van andersins uiteenlopende vertrekpunte tog 'n interaksieteorie van die metafoor as die mees adekwate karakterisering van hierdie verskynsel beskou.²⁾ Literatore hou hulle natuurlik ook besig met die metafoor en dan veral soos dit gemanifesteer word binne die literêre werk, en hiervan is daar ook al samevattende en kritiese studies onderneem. Die waardevolle bydrae van skole soos die Russiese Formalisme en die Praagse Strukturaliste kan (passim) teruggevind word in onderskeidelik Erlich (1955), Pomorska (1968), Matejka en Pomorska (1971) en Stempel (1972) oor die Russiese Formalisme en Garvin (1964) en Mukařovský (1974) oor die Praagse Strukturaliste. 'n Vergelyking tussen die Russiese Formalisme en Anglo-Amerikaanse "New Criticism" word onderneem in Thompson (1971), en 'n uitstekende analise en illustrasie van die bydrae van die "New Critics" ten opsigte van spesifiek die ondersoek van die metafoor in metafisiese poësie is te vinde by Miller (1971). Ontwikkelinge in die linguistiek kan ruweg verdeel word in tradisionele, strukturalistiese en transfor-

masioneel-generatiewe benaderings. Eksponente van hierdie strominge en hulle opvattinge oor die metafoor kom hieronder ter sprake in 1.3 tot 1.5.

Die bogenoemde verwysings maak geen aanspraak op volledigheid nie maar is slegs bedoel om 'n enigszins voorlopige aanduiding te gee van die wydheid van die terrein wat deur 'n verskynsel soos die metafoor betrek word. Dit is onmoontlik om alle teorieë oor die metafoor, of selfs die meeste of die bekendstes of die belangrikstes (gestel 'n mens sou betroubare kriteria kon vind om diesulkes uit te sonder) binne een hoofstuk te inkorporeer. Dit was dus noodsaaklik om selektief te werk te gaan, en die kriterium vir seleksie was relevansie vir die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk, naamlik analise en interpretasie van metaforiese taalgebruik binne een gedig. Daarvoor is nodig eerstens 'n identifikasie van die verskynsel metafoor en tweedens 'n interpretasie van die metaforiese proses. Dit is vanselfsprekend dat daar ook ten opsigte van hierdie twee aspekte van die metafoor 'n groot verskeidenheid teorieë bestaan. In die bekendstelling van meesal resente opvattinge oor hierdie twee aspekte in 1. word getrag om die verskeie teorieë vergelykenderwys en terselfdertyd aanvullend toe te lig. Eksplisering van dergelike opvattinge geskied aan die hand van voorbeelde wat die betrokke teoretici self geselekteer en bespreek het. In 2. word gepoog om 'n samehangende en adekwate terminologie vir die herkenning van die metafoor te illustreer met verwysing na 'n volledige poëtiese teks. In 3. word verskillende teorieë oor die interpretasie van metaforiese prosesse weer eens vergelykenderwys bekyk en geëkspliseer met behulp van die beskrywingsapparaat wat in 2. ontwikkel is. Uiteindelik sal "Kontrak" dan in afdeling B so uitvoerig moontlik geanaliseer word ten opsigte van sy metaforiese taalgebruik, en die implikasies van so 'n analise nagegaan word vir 'n interpretasie van die gedig.

A. TEORIE

1. HERKENNING EN BESKRYWING VAN METAFORIESE TAALGEBRUIK

1.1 Sintakties-kontekstuele determinering van 'n metafories gebruikte woord - Max Black en Harald Weinrich

Die filosoof Max Black (1962) se opvattinge oor die metafoor was in meer as een opsig bevruggend en tegelyk verreikend. Daarvan getuig byvoorbeeld sy verfyning van Richards (1936) se interaksieteorie van die metafoor. Ook die feit dat 'n resente teoretikus soos Abraham (1975b) Black se insigte

inkorporeer en verantwoord binne 'n gesofistikeerde linguistiese raamwerk is egter 'n aanduiding van die aktualiteit en bruikbaarheid van sy beskouinge. ³⁾ Voordat hy 'n karakteristiek van die metafoor probeer gee, lê Black die volgende lys voorbeelde voor ter illustrasie van onbetwisbare en maklik herkenbare gevalle van metaforiese taalgebruik:

- (1) The chairman plowed through the discussion
- (2) A smoke screen of witnesses
- (3) An argumentative melody
- (4) Blotting-paper voices (Henry James)
- (5) The poor are the negroes of Europe (Chamfort)
- (6) Light is but the shadow of God (Sir Thomas Browne)
- (7) Oh dear white children, casual as birds,
Playing amid the ruined languages (Auden)

Wanneer na voorbeeld (1) gekyk word, verwys Black na die kontras tussen die woord plowed en die orige woorde wat dit vergesel. Algemeen sou aanvaar word dat die rede vir die kontras gesoek moet word in die feit dat plowed 'n metaforiese ⁴⁾ betekenis het, terwyl die ander woorde almal letterlik opgeneem kan word. Alhoewel die hele sin aangedui word as metafories vernou ons aandag heel gou tot 'n enkele woord wat die oorsaak is van die lesers se belewing van die sin as nie letterlik nie. Black konstateer na aanleiding hiervan dat 'n relatief eenvoudige metafoor gewoonlik voorkom in 'n sin of uitdrukking waarin sommige woorde metafories en die res letterlik gebruik word. Die metafories gebruikte woord word dan fokus en die res van die sin waarin dit voorkom die raamwerk genoem ("focus" en "frame" by Black). Ten opsigte van (1) kan so 'n verdeling soos volg aangedui word:

- (1) The chairman PLOWED through the discussion
Raam Fokus Raam

Die sinne (2) tot (5) kan op dieselfde manier ingedeel word met die fokus elke keer smoke screen, argumentative, blotting-paper en negroes respektiewelik. Dit is belangrik om daarop te let dat herkenning van hierdie fokusse se figuurlike funksie afhanklik is van die besondere sintaktiese omgewing(s) waarbinne hulle voorkom. Trouens, Black wys daarop dat in 'n ander raamwerk enige van die bogenoemde fokusse ook letterlik sou kon funksioneer.

So 'n stelling kan maklik geïllustreer word deur byvoorbeeld plowed in (1) hierbo te plaas in sintaktiese omgewings soos die volgende:

- (1) i. The ploughman plowed the ploughland
- ii. The boy plowed through the mud
- iii. The bull-dozer plowed through the snow

Dit is duidelik dat die woord plowed in al drie die bostaande gevalle 'n ploegaksie van een of ander aard voorstel.

Let op dat byvoorbeeld (5) - en ook (8), wat later deur Black genoem word en wat eintlik sy hoofvoorbeeld is wanneer hy aantoon hoe 'n metafoer geïnterpreteer word - verskil van (1) tot (4) deurdad daar twee onderwerpe genoem word:

(5) The poor are the NEGROES of Europe
(i) Raam (ii) Fokus Raam

(8) Man is a WOLF
(i) Raam (ii) Fokus

Black praat in sy uiteensetting van (8) van twee onderwerpe - die hoof- onderwerp man (of men) en die fokusonderwerp wolf (of wolves).⁵⁾ Die effek van hierdie ongewone identifikasie van man en wolf is dat die lesers siening van die hoofonderwerp man bepaal word deur wat hy weet van die fokusonderwerp wolf in sy letterlike funksie(s). Black praat in dié verband van 'n "system of associated commonplaces" (p.40) wat geredelik te voorskyn geroep word en wat dan soos 'n "filter" fungeer waardeur man in 'n nuwe lig beskou word. Om te weet dat 'n wolf onder andere wreed, vleisetend en bedrieglik is, en om 'n man dan 'n wolf te noem, is om aan laasgenoemde te dink as wreed, honger, gedurig betrokke in stryd, 'n aasvreter, ens. Black konkludeer:

A suitable hearer will be led by the wolf-system of implications to construct a corresponding system of implications about the principal subject. But these implications will not be those comprised in the commonplaces normally implied by literal uses of "man". The new implications must be determined by the pattern of implications associated with literal uses of the

word "wolf". Any human traits that can without undue strain be talked about in "wolf-language" will be rendered prominent, and any that cannot will be pushed into the background. The wolf-metaphor suppresses some details, emphasizes others - in short organizes our view of man (1962:41).

Hiermee het Black dan aangetoon wat hy verstaan onder die wisselwerking ("interplay") tussen fokus en raamwerk: die herkenning en figuurlike funksie van 'n fokus is afhanklik van 'n kontrasterende raamwerk; terselfdertyd stel die fokusonderwerp die hoofonderwerp uit die letterlike raamwerk egter in 'n nuwe lig.

'n Uiteensetting van metaforiese taalgebruik wat goed aansluit by dié van Black is Weinrich (1967). Die aanvangsreël uit 'n gedig van Verlaine wat hy bespreek, is soos Black se (5), (6) en (8) 'n predikatiewe sin, wat Weinrich dan 'n identifikasie-metafoer noem:

- (9) *Votra âme est un paysage choisi*
jou siel is 'n landskap uitverkore
Jou siel is 'n uitverkore landskap

Weinrich gaan, weer eens soos Black, uit van die veronderstelling dat (9) ervaar sal word as 'n metaforiese uitdrukking. Wanneer gevra word watter een van dié ses woorde die draer is van die metafoer, word die leser se blik gerig op paysage, want "eintlik" is die siel tog geen landskap nie. Slegs in 'n figuurlike, oordragtelike sin is die siel wel 'n landskap, omdat die digter dit so wil. Die ooreenkoms met Black se "fokus", wat volgens hom die oorsaak is van die leser se ervaring van bepaalde uitdrukkings as metafoeres, is voor-die-hand-liggend. Black is bewus van die feit dat 'n woord in een raamwerk metafoeries maar in 'n ander weer letterlik kan wees. Weinrich verfyn hierdie wisselwerking en wedersydse afhanklikheid tussen 'n woord en die sintaktiese konteks waarbinne dit voorkom. Hy wys daarop dat 'n woord in isolasie verskeie betekenis kan hê (soos dit byvoorbeeld in enige goeie woordeboek met gemak nageslaan sou kon word) maar dat die sintaktiese konteks waarin die woord gebruik word die betekenis daarvan heel presies omlin. Die woorde in 'n sin verskaf kontekste vir mekaar en determineer mekaar, dit wil sê hulle reduceer mekaar se betekenisomvang oor en weer. In teenstelling met "normale woorde" kan metafoere nooit los van hulle kontekste (Weinrich sluit situasionele konteks

hierby in) gebruik word nie. Op grond hiervan formuleer Weinrich sy tese dat die metafoor nooit 'n enkele woord is nie maar altyd 'n stuk teks. In (9) is geen van die ses woorde dus identies met die metafoor nie, maar die hele sin is die metafoor. Die konteks ("raamwerk" in Black se terminologie) determineer naamlik volgens Weinrich die woord paysage (die "fokus" by Black) op 'n besondere manier, en juis daardeur ontstaan die metafoor. Woord (fokus) en konteks (raamwerk) vorm tesame die metafoor. Weinrich verduidelik voorts dat die betekenis van 'n woord dus wesenlik 'n definitiewe kontekstuele determinasieverwagting is. Die woord paysage stel 'n konteks in die vooruitsig waarin waarskynlik verder oor landskaplike onderwerpe gepraat gaan word. In plaas daarvan is egter iets geheel anders (naamlik die siel) ter sprake. Hierin lê vir Weinrich die verrassing. Die determinasieverwagting van paysage word teleurgestel, en die werklike determinasie verloop in 'n ander rigting as die waarskynlike. Die woord verkry egter tog 'n signifikans, ⁶⁾ maar dit lê nie in die waarskynlike of vermoede domein nie. Weinrich verklaar voorts die metaforiese proses wat hieruit resulteer in terme wat sterk herinner aan die interaksie- en "tension"-opvattinge van I.A. Richards en die "New Critics" wat direk hierna ter sprake kom in 1.2. Hy sê naamlik daar ontstaan 'n verrassingseffek en 'n spanning tussen die oorspronklike betekenis en die signifikans wat deur die konteks afgedwing word. Hierdie proses noem hy dan kontradeterminasie ("Konterdetermination"), omdat die werklike determinasie van die konteks teen die determinasieverwagting van die woord gerig is. Die metafoor is dus definieerbaar as 'n woord in 'n kontradeterminerende konteks.

Hiermee het sowel Black as Weinrich dan gewys op die bepalende wisselwerking tussen 'n metafories gebruikte woord en die sinsverband waarin dit voorkom. Black se "spel" ("interplay") tussen fokus en raamwerk word by Weinrich die spanning tussen 'n woord en sy kontradeterminerende konteks. ⁷⁾

Dit is interessant om daarop te let dat albei teoretici hulle beskrywing en verklaring van die metafoor hoofsaaklik vasknoop aan 'n identifikasie=metafoor soos weergegee in 'n kopulasin. Let egter daarop dat die betekenisbeïnvloeding tussen figuurlike en letterlike elemente in sulke metaforiese uitdrukkings vir hierdie twee teoretici blykbaar vanuit verskillende rigtings opereer. Dit kan skematies soos volg voorgestel word:

(8) i. Man is a WOLF
Raamwerk Fokus

(9) i. Votre âme est un PAYSAGE choisi
Raamwerk Fokus Raamwerk

Vir Black word die leser se siening van man bepaal deur dié eienskappe van wolf wat daarmee geassosieer kan word; Weinrich betoog dat die signifikans van paysage bepaal word deur die sintaktiese konteks. Anders gestel: vir Black beïnvloed die fokus die raamwerk; vir Weinrich is die volle betekenis van die fokus afhanklik van die signifikans wat die kontradeterminerende raamwerk daaraan toeken.

1.2 Letterlike en figuurlike pole in 'n metaforiese uitdrukking - I.A. Richards en David M. Miller

Soos vir Black en Weinrich is die betekenis van 'n woord ook vir Richards afhanklik van die sintaktiese konteks waarbinne dit voorkom en word sō 'n woord dan volgens hom beïnvloed deur die woorde wat daaraan voorafgaan of daarop volg.⁸⁾ Richards se dikwels aangehaalde karakterisering van die metafoor berus dus begryplikerwys op die veronderstelling dat die betekenis van 'n uitdrukking afhanklik is van 'n wisselwerking tussen sy komponente:

In the simplest formulation, when we use a metaphor we have two thoughts of different things active together and supported by a single word, or phrase, whose meaning is a resultant of their interaction (1936:93).

Ten einde die verskillende verbande tussen hierdie "two thoughts of different things active together" te kan ondersoek, voer Richards die terme "tenor" en "vehicle" in (1936:96). Dié voorbeelde van Black en Weinrich waarin daar twee onderwerpe genoem is, kan gemaklik met behulp van Richards se terme beskryf word:

(5) The POOR are the NEGROES of Europe
Tenor Vehicle

(6) LIGHT is but the SHADOW of God
Tenor Vehicle

(7) Oh dear white CHILDREN, casual as BIRDS
Tenor Vehicle
Playing amid the ruined languages

(8) MAN is a WOLF
Tenor Vehicle

(9) Votre ÂME est un PAYSAGE choisi
Tenor Vehicle

Tenor en vehicle ⁹⁾ is hier aangewend om te onderskei tussen Black se hoof- en fokusonderwerp en stem ooreen met Mooij (1975:258) se gebruik van Richards se terme om te verwys na die twee verskillende onderwerpe waarvan daar sprake is in 'n metaforiese uitdrukking. ¹⁰⁾ Richards se vehicle stem dus ooreen met Black se metafories gebruikte fokus, terwyl die tenor een woord uit die letterlik verwysende raamwerk is. Let op dat tenor en vehicle /fokus in alle gevalle hierbo nomina is, en let verder daarop dat wisselwerking tussen figuurlike en letterlike taalgebruik nou beperk is tot die interaksie tussen twee woorde uit die uitdrukkings hierbo. Waar in Weinrich se analise van (9) paysage gedetermineer is deur al die woorde van die kontradetermi- nerende konteks, vind daar in Richards se beskrywing 'n interaksie plaas tussen paysage en slegs âme uit die orige woorde binne die sin. Richards inkorporeer verskeie inhoude vir sowel tenor as vehicle; een daarvan - naamlik oorspronklike idee vir tenor en geleende een vir vehicle - sou met Weinrich se analise van dieselfde voorbeeld vergelyk kon word, want "eintlik" is die siel tog geen landskap nie. Richards verstaan egter ook nog die volgende dinge onder hierdie twee terme:

Tenor	Vehicle
original idea	borrowed one
what is really being said and thought of	what it is compared to
the underlying idea	imagined nature
the principal subject	what it resembles
the meaning	the metaphor
the idea	its image (1936:96)

Uit die bogenoemde word dit duidelik dat die onderliggende idee die werklike betekenis van die metaforiese sin bevat maar dat hierdie betekenis geëkspliseer moet word in terme van die "geleende" vehicle, wat die metaforiese fokus is van die uitdrukking. Daar is egter nie altyd twee onderwerpe, idees of gedagtes aanwesig in 'n metaforiese uitdrukking nie, soos gesien kan word uit (1) tot (4):

- (1) The chairman PLOWED through the discussion
Vehicle/fokus
- (2) A SMOKE SCREEN of witnesses
Vehicle/fokus
- (3) An ARGUMENTATIVE melody
Vehicle/fokus
- (4) BLOTTING-PAPER voices
Vehicle/fokus

Al die voorbeelde wat tot dusver bekyk is, het dus 'n metaforiese fokus binne 'n letterlike raam, maar almal het nie 'n letterlike tenor binne die raam om te korrespondeer met die figuurlike fokus/vehicle nie. In die laasgenoemde gevalle is die klem op die interaksie tussen fokus en sintaktiese konteks; in gevalle soos (5) tot (9) is daar ook dieselfde interaksie maar die letterlike raam het 'n konsentrasiepunt in die tenor ('n soort letterlike "fokus"), wat meer direk op die vehicle betrek is in 'n interaksie tussen twee woorde.

Miller (1971:128-134) ondersoek verskeie verhoudings tussen tenor en vehicle en onderskei op grond hiervan 'n aantal tipes metaforiese uitdrukkings. Gevalle soos (5) tot (9) noem hy basiese metafore ¹¹⁾ waarin sowel die tenor as die vehicle gegee word en wat daarom "surface metaphors" genoem word. 'n Voorbeeld van so 'n oppervlaktemetafoer is (10):

- (10) WIT's an unruly ENGINE
Tenor Vehicle

Gevalle soos (1) tot (4) hierbo, waar die tenor nie gegee is nie, word dan genoem "submerged metaphors" in teenstelling tot "surface metaphors" soos (5) tot (10). In hierdie verband gee Miller 'n interessante karakterisering van geleksikaliseerde of sogenaamde "dooie" metafore, waar die taalgebruiker nie meer daarvan bewus is dat 'n uitdrukking metafories gebruik word nie. In gevalle soos

- (11) The ARM of a chair
Vehicle
- (12) The HORN of a saddle
Vehicle

in (7), het volgens Black reeds allerlei simboliese konnotasies. Aangesien die "tenor-language" in die letterlike raamwerk ekstra of addisionele simboliese betekenis inkooporeer, kan die bostaande voobeelde getipeer word as komplekse metaforiese uitdrukkings. Saamgestelde metafore fungeer gewoonlik makroskopiese kontekste (vergelyk die bespreking van Vroegherfs hierna in 2).

1.3 Vehicle of fokus as 'n spesifieke woordsoort binne tradisionele grammatika - Christine Brooke-Rose en Wolfgang Karrer

In die beskrywing van figuurlike uitdrukkings tot sover is daar eerstens onderskei tussen die metafories gebruikte woord en al die ander woorde in sy onmiddellike sintaktiese omgewing (Black en Weinrich), en tweedens is die relasies bespreek tussen so 'n metafories gebruikte woord en die "eintlike" letterlike onderwerp waarmee dit verband sou hou (Richards en Miller). Waar die terme fokus en raamwerk één woord afgrens van sy sintaktiese omgewing, sorg die benaming tenor vir 'n verdere konsentrasie op één woord, hierdie keer binne die letterlike raam. Implisiet in Mooij se reservering van Richards se terme vir die twee onderwerpe van 'n metaforiese uitdrukking, is die feit dat tenor/vehicle noodwendig nomina sal wees, soos dit trouens die geval is in (5) tot (10). Die belangrikheid van nomina - maar ook van alle ander woordsoorte - vir figuurlike taalgebruik kom vervolgens ter sprake in linguistiese ondersoeke van die metafoer binne 'n tradisioneel-grammatikale benaderingswys

Christine Brooke-Rose (1958) beklemtoon naas die sintaktiese omgewing van 'n metafories gebruikte woord ook heel spesifiek sy grammatikale relasies:¹³

...metaphor is expressed in words, and a metaphoric word reacts on other words to which it is syntactically and grammatically related. The effect of this interaction varies considerably according to the nature of this grammatical relationship (1958:1).

Grammatikale relasies ten opsigte van die metafoer wat Brooke-Rose dan in haar studie ondersoek, is gegrond op 'n verdeling van sintaktiese elemente in verskillende woordsoorte soos nomina, verba, adjektiewe, adverbialia, preposisies en pronomina. Onafhanklike regverdiging vir die analise van woordsoorte by 'n beskouing van die metafoer word gegee deur Ingendahl (1971:56), wat die metafoer agtereenvolgens bekyk as woord en as sinsdeel en wat dan beweer dat die woordsoort die verbindingselement vorm tussen woord en sin.

1.3.1 Die nomen

Van al die woordsoorte bestee Brooke-Rose die meeste aandag aan die nomen (byna 200 bladsye uit 'n boek van ongeveer 300 bladsye om meer presies te wees), watsydan subklassifiseer in vyf hooftipes: gewone vervangingsmetafoor ("simple replacement"), demonstratiewe formules ("pointing formulae"), die kopula, die skakel met "om te maak" en ten slotte die genitief.

1.3.1.1 Vervangingsmetafore

Die gewone vervangingsmetafoor het sy tiperende naam te danke aan die feit dat die eintlike term (tenor) heeltemal vervang word deur die metaforiese term (vehicle).¹⁴⁾ Ingendahl (1971:44) noem sulke metafore "selfstandig", en omskryf hulle soos volg:

Selbständig sind diejenigen Metaphern im Satz, in deren näherem Kontext kein Nennwort den Sachbezug nennt, den die Metapher neu eingehen soll. Der angezielte Gegenstand muss implizit durch die textliche Umgebung erkannt werden können; sie muss die Metaphernsetzung so vorbereiten, dass sie verstanden werden kann.

Ingendahl se "Nennwort" kom ooreen met Brooke-Rose se "proper term", dit wil sê die tenor in Richards en Miller se terminologie. Ook Brooke-Rose beklemtoon soos Ingendahl die feit dat die vervangings- of selfstandige metafoor se ongenoemde tenor maklik agterhaal kan word uit die wyer konteks waarin dit voorkom. 'n Metaforiese uitdrukking waarin slegs die vehicle gegee maar die tenor verswyg is, heet by Miller natuurlik 'n "submerged metaphor". Wanneer Brooke-Rose egter die funksie van die wyer konteks (byvoorbeeld van 'n gedig of van 'n Shakespeare-drama) daarby betrek, is daar myns insien eerder sprake van 'n gesuspendeerde as van 'n versweë of verskuilde tenor (Miller se "suspended metaphor" dus). Vergelyk in hierdie verband die volgende gedig van Opperman:

(14) Naaldekoker
Ek is die grys SKRIK
 Vehicle
wat soek tussen biesie en klip
na water, soek na my beeld in jou...
met die trillende spel tussen vlug
en skielike self-aanskou.

De Villiers (1974:148) tipeer na aanleiding van Brooke-Rose en met inkorporering van Black se terminologie hierdie geval as een waar daar teenoor die fokus (dus: vehicle) geen letterlike "ander" element (dus: tenor) staan nie en waar daar vir so 'n tenor gesoek moet word "buite die onmiddellike

omgewing van die fokus". In die Oppermangedig word die tenor dan gevind in die titel van die gedig. So 'n prosedure is vergelykbaar met Miller se verduideliking van 'n gesuspendeerde metafoor in (13), behalwe dat die tenor by (14) eers gegee word in die titel, en nie tot later uitgestel word tot die agste vers soos by (13) nie. Gemeenskaplik in albei hierdie gevalle is nogtans die feit dat tenor en vehicle nie tegelyk aanwesig is binne die mikroskopiese sintaktiese konteks van die metaforiese uitdrukking nie. As Brooke-Rose dus in verband met vervangingsmetafore opmerk dat hulle aangewese is op die wyer konteks (dus: makroskopies) vir die verstaan daarvan, geld dit wel vir gevalle soos (13) en (14). Wanneer sy egter beweer dat vervangingsmetafore beperk sou wees tot die afgesaagde, die oorbekende of tot dié tipe metafore wat so na in betekenis aan die tenor is dat die "raaiwerk" daarna skaars bewustelik plaasvind, geld dit beslis nie vir die Oppermanvoorbeeld nie.¹⁵⁾ "Afgesaagd" of "oorbekend" sou wel van toepassing gemaak kon word op Miller se "submerged metaphor", waar die tenor verswyg is. En metaforiese uitdrukkings waar daar volgens Brooke-Rose byna geen onderskeid is tussen die vehicle en die term wat dit veronderstel is om te vervang nie, kan vergelyk word met Miller se bespreking van "dooie" metafore, waar die tenor volgens hom nie verswyg of gesuspendeer nie maar eerder vergete is. By Brooke-Rose se tipering van die vervangingsmetafoor moet dus volgens Miller meer genuanseerd onderskei word tussen versweë, gesuspendeerde en vergete tenors.

'n Verdere belangrike kenmerk van nomina wat vervangingsmetafore is, is volgens Brooke-Rose die feit dat die graad van partikularisering - waaronder sy veral artikels en adjektiewe behandel - besonder funksioneel blyk te wees by sulke metafore. Partikularisering is in hierdie gevalle veel belangriker as by ander soorte, omdat dit hier aangewend word ter wille van duidelikheid en nie soseer ter wille van 'n bepaalde effek soos in die ander tipes nie. Die bepaalde artikel voor 'n vehicle veronderstel byvoorbeeld bekendheid of voorafkennis, en op grond van 'n "outomatiese assosiasie" - vir Brooke-Rose die "keynote in Simple Replacement" (1958:19) - verwys dit dan terug na iets bekende in die konteks. Die bepaalde artikel kan egter ook uiters funksioneel wees in metaforiese uitdrukkings waar sowel die tenor as die vehicle gegee word, soos Karrer (1971:18-20) aantoon in 'n bespreking van die volgende gekompliseerde metafoor uit Thomas se "A Winter's Tale":

(15) ...pure as the drifting bread
Vehicle

As the food and flames of the snow
Vehicle Vehicle Tenor

Die bepaalde artikel - voor die vehicles bread en food - wat normaalweg onder andere bekendheid veronderstel, tree hier volgens Karrer in verbinding met uiters moeilike en onverstaanbare metafore. ¹⁶⁾ 'n Teks wat so 'n "onvoorbereide" vehicle as bekend voorstel, wen daardeur aan verrassing en betekenisassosiasies. Soos Brooke-Rose ken ook Karrer aan die bepaalde artikel die funksie van verwysing na die wyer konteks toe. Al het 'n mens nie hier 'n versweë tenor in die mikroskopiese konteks nie, behou die bepaalde artikel dus nogtans sy verhelderingsfunksie, want die vehicles moet binne die wyer konteks verstaan word. Die implikasie van dié funksie van die bepaalde artikel in (15) is dan volgens Karrer dat dit nie gaan om enige "brood" (vehicle) of enige "sneeu" (tenor) nie, "sondern um genau bestimmte Elemente eines bestimmten metaphorischen Gefüges". Teenoor so 'n uiteindelik heel spesifiek ingevulde gekompliseerdheid van die vehicles in (15) staan die onbepaalde meerduidigheid van die vehicle se verwysingsmoontlikhede in Yeats se

(16) A living man is blind and drinks his drop.
What matter if the DITCHES are impure?
Vehicle

Die vehicle sou volgens Brooke-Rose (1958:29) onder meer kennis, lewe, liefde, godsdiens of kuns kon vervang, maar dit sou óók verstaan kon word as letterlike slote. Omdat meer as een vervangingsterm met die vehicle geassosieer sou kon word, maar ook omdat hierdie tipe metaforiese verwysing dikwels letterlik en figuurlik gelees kan word, is die vervangingsmetafoor dikwels meerduidig en is die logiese ontwikkeling daarvan in die rigting van die simboliese. Brooke-Rose se opmerkings oor die funksie van die bepaalde artikel geld volgens Karrer se analise van (15) wyer as die kategorie van die vervangingsmetafoor waartoe sy dit beperk. Die grammatikale verhouding tussen bepaalde artikel en nomen is volgens die bogenoemde 'n belangrike faktor by die interpretasie van metaforiese taalgebruik. Ook Brooke-Rose se verdere opmerkings oor die onbepaalde artikel, oor geen artikel voor 'n nomen nie ("zero-grade"), oor meervoude, oor possessiewe, onbepaalde en kwalifiserende adjektiewe en ten slotte oor demonstratiewe in partikulariserende funksies sou myns insiens met vrug ondersoek kon word

by die analise van metaforiese taalgebruik. Ek gaan nie nou verder in op hierdie aspekte nie (waar toepaslik sal Brooke-Rose in 2, 3 en 4 hieronder bygehaal word) maar wil volstaan met 'n laaste voorbeeld om die effek van die aan- of afwesigheid van 'n bepaalde artikel te illustreer. Vergelyk Eliot se

(16) What are the ROOTS that clutch, what BRANCHES grow
Vehicle Vehicle
Out of this stony rubbish?

Brooke-Rose merk op dat daar 'n verskil is (resulterende uit die funksie van die bepaalde artikel) tussen respektiewelik "what are the roots that clutch" en "what branches": die eerste veronderstel volgens Brooke-Rose spesifieke wortels wat deur die digter gevisualiseer is, terwyl die tweede die moontlikheid ooplaat dat daar geen takke kan wees nie.

Samevattend kan dus gesê word dat die vervangingsmetafoor afhanklik is van die makroskopiese konteks vir die verklaring van 'n versweë, gesuspendeerde of vergete tenor, en verder dat die aard van partikularisering 'n belangrike bydrae lewer tot die uiteindelijke interpretasie van alle nomina-metafore.

1.3.1.2 Demonstratiewe formules

In die volgende drie subkategorieë van die nomenmetafoor wat deur Brooke-Rose onderskei word - demonstratiewe formules ("pointing formulae"), die kopula en die skakel met "om te maak" - verskuif die klem vanaf representasie van 'n "afwesige" tenor deur 'n "teenwoordige" vehicle tot 'n identifikasie van dié twee (hierdie keer albei gegewe) dele in 'n metaforiese uitdrukking.

Demonstratiewe formules is volgens Brooke-Rose tegelyk duideliker as die vervangingsmetafoor (met 'n versweë, gesuspendeerde of vergete tenor in Miller se terminologie), en meer subtiel as die skakel met die kopula of die verbum maak, "since they replace the proper term A by the metaphoric term B without direct statement" (1958:68). Die woord "replace" in die bostaande aanhaling kan verwarrend wees, aangesien Brooke-Rose die kategorie van vervangingsmetafore benoem as gevalle van "Simple Replacement". Demonstratiewe formules, waaronder die skryfster 'n demonstratiewe uitdrukking, parallelisme, apposisie en die vokatief bespreek, wys egter nie uit

na die ongenoemde tenor buite die metaforiese uitdrukking nie maar vervang die gegewe tenor in die teks op 'n later stadium met 'n ekwivalente vehicle. 'n Strofe uit Dylan Thomas se "The force..." kan 'n dergelike prosedure illustreer:

(17) The FORCE that through the green fuse drives the flower

Tenor/"proper term A"

Drives my green age; that blasts the roots of trees

Is my destroyer.

And I am dumb to tell the crooked rose

My youth is bent by the same wintry FEVER.

Vehicle/"metaphoric term B"

Brooke-Rose merk op dat die subtiliteit van die demonstratiewe of uitwysende formule resulteer uit die feit dat dit praat van een ding en dan later daarna terugwys met 'n vervangende naam asof dit intussen iets anders geword het "rather like a syllogism with the middle term left out"(1958:69).¹⁷⁾ In die voorbeeld hierbo word force dus geïdentifiseer met fever met behulp van die demonstratiewe formule the same.¹⁸⁾

Hierbo is Brooke-Rose se kategorieë van (eenvoudige) vervangingsmetafoor en demonstratiewe formules van mekaar onderskei. Tog herinner (17) met sy uitgestelde vehicle sterk aan (13), waar in 'n Shakespeare sonnet die vehicle earth in die eerste vers eers in die agste verbind is met sy tenor body. Die kategorie "gesuspendeerde metafoor" soos by Miller onderskei, sou dus uitgebrei kon word om nie net 'n uitgestelde tenor nie maar ook 'n teruggehoue vehicle in te sluit. Gemeenskaplik in gevalle (17) en (13) is die feit dat die besondere tenor/vehicle-verhouding eers waarneembaar word binne die makroskopiese konteks van die gedig. Hierby kan ook ingesluit word die Opperangedig (14) waar die tenor naaldekokker in die titel voorkom en nie saam met die vehicle skrik binne die mikroskopiese sintaktiese eenheid van die eerste vers van die gedig nie. Brooke-Rose se demonstratiewe formule soos geïllustreer in die Thomasgedig (17) vereis dus soos die bogenoemde gevalle ((13) en (14)) 'n makroskopiese konteks vir die eksplisering van die tenor/vehicle-verhouding. Om hierdie rede kan enige geval waar tenor en vehicle nie tegelyk voorkom binne 'n mikroskopiese konteks nie, maar waar een van die komponente eers êrens binne die makroskopiese konteks verskaf word, myns insiens eerder benoem word as 'n gesuspendeerde metafoor.

Brooke-Rose self is natuurlik bewus daarvan dat die rol van die partikulariserende artikel in haar vervangingsmetafoor, deurdat dit bekendheid veronderstel met 'n wyer konteks as die sin, byna soos 'n demonstratief in haar volgende subkategorie van die nomenmetafoor kan fungeer. Daarom kan Antony byvoorbeeld van Cleopatra sê: "The witch shall die" (1958:27), omdat die artikel ons terugverwys na die konteks van die hele Shakespeare drama. In so 'n geval is die tenor Cleopatra dus nie ongenoemd nie maar êrens anders in die makroskopiese konteks gespesifiseer. Die implikasies van hierdie voorbeeld wat Brooke-Rose onder vervangingsmetafoor klassifiseer waar die tenor "geraai" moet word, is duidelik: binne die mikroskopiese sintaktiese konteks is die tenor verswyg; binne die makroskopiese dramatiese geheel is dit gesuspendeer. Die noodsaaklikheid van Miller se nuanserende kategorieë, ten einde oorvleueling te voorkom in Brooke-Rose se klassifiserings van die nomenmetafoor, kan ook geïllustreer word aan 'n verdere strofe uit Thomas se "The force..." - Brooke-Rose bespreek hierdie geval naamlik eers onder die kategorie vervangingsmetafoor en later as 'n voorbeeld van parallelisme binne die demonstratiewe formules. Vergelyk die derde strofe uit die bogenoemde gedig:

(18) The HAND that whirls the water in the pool
Vehicle
Stirs the quicksand; that ropes the blowing wind
Hauls my shroud sail.
And I am dumb to tell the hanging man
How of my clay is made the hangman's lime.

Wanneer die skryfster hierdie strofe bespreek onder die kategorie vervangingsmetafoor (1958:37), merk sy op dat the hand binne die eerste frase alleen letterlik sou kon figureer maar dat die metaforiese betekenis daarvan eers duidelik word in die omgewing van die ander metafore soos ropes en hauls my shroud sail. Alhoewel die herkenning van the hand as vehicle dus hier afhing van 'n wyer konteks, word die tenor darem nog nie genoem nie. Die selfde gedig dien egter ook vir Brooke-Rose as voorbeeld van die identifikasie van tenor en vehicle deur middel van parallelisme ¹⁹⁾ - dus binne die subkategorie demonstratiewe formules. Vergelyk die eerste verse van strofe 1, 2 en 3 wat hier herhaal word as (19):

(19) The FORCE that through the green fuse drives the flower

Tenor

The FORCE that drives the water through the rocks

Tenor

The HAND that whirls the water in the pool

Vehicle

Nou word (1958:79) the force (tenor) wel deeglik genoem en later deur middel van herhaling van dieselfde sintaktiese konstruksie geïdentifiseer met the hand (vehicle). Weer eens is die implikasies van die bogenoemde analise duidelik: binne die mikroskopiese eenheid van die frase is the hand 'n dubbelsinnige vervangingsmetafoor waarvan die tenor verswyg is; binne die groter eenheid van die strofe is the hand wel duidelik vehicle met die tenor nog steeds verswyg; binne die makroskopiese eenheid van die gedig is die tenor the force wel gegee en die vehicle the hand uitgestel tot die derde strofe van die gedig. Ook hierdie geval kan dus beskryf word as 'n gesuspendeerde metafoor.

Karrer (1971:28-32) ondersoek parallelisme in Thomas se gedigte en gaan daarby uit van Brooke-Rose (1958:79) se omskrywing hiervan:

In Parallelism there is no pointing (soos by die demonstratiewe uitdrukking nie) to the proper term at all, but the repetition of the same construction (soos byvoorbeeld in (19) hierbo), or the use of and, or other methods, implies that it is equal to the metaphoric term.

Waar Brooke-Rose parallelisme egter beperk tot nomina, meen Karrer dat hierdie verskynsel alle metafore kan insluit, en hy toon trouens aan dat Thomas juis interessante effekte verkry deur selfs verskillende woordsoorte parallel te gebruik. In 'n geval soos die volgende waar Thomas 'n verbale nomen dreaming deur die verbinding met and in 'n identifikasie dwing met die nomen sky, praat Karrer van "aspekspanning". Vergelyk:

(20) I flew along my man

And dropped on dreaming and the upward sky

Volgens Brooke-Rose (1958:81) is albei die bogenoemde terme letterlik maar word gemetaforiseer deur die gemeenskaplike verbale metafoor (dropped on) wat hulle deel, en verder geïdentifiseer deur die and. Karrer (1971:30-31) bespreek

die wedersydse beïnvloeding van die twee vehicles op mekaar. Belangrik in die bogenoemde twee opvattinge is eerstens Brooke-Rose se bewering dat parallelisme (soos ook by die vervangingsmetafoer) dikwels lei tot meerduideligheid (omdat die parallelle terme ook letterlik verstaan sou kon word), en daarom verder en verder weg beweeg van die metafoer en eerder ontwikkel in die rigting van die simbool. Karrer merk egter op dat Thomas in die bogenoemde geval 'n andersins eenduidige identifikasie kompliseer met behulp van die aspekspanning verkry deur verskillende woordsoorte in 'n parallelle konstruksie.²⁰⁾ Die implikasie hiervan is dat 'n ongewone grammatikale relasie hier die neiging tot simbolisering sal teenwerk en dus die metaforiese gekompliseerdheid sal ondersteun. Dit is myns insiens 'n belangrike verfyning en eksploitasie van die uitgangspunt waarop Brooke-Rose se studie berus: naamlik dat die metaforiese proses beïnvloed word deur die grammatikale verhouding tussen die woorde binne 'n metaforiese uitdrukking.²¹⁾

Naas die demonstratiewe uitdrukking en parallelisme onderskei Brooke-Rose ook nog apposisie, wat sy noem 'n "...rather obvious way of replacing one term by another" (1958:93). De Villiers verskaf 'n voorbeeld uit Opperman se poësie:

(21) die lamp sal oor my liggaam brand, 'n maan
oor stukke seilskip teen 'n kaap vergaan

Dit is interessant dat De Villiers hier opmerk (1974:148) dat dit terselfdertyd 'n uitgewerkte parallel is: die lamp (tenor) is 'n maan (vehicle); my liggaam (tenor) is stukke seilskip (vehicle).

Ten slotte noem Brooke-Rose ook nog die vokatief as 'n demonstratiewe formule. Hierdie middel is baie na aan die apposisie maar dan met 'n vokatiwe toon, soos gesien kan word in Eliot se

(22) You! hypocrite lecteur! -mon semblable, -mon frère!

Brooke-Rose (1958:101) ekspliseer nie hierdie geval nie, maar you is waarskynlik die tenor en die res die vehicles.

Uit die bespreekte gevalle word dit duidelik dat demonstratiewe formules meesal 'n makroskopiese konteks vooronderstel waarbinne òf die tenor òf

die vehicle gesuspendeer kan wees. Die verband tussen 'n metaforiese komponent en sy gesuspendeerde ekwivalent kan dan bewerkstellig word deur òf 'n (bepaalde) artikel òf 'n demonstratiewe formule - in die eerste geval sal die resultaat volgens Brooke-Rose dan 'n vervangingsmetafoor wees, terwyl dit in die tweede sal dui op 'n demonstratiewe formule. Belangriker as die houdbaarheid al dan nie van 'n dergelike subklassifisering van nominametafore is egter die feit dat grammatikale relasies soos artikel of demonstratief gekoppel aan 'n vehicle belangrike konsekwensies kan hê vir die eksplisering van metaforiese prosesse in die algemeen. Ten slotte is dit belangrik om in hierdie verband daarop te let dat ook ongewone of afwykende grammatikale relasies uiters funksioneel kan wees in metaforiese taalgebruik.

1.3.1.3 Die kopula

Die verbum "om te wees" ("to be") is volgens Brooke-Rose die mees direkte manier waarop 'n metafoor (vehicle) aan sy letterlike term (tenor) geheg kan word. Hierdie direktheid van die grammatikale relasie tussen die twee dele van 'n metafoor het volgens die skryfster bepaalde konsekwensies:

...the very directness is authoritative in tone, a categoric statement by the poet, which we do not feel inclined to question, however odd the metaphor. It allows for originality and paradox, and sounds gratuitous with banal metaphors (1958:105).

Die eenvoudigste vorm van hierdie tipe metafoor is dan dié waar eers die tenor en daarna die vehicle gegee word met die kopula in die teenwoordige tyd (A is B). Vergelyk hier weer die volgende gevalle wat hierbo bespreek is by Black, Weinrich en Miller:

- (8) MAN is a WOLF
A/tenor B/vehicle
- (9) Votre AME est un PAYSAGE choisi
A/tenor B/vehicle
- (10) WIT is an unruly ENGINE
A/tenor B/vehicle

Die kopula hoef natuurlik nie net in die teenwoordige tyd te wees om so 'n direkte identifikasie van tenor en vehicle te bewerkstellig nie. Die

volgende voorbeeld is te vinde by De Villiers (1974:148):

- (23) Die WAAIER (X) was 'n swart TOR (Y) om sy oor
A/tenor B/vehicle

(De Villiers gebruik die simbole X en Y waar Brooke-Rose A en B het). Die bostaande voorbeelde is almal gevalle wat Miller oppervlakte-metafore sou noem, omdat sowel die tenor as die vehicle gegee word binne 'n mikroskopiese sintaktiese eenheid. 'n Myns insiens uiters waardevolle bydrae word egter deur De Villiers gemaak as hy aantoon dat die bostaande "logiese formule", A is B (X is Y), van die kopulaskakel ook agterhaalbaar is in 'n aantal gevalle waar die twee dele van die metafoor nie so direk op mekaar betrokke is in die onmiddellike omgewing van 'n enkelvoudige sintaktiese eenheid nie. Vergelyk hier eerstens die volgende reeds bespreekte gesuspendeerde metafore, wat hier in verkorte vorm herhaal word:

- (13) Poor soul, the centre of my sinful EARTH
B/Vehicle
Eat up thy change? Is this thy BODY's end?
A/Tenor

- (14) NAALDEKOKER
A/Tenor
Ek is die grys SKRIK
B/Vehicle

- (17) The FORCE that through...
A/Tenor
...the same wintry FEVER
B/Vehicle

- (18) The FORCE ...
A/Tenor
The HAND
B/Vehicle

Die onderliggende logiese formule van die bostaande gevalle sou volgens De Villiers soos volg weergegee kon word:

- (24) My BODY is the EARTH
A/Tenor B/Vehicle
Die NAALDEKOKER is die grys SKRIK
A/Tenor B/Vehicle
The FORCE is the FEVER/HAND
A/Tenor B/Vehicle

Ook die voorbeeld wat behandel is by apposisie kan hier ingesluit word:

- (21) die LAMP sal oor my LIGGAAM brand, 'n MAAN
A/Tenor(i) A/Tenor(ii) B/Vehicle(i)
oor stukke SEILSKIP teen 'n kaap vergaan
B/Vehicle(ii)

Daar is reeds aangetoon dat De Villiers die "uitgewerkte parallel" in (21) herskryf as:

- (25) die LAMP is 'n MAAN
A/Tenor B/Vehicle
my LIGGAAM is stukke SEILSKIP
A/Tenor B/Vehicle 22)

'n Variasie op die formule "A is B" kan byvoorbeeld wees omruiling van die twee dele, soos gesien kan word uit die gesuspendeerde metafoor (13). Vanselfsprekend kan s6 'n omruiling natuurlik ook plaasvind by oppervlakte-metafore. Variasies van die verbum "to be" is "to become, to be called, to signify, to seem, to be worth", waarby ek hier ook sou wou insluit Brooke-Rose se aparte kategorie "to make", wat nie veel verskil van die kopula nie en wat andersins ook bespreek sou kon word onder die aparte kategorie van verba. 23)

'n Interessanter variasie op die formule "A is B", en terselfdertyd een wat dien as oorgang tot die volgende subkategorie van die nomenmetafoor, naamlik die genitiefverbinding, is volgens Brooke-Rose die dubbele metafoor voorgestel deur die formule "A is B of C" (1958:108). Vergelyk in hierdie verband weer twee van Black se voorbeelde:

- (5) The POOR are the NEGROES of EUROPE
A/Tenor B/Vehicle C

- (6) LIGHT is but the SHADOW of GOD
A/Tenor B/Vehicle C

Die metafoor (B/vehicle) is volgens Brooke-Rose eerstens verbind aan sy eintlike term (A/tenor) en tweedens aan 'n derde term (C) deur middel van voorsetsels soos of (van), die genitief of die possessief "all expressing some sort of belonging or provenance relationship"(1958:110). Met behulp van Balck se terminologie sou 'n mens by (5) en (6) binne die mikroskopiese sin nog verder kon onderskei tussen groter en kleiner raamwerke, en dan met Weinrich kon aantoon hoe die metaforiese fokus bepaal word deur twee verskillende kontradeterminerende kontekste. Behalwe die sintaktiese konteks fungeer die fokus in gevalle soos (5) en (6) hiervolgens ook nog binne die kleiner frase:

- (26) ...the NEGROES of EUROPE
 raam fokus/B raam/C
 ... the SHADOW of GOD
 raam fokus/B raam/C

Die besitverhouding met die derde letterlike term C sorg dan binne die kontradeterminerende raamwerk vir 'n metaforiese relasie met die fokus B. Hiermee word die aandag dan gevestig op 'n interaksie tussen drie woorde, waar daar binne die letterlike raam tot sover nog slegs sprake was van één tenor wat gesorg het vir 'n wisselwerking tussen twee woorde. Brooke-Rose se "dubbele metafoor" sou dus ontleed kon word deur eers die kleiner kontradeterminerende konteks "the...GOD", met die klem op die "tweede" tenor C, en daarna die groter kontradeterminerende konteks, met die klem op die eintlike tenor A, te ondersoek vir die respektiewelike interaksies met die fokus B.

Die kopula is dus enersyds 'n skakel wat sowel opsigtelik teenwoordig is in oppervlaktemetafore as onderliggend fungeer by gesuspendeerde metafore. Andersyds kan dit lei tot 'n meer gekompliseerde interaksie tussen fokus en meer as een tenor binne kontradeterminerende kontekste van kleiner en groter omvang.

1.3.1.4 Die genitiefverbinding

In 'n genitiefverbinding wat in verreweg die meeste gevalle in Engels uitgedruk word met behulp van die voorsetel of, toon die skakel volgens Brooke-Rose aan dat "the metaphoric term belongs to, or comes from or out of, or is to be found in, or is attributed to, some person or thing or abstraction" (1958:146).²⁴⁾ Die belangrikste verskil met die tipes wat tot dusver bespreek is, is dat die metaforiese term (B/Vehicle) nie noodwendig verbind is aan sy eintlike term (A/Tenor) nie maar eerder aan 'n derde term (C). Die tenor (A), wat òf gegee òf versweë kan wees, moet dan afgelei word uit die besitsverwantskap uitgedruk in die formule "B of C". Vergelyk die volgende gevalle:

(27) ...the HOSTEL of my HEART

B/Vehicle C

(5) The POOR are the NEGROES of EUROPE

A/Tenor B/Vehicle C

By sowel (27) as (5) het 'n mens die formule "A = B of C", dus: "hostel of my heart" verwys na die versweë tenor body; "negroes of Europe" vervang die genoemde tenor poor. By die bespreking van die kopulaverbinding is reeds gewys op die dubbele verwantskap van die metaforiese term (B) met twee onderskeie letterlike terme (A) en (C) in twee verskillende kontradetermi-nerende kontekste van groter en kleiner omvang.. Dit is verder belangrik om daarop te let dat (volgens De Villiers se terugvinding van die "logiese formule" wat werkzaam is in baie metafore) die onderliggende identifikasie-struktuur van (27) en (5) herskryf sou kon word as:

(28) My BODY is the HOSTEL OF MY HEART

A/Tenor B/Vehicle

The POOR are the NEGROES OF EUROPE

A/Tenor B/Vehicle

Hierdie tipe genitiefverbinding kom dus voor by sowel oppervlakte- as verskuilde metafore; die genoemde of versweë tenor word in elke geval uitgedruk deur 'n verhouding van besitsverwantskap tussen die vehicle en 'n derde letterlike term waartoe dit behoort.

By 'n tweede tipe genitiefverbinding is daar egter nie sprake van vervanging

van 'n tenor (A) nie maar word die derde term (C) self die tenor. In die woorde van Brooke-Rose sou 'n mens kon sê (A) word nie afgelei uit die besitsverwantskap van (B) en (C) nie, maar (B) en (C) word met mekaar geïdentifiseer. Vergelyk:

(29) ...the FIRE of LOVE
 B C

Hier is liefde volgens die skryfster die vuur. 'n Mens het hier nog eens De Villiers se "logiese formule" van identifikasie van metaforiese en letterlike terme deur middel van 'n kopulaverbinding. Vergelyk ook nog die volgende voorbeelde van onderskeidelik Black en De Villiers, waar dieselfde identifiserende genitiefrelasie waargeneem kan word:

(2) A SMOKE SCREEEN of WITNESSES
 B C

(30) My flikkerende vuurhoutjie was 'n weerligstraal
 skuins oor die slapende LANDSKAP van jou LIGGAAM
 B C

De Villiers se "logiese formule" kan nou soos volg toegepas word op die bogenoemde gevalle, waar die derde term (C) dan die tenor voorstel:

(31) LOVE is the FIRE
 C/Tenor B/Vehicle

 The WITNESSES are a SMOKE SCREEN
 C/Tenor B/Vehicle

 Jou LIGGAAM is 'n LANDSKAP
 C/Tenor B/Vehicle

In gevalle soos (29), (2) en (30) is die derde term (C) by genitiefverbindinge dus die genoemde tenor, terwyl in gevalle soos (27) en (5) die verband tussen (B) en (C) dui op 'n genoemde of versweë tenor (A).

'n Variasie van die formule "B is C" kom volgens Brooke-Rose voor by suiwer attribusie, "which is a split of one idea into two, a thing or person or personification, and an object attributed to it: 'the eyes of the heart', 'the hand of God', 'the cloak of death'"(1958:148). Hier is die attribuut

nie volkome identies met die term waarmee dit verbind is nie, maar ver-
teenwoordig dit wel ten opsigte van een aspek, byvoorbeeld die hart in sy
vermoë om te kan sien. Sō 'n gedeeltelike identifikasie het 'n mens ook
by Black se voorbeeld:

- (6) (Light is but) the SHADOW of GOD
B/Vehicle C

Uit die bespreking tot dusver blyk dat by nominametafore wat berus op 'n
genitiefverhouding, die relasie tussen tenor(s) en vehicle 'n ingewikkelde
is. Brooke-Rose (1958:148) praat opsommend van

...two basically different metaphoric relationships between the
two linked terms, and each relationship can be divided into two
main types:

- (a) The three-term formula, in which "B of C=A". A can either
be unmentioned (the hostel of my heart, the roses of her
cheeks); or it can be mentioned and equated (she is the
fountain of mercy, the cuckoo is the messenger of spring).
- (b) The two-term formula, "the B of C", in which B=C. C is
itself the proper term, either with an appositive genitive
expressing the Identity of B and C (the fire of love), or
with a Pure Attribution, in which the basic identity is less
apparent (the cloak of Death).

Genitiefmetafore is nie net ingewikkeld nie maar ook dikwels meerduidig.
Karrer (1971:17) soek juis in die meerduidigheid van sulke relasies 'n
verklaring vir die veelvuldige gebruik van die "of"-verbinding in Thomas
se poësie. Vergelyk hier weer die voorbeeld uit Thomas se "A Winter's
Tale":

- (15) ... pure as the drifting BREAD
B/Vehicle
as the FOOD and FLAMES of the SNOW
B/Vehicle B/Vehicle C/Tenor

Uit die eenvoudige vergelyking "pure as snow" groei daar volgens Karrer
(vergeelyk pp.17-20 vir 'n volledige uiteensetting van die bogenoemde
metafoer) 'n drievoudige metaforisering van die tenor snow as onderskei=
delik bread, food en flames. Van al die moontlike verhoudings tussen die
vehicles en die genitiefrelasies met die tenor snow verkies Karrer dan 'n

identifikasieverbinding as die mees waarskynlike. ²⁵⁾ Die kopula kan ook hier as onderliggende struktuur gesien word:

(32) The SNOW is BREAD/FOOD/FLAMES
A/Tenor B/Vehicle(s)

Tussen die letterlike en figuurlike dele van hierdie metafoor bestaan daar egter groot verskille. Tog word uiteenlopende dinge hier metafories saamgedwing in 'n identifikasie. Brooke-Rose se opmerking dat kopula= verbindings dikwels op 'n kategorieese wyse paradoksale elemente identifiseer, geld dus ook vir die onderliggende "logiese formule" van hierdie genitiefmetafoor. Op die rol wat die bepaalde artikel in dié verband speel ten opsigte van die verrassende vehicles waardeur snow verteenwoordig word, is reeds hierbo gewys.

Hiermee is Brooke-Rose se uitgebreide subklassifikasie van die nomenmetafoor dan bekend gestel. Dit lei geen twyfel nie dat die sintakties-grammatikale verhoudings tussen woord(soorte) inderdaad die metaforiese proses ingrypend beïnvloed. Dit gaan dan veral om die relasie tussen letterlik en figuurlik gebruikte nomina, wat in Richards se terme aangedui kan word as onderskeidelik tenor en vehicle (fokus by Black). Wanneer die letterlike term glad nie genoem word in die metaforiese uitdrukking nie, is die metafoor beskryfbaar as een van gewone vervanging, en meesal beperk tot voor-die-handliggende of afgesaagde gevalle. Met behulp van Miller se kategorieë kan noodsaaklike nuanserende onderskeidings aangebring word: 'n vergete tenor is die kenmerk van 'n geykte of "dooie" metafoor; 'n versweë tenor wat maklik uit die konteks afgelei kan word, is afgesaagd of niksseggend; 'n gesuspendeerde tenor bring 'n metaforiese verbinding tot stand binne 'n makroskopiese konteks. Die eerste twee gevalle kan geklassifiseer word as vervangingsmetafore, wat volgens Brooke-Rose neig tot die simboliese, weens die moontlikheid dat hulle dikwels òf letterlik òf figuurlik geïnterpreteer kan word. 'n Moontlikheid wat resulteer uit 'n afname aan wisselwerking tussen tenor en vehicle. Daarteenoor is die interaksie tussen tenor en vehicle by gesuspendeerde metafore nie kleiner as by oppervlaktemetafore nie, maar dit fungeer slegs binne 'n groter konteks. Gesuspendeerde metafore hoort dus eerder tuis in 'n volgende kategorie van Brooke-Rose, waar verskeie tipes demonstratiewe formules (waarby die artikels ingesluit sou kon word) identifikasie teweegbring tussen die

twee dele van die metafoor, waarvan enige een gesuspendeer kan wees. In 'n kopulaverbinding word die identifikasie tussen tenor en vehicle op die mees direkte manier gegee in 'n oppervlaktemetafoor waar albei dele van die metafoor in 'n mikroskopiese konteks genoem word. 'n Onderliggende identifikasie deur middel van 'n kopulastruktuur kan egter ook afgelei word binne kleiner en groter kontradeterminerende kontekste van die dubbele relasies wat in die genitiefmetafoor tot stand kom. 'n Gemeenskaplike element in al die subkategorieë blyk dus te wees 'n identifikasie van die letterlike en figuurlike nomina in 'n metaforiese uitdrukking; die manier waarop so 'n identifikasie kommunikeer, hang dan af van die funksie van die grammatikale relasies binne mikroskopiese en makroskopiese kontekste.

1.3.2 Die verbum

Brooke-Rose se tweede hoofkategorie word gewy aan 'n bespreking van die verbum (vergelyk pp.206-237 van haar boek). Die hoofverskil tussen die nomen- (met al sy subkategorieë inbegrepe) en die verbummetafoor lê vir haar in die graad van eksplisietheid. By nomenmetafore word die twee dele van die metafoor met groter of minder duidelikheid, afhangende van die grammatikale skakel, geïdentifiseer: "A is called B". Maar die verbummetafoor verander slegs op 'n implisiete manier die een nomen in die ander, en wel sonder dat dit eksplisiet 'n ander aksie "vervang" (onderstreping van my). As hierdie laaste bewering geldig is, beteken dit dat Black se

(1) The chairman PLOWED through the discussion

Fokus

slegs analiseerbaar sou wees in terme van die interaksie tussen fokus en raamwerk. Die metaforiese term plowed, alhoewel 'n fokus, is dan geen vehicle nie, omdat daar geen sprake kan wees van 'n genoemde, vergete, versweë of gesuspendeerde tenor waarmee dit in wisselwerking sou kon tree nie. Anders gestel: by die verbummetafoor is die interaksie slegs beperk tot dié tussen die metafories gebruikte woord en sy kontradeterminerende sintaktiese omgewing. Binne hierdie sintaktiese omgewing is die verbale fokus nou volgens Brooke-Rose in staat om 'n subjektiewe verandering in die nomina van die raamwerk teweeg te bring: plowed sal chairman hiervolgens verander na ploughman, en discussion sal iets soos

ploughland of ground word. ²⁶⁾ Die verbale fokus is dus in staat om twee ongenoemde nomina te suggereer; nomina wat in Weinrich se terme wel sal ooreenstem met die verwagtingskondisies wat die metafories gebruikte woord vooronderstel by letterlike taalgebruik. Dit beteken egter nie dat 'n mens hiervolgens die verskillende nomina met mekaar sou kon identifiseer en vasvang in dieselfde "logiese formule" wat wel by nomen=metafore toegepas kan word nie. Die verandering wat deur die verbummetafoor plowed bewerkstellig word, sluit dus die volgende rekonstruksie uit:

(33) The CHAIRMAN is a PLOUGHMAN
A/Tenor B/Vehicle

The DISCUSSION is a PLOUGHLAND/GROUND
A/Tenor B/Vehicle

Dit beteken egter verder dat 'n sodanige "logiese formule" ook nie onderliggend is aan die metaforiese aksie wat deur die verbummetafoor gestel word nie. Vir die konsekwensies van so 'n bewering is dit nodig om vir 'n oomblik terug te keer na Black (1962:30-31) en sy verklaring van die betekenis van (1): ²⁷⁾

A plausible commentary...might run somewhat as follows:
"A speaker who uses the sentence in question is taken to want to say something about a chairman and his behavior in some meeting. Instead of saying, plainly or directly, that the chairman dealt summarily with objections, or ruthlessly suppressed irrelevance, or something of the sort, the speaker chose to use a word ('plowed') which, strictly speaking, means something else..."

Dit is duidelik dat Black 'n plaasvervangende letterlike term vir die verbale fokus plowed voorsien. Hiervolgens is die volgende rekonstruksie van die onderliggende "logiese formule" van (1) wel geregverdig:

(34) The action of ruthlessly SUPPRESSING contrary opinions
A/Tenor

is the action of PLOUGHING
B/Vehicle

of

TO SUPPRESS is TO PLOW
A/Tenor B/Vehicle

sal wees tussen adjektiwiese fokus en sintaktiese raamwerk (soos by die verbum); maar daarbenewens sou 'n mens ook bedag moes wees op die moontlike vervanging van 'n letterlike adjektief deur die metafories gebruikte adjektief en 'n gevolglike wisselwerking tussen vehicle en tenor (soos by die nomen). Anders gestel: die figuurlik gebruikte adjektief sou kon fungeer as fokus en ook tegelyk as vehicle. Alhoewel Brooke-Rose dus die interafhanklikheid van die adjektief ten opsigte van die meegaande woordsoorte in die sin beklemtoon, sluit sy hier ten minste nie (soos dit wel by die verbum die geval is) daarom die moontlikheid van identifikasie tussen letterlik en figuurlik gebruikte adjektief uit nie. Een rede vir die interafhanklikheid van die adjektief is dat dit - soos die verbum - nie opgedeel kan word in kleiner betekeniseenhede nie, terwyl die nomen daarenteen 'n hele reeks van attribute verteenwoordig. Om hierdie rede is die verband tussen adjektief en nomen net so belangrik as dié tussen verbum en nomen: "An action or attribute cannot be decomposed, and its full meaning depends on the noun with which it is used" (1958:238).²⁹⁾ Nogtans kan die adjektief soos die verbum op 'n implisiete manier nomina in die sin verander - 'n verandering wat hom onder andere manifesteer in die personifikasie van abstrakte en/of konkrete nomina.³⁰⁾ Ook Karrer (1971:32) wys op die impliserende funksie van adjektiewe in 'n personifikasie soos Thomas se:

(36) His NAKED need STRUCK him
Fokus Fokus

In die bogenoemde geval is die verbum struck natuurlik medeverantwoordelik vir die impliserende verandering van die nomen - 'n verskynsel wat volgens Karrer heel dikwels in Thomas se poësie voorkom. Die adjektief kan egter ook interessant genoeg deur die impliserende personifikasie van een nomen 'n tweede nomen suggereer, wat die ongenoemde tenor is van die geïmpliseerde vehicle. Vergelyk nog 'n voorbeeld uit Thomas se poësie:

(37) Whales unreigned from the GREEN grave (sea)
Fokus

Die adjektief green personifieer die nomen grave, waardeur dit by implikasie 'n vehicle word met 'n gesuggereerde versweë tenor sea. Uit die bogenoemde voorbeeld blyk duidelik hoe verstrekkend die semantiese implikasies van 'n interaksie tussen adjektiwiese fokus en kontradeterminerende sintaktiese raamwerk kan wees.³¹⁾

Sowel Brooke-Rose as Karrer beklemtoon dus die interaksie tussen die metafories gebruikte adjektief en ander woordsoorte (veral die nomen) in die sintaktiese konteks. Dit is hierdie impliserende krag van die adjektief wat sterk herinner aan die attributiewe funksie van die verbum (kyk voetnoot 28). Ten spyte van sy sterk verbale element kan die adjektief egter baie soos die nomen wees. Brooke-Rose merk op dat 'n adjektief soos thoughtless in

(38) They look in every THOUGHTLESS nest

Fokus

in werklikheid 'n nomen is met slegs 'n adjektiwiese suffiks. Karrer (1971: 34) verskaf trouens 'n hele paar voobeelde waar die nomen onveranderd gebruik is in 'n adjektiwiese funksie: "grave sea", "calm wind", "waste seas", ens. In hierdie gevalle gaan dit nou om 'n identifiserende en nie 'n attributiewe funksie nie. Karrer pas hier De Villiers se "logiese formule" toe om die onderliggende identifikastruktuur van die bogenoemde gevalle bloot te lê:

(39) Die SEE is 'n GRAF

A/Tenor B/Vehicle

Die WIND is (paradoksaal) 'n WINDSTILTE

A/Tenor B/Vehicle

Die SEE is WOESTENY/WILDERNIS

A/Tenor B/Vehicle

Die metaforiese proses berus dus in die bogenoemde gevalle op 'n interaksie tussen tenor en vehicle, waarby die vehicle, alhoewel teenwoordig in die teks, tog nie eksplisiet 'n genoemde nomenvehicle is nie. 'n Mens sou hier moes praat van 'n grammatikale of "woordsoortelike" verskuilde vehicle, met myns insiens die implikasie dat die adjektiwiese gedaante daarvan sorg vir 'n attributiewe náás 'n identifikasie verhouding. Anders as Brooke-Rose en Karrer wat die adjektiefmetafoor bespreek as òf impliserend en attributief òf identifiserend, sou ek wou beweer dat die adjektief in die eerste plek attributief fungeer en in die tweede plek identifiserend is, maar dan met behoud van attributiewe assosiasies. Naas die identifikasie van see met graf, waarby die see 'n instrument van die dood word, verkry hierdie see ook attributief die kenmerk van "ernstig of somber of diep of gewigtig", sodat die see gesien as graf daardeur wen aan inhoud.

Dat die metafores gebruikte adjektief nie in 'n verhouding van identifikasie sy attributiewe funksie noodwendig hoof in te boet nie, kan duidelik gesien word uit die volgende parallelle struktuur:

(40) And as I was GREEN and CAREFREE
B/Vehicle A/Tenor

Tenor en vehicle spesifiseer mekaar wedersyds maar kwalifiseer terselfdertyd nog altyd die pronomens I; dus: die identifiserende verwantskap sluit nie die attributiewe funksie uit nie. ³²⁾

Hiermee is dan alle woordsoorte gedek wat met Ingendahl (1971:42) "inhaltsreich" genoem kan word. Brooke-Rose (1958:249-264) betrek ook nog suiwer grammatikale woordsoorte soos adverbiala, pronomina, preposisies, ens. Die onderskeid tussen enersyds hoofkategorieë soos nomina, verba en adjektiewe, en andersyds subkategorieë soos adverbiala, preposisies, pronomina, ens. word vry algemeen getref. Ten opsigte van die metafoor kan 'n mens dan voorlopig hierdie onderskeid handhaaf, en volstaan met die volgende uitspraak van Ingendahl:

...gerade die Metapher braucht zu ihrer Konstituierung inhaltsreiche Wörter, und sie braucht Funktionalia, die ihre Setzung vollziehen und verstehen helfen. Die nicht metaphorisierbaren Wortarten bleiben also als Metaphorizitätsanzeiger oder Hilfsmittel zur Metaphernbildung in der Abhandlung erhalten (1971:41).

Let egter in hierdie verband daarop dat nie alle adverbiala uitgesluit is van metaforisering nie. Sommige adverbiala is óf vervorm uit adjektiewe (beautiful/beautifully), óf is adjektiewe wat diens doen as adverbiala. Ingendahl praat in sulke gevalle van "Adverbialadjektive" (1971:40) en vestig die aandag daarop dat sulke tipe adverbiala op dieselfde manier as adjektiewe fungeer in die metaforiseringsproses.

Woordsoortonderskeiding is volgens die bostaande betoog uiters relevant vir 'n analise van metafores gebruikte woorde. Interaksie tussen woorde uit dieselfde kategorie, maar ook wedersydse beïnvloeding van woorde uit verskillende kategorieë is beslissende faktore in enige metaforiese proses. Die verhouding tussen woord en sin, maar ook die groter verwysende wisselwerking tussen woorde in makroskopiese tekste word belig in 'n ondersoek na die funksie(s) van verskeie woordsoorte in figuurlike taalgebruik.

1.4 Sintagmatiese en paradigmatische relasies binne strukturalistiese linguistiek - Geoffrey N. Leech, Werner Ingendahl en Harald Weinrich

Die Switserse taalwetenskaplike, Ferdinand de Saussure (1857-1913), word beskou as die vader van die Europese strukturalistiese linguistiek.

Volgens Dinneen (1967:196) kan van sy belangrikste bydraes tot die taalwetenskap opgesom word deur 'n verwysing na terme wat De Saussure òf gekombineer het òf waarop hy 'n karakteristieke stempel afgedruk het:

- (1) die onderskeid tussen "la langue", "la parole", en "le langage";
- (2) die onderskeid tussen diachroniese en sinchroniese taalstudie;
- (3) sy definisie van die "linguistiese teken";
- (4) die onderskeid tussen assosiatiewe en sintagmatiese verhoudings in taal
- (5) die nosie van inhoud, soos afgegrens teenoor linguistiese betekenis ("signification") en waarde; en
- (6) sy beskrywing van die konkrete en abstrakte eenhede van taal.

Hiervan is (4), naamlik die onderskeid tussen assosiatiewe en sintagmatiese verhoudinge in taal, van direkte relevansie vir 'n beskrywing en herkenning van metaforiese taalgebruik. Dinneen wys vervolgens daarop dat die lineêre kenmerk van die linguistiese teken die basis vorm vir só 'n onderskeiding:

"Syntagmatic relations which hold between the successive members of a given chain, are called relations in praesentia, since the terms of the relations are actually co-occurrent items" (1967:205) Enige skakel in hierdie suksessiewe kombinasie van taalelemente sal nou ander taaleenhede kan suggereer, omdat sulke taaleenhede òf met mekaar ooreenstem òf van mekaar verskil in vorm en betekenis. Dinneen vervang De Saussure se Franse voorbeeld "enseignement" met die Engelse ekwivalent "teaching", en toon dan aan dat woorde met dieselfde uitgang, soos "walking", "riding" formeel daarmee ooreenstem, terwyl woorde soos "tutor", "mentor" ten opsigte van "teaching" vergelykbaar in betekenis, maar verskillend in vorm is. Anders as by sintagmatiese relasies kan 'n mens dan sê:

"Associative relations are called relations in absentia, since the terms consist of an item present in the utterance and others that are not actually in the utterance" (1967:205). De Saussure se tipering vir die laaste soort relasie word egter nie behou nie: in plaas van "assosiatief" stel die Deense linguïst, Louis Hjelmslev, die term "paradigmaties" voor - 'n term wat dan sedertdien gebruik word as die teenpool vir "sintagmaties".³ Vergelyk byvoorbeeld ook Leech (1966:145) se onderskeiding tussen dié twee pole ten opsigte van "poetic figures":

Figures can be initially classified as either syntagmatic or paradigmatic. An elementary distinction is often made between these two complementary aspects of linguistic patterning: items are associated syntagmatically when they combine sequentially in the chain of linguistic events, and paradigmatically when they enter into a system or set of possible selections at one point in the chain.

In voorbeelde van metaforiese taalgebruik soos Thomas se

- (41) All the sun long
a grief ago
farmyards away

kry 'n mens nou 'n onbeperkte keurse van nomina (farmyards, sun, grief) in 'n posisie waar normaalweg slegs 'n beperkte keuse van nomina aangestref word (in die laaste geval nomina soos inches, feet, miles, wat lineêre metingseenhede is). Leech stel hierdie ongewone aanwending van keusemoontlikhede in 'n semantiese paradigma dan skematies soos volg voor:

- (42) NORMAL PARADIGM

inches	away
feet	
yards	
etc.	

NEW PARADIGM

inches	NORMAL	away
feet		
yards		
etc.		
farmyards	DEVIANT	

Leech beskryf die uitwerking van so 'n ongewone keuse soos farmyards gekombineer met away in (42) in terme wat sterk herinner aan Weinrich se karakterisering van die metafoor as 'n woord in 'n kontradeterminerende konteks: "The effect of this is to upset the normal system of contrasts at this place in structure, and to substitute a new dual opposition between the deviant occurrence and the expected set" (1966:142). Dit is egter slegs 'n gedeeltelike ooreenstemming: Leech begin wel deur op te merk dat die ongewone of afwykende keuse opval binne 'n bepaalde lineêre kombinasie "at this place in structure"; daarna is die wisselwerking egter tussen farmyards en die "expected set" wat deur away in die vooruitsig gestel word. Vandaar dat De Saussure se assosiatiewe of paradigmatische relasies hierbo gekarakteriseer is as verhoudings in absentia. In terme van dié opvattinge wat alreeds bespreek is, sou 'n mens kon sê die eerste gedeelte van Leech se karakterisering gee die funksie weer van 'n fokus binne 'n kontradeterminerende raamwerk voorgestel deur "away"; die tweede gedeelte verwys egter na die interaksie tussen farmyards as vehicle en die ongenoemde moontlike tenor(s) inches, feet en yard. Vir Leech ontbloom die verhouding tussen fokus en raamwerk dus wel die afwykende of metaforiese taalgebruik; die eintlike metaforiese proses setel nietemin in die wisselwerking tussen vehicle en ongenoemde tenor(s).

'n Mens sou kon sê dat Leech soos Black en Weinrich let op die relasie tussen die metafories gebruikte woord (fokus by Black en afwykende item by Leech) en die onmiddellike letterlike sintaktiese omgewing (raamwerk by Black en kontradeterminerende konteks by Weinrich) waarbinne so 'n woord voorkom. Daar is egter belangrike aksentverskille: Black en Weinrich karakteriseer kompleterend die wedersydse wisselwerking tussen fokus en raamwerk as 'n proses waardeur aan sowel die fokus as die onderskeie leksikale items in die raamwerk van die metaforiese uitdrukking 'n ander signifikans toegeken word as die gewone betekenis van sulke woorde; Leech beskryf die funksie van die letterlike raamwerk as sy assosiatiewe vermoë om 'n aantal items te suggereer wat 'n "collocational core" (1966:143) vorm en wat gewoonlik voorkom op dié plek in die sintaktiese struktuur waar die afwykende item in 'n metaforiese uitdrukking aangetref word. In terme van die Saussureaanse onderskeiding is Black en Weinrich se benadering 'n beklemtoning van sintagmatiese verhoudings in praesentia, terwyl Leech die funksie van paradigmatiese relasies in absentia ekspliseer. Die konsekwensies van Leech se stand-

punt word deur homself soos volg geformuleer: "Hence... it is within the capability of metaphor (as opposed to simile) ³⁴ to suggest a connexion between the explicit vehicle (represented by the deviant item) and a less tangible cluster of associations constituting the tenour (and represented by the 'core' of customary collocations)" (1966: 144). Sō 'n tipering van die metaforiese proses stem natuurlik ooreen met Brooke-Rose se karakterisering van gewone vervangings=metafore, waar 'n "aanwesige" nomenvehicle sy ongenoemde nomentenor implisiet betrek. Dit dek egter nog nie gevalle soos die volgende waar die fokus van die metaforiese uitdrukking nie 'n nomen is nie:

- (1) The chairman PLOWED through the discussion
Fokus
- (3) An ARGUMENTATIVE melody
Fokus
- (4) BLOTTING-PAPER voices
Fokus
- (36) His NAKED need struck him
Fokus
- (37) Whales unreigned from the GREEN grave
Fokus
- (38) They look in every THOUGHTLESS nest
Fokus

By 'n bespreking van (1) hierbo is reeds gewys op die moontlikheid van verskillende verklarings vir die funksie van verbummetafore: Brooke-Rose sien die metaforiese proses as uitsluitlik beperk tot 'n impliserende krag van verbale fokus op letterlike nomina uit die raamwerk; Black erken daarnāās ook 'n wisselwerking tussen verbale vehicle en verbale (ongenoemde) tenor(s). Dieselfde metaforiese uitdrukking word dus in Leech se terme verklaarbaar as ōf 'n byna uitsluitlik sintagmatiese, ōf 'n oorwegend paradigmatische verskynsel. Ook die adjektiewiese fokus kan dubbelslagtig fungeer: ōf attributief en impliserend soos Brooke-Rose se verbummetafoor, ōf identifiserend soos 'n nomen. Karrer wys in sy bespreking van (36) en (37) op die impliserende krag van die adjektiewe naked en green op die aanwesige nomina in hulle onmiddellike sintaktiese omgewing; Brooke-Rose, daarenteen, sien die funksie van die adjektief

thoughtless in (38) as identifiserend ten opsigte van die nomen nest. Let op dat die interaksie tussen adjektiwiese fokus en nominale item in (36) en (37) volgens die bostaande verklaring 'n sintagmatiese relasie beklemtoon en dus vergelykbaar is met Brooke-Rose se siening van die verbummetafoor in (1). Daarenteen is die identifiserende relasie tussen die adjektiwiese vehicle thoughtless en die naasliggende nomen nest in (38) NIE vergelykbaar met Black se verklaring van die verbummetafoor in (1) nie. Anders gestel: daar is nie sprake van 'n paradigmatische relasie tussen gegewe adjektiwiese vehicle en ongenoemde adjektiwiese tenor nie - die adjektief thoughtless is naamlik slegs 'n grammatikaal-verdoeselde nomenvehicle (volgens Brooke-Rose), wat dan identifiserend optree ten opsigte van 'n gegewe nomentenor. Dit beteken nietemin geensins dat die adjektiefmetafoor nie ook paradigmaties sou kon fungeer nie. Vergelyk hiervoor die volgende voorbeeld van Ingendahl (1971:85):

(43) Das Gestein in diesem Streb ist FAUL

Vehicle

Faul is in die bogenoemde metaforiese uitdrukking in Leech se terme 'n afwykende item, wat onbeperk geselekteer is in 'n posisie waar daar volgens Ingendahl normaalweg eerder adjektiewe soos brüchig, mürbe, schlecht, lästig en selfs gefährlich sal voorkom. Hier is dan interaksie tussen adjektiwiese vehicle en ongenoemde moontlike tenor(s) - dus dieselfde soort wisselwerking wat Leech gekarakteriseer het as 'n paradigmatische relasie ten opsigte van die nomenmetafoor in Thomas se "farmyards away".

Dit is blykens die voorgaande nodig om die paradigmatische relasie tussen genoemde nominale vehicles en ongenoemde tenors (Leech) uit te brei om ook soortgelyke verbaal- en adjektiwies-fungerende fokusse in te sluit. Ingendahl (1971:49) wys indië verband daarop dat die implementering van nominale, verbale of adjektiwiese aspekte in 'n metaforiese uitdrukking sal afhang van die wyere (dus: makroskopiese) konteks waarin so 'n uitdrukking voorkom. Uit so 'n groter konteks sal bepaal kan word of dit daarin hoofsaaklik gaan om onderwerpe, handeling of eienskappe, in welke geval respektiewelik nomina, verba of adjektiewe die metafo-risering in so 'n konteks sal bepaal.

Uit die bespreking tot dusver word dit duidelik dat alle metaforiseerbare woordsoorte, dit wil sê nomina, verba en adjektiewe sowel sintagmaties as paradigmatisies gedetermineer word. Die volgende uitspraak van Ingendahl inkorporeer die kompleterende en/of soms uiteenlopende opvattinge van Black, Weinrich, Brooke-Rose, Karrer en Leech in dié verband:

Die Metapher ist ein Wort in einem Kontext, von dem es als solche determiniert wird; verständlich wird sie aus der Beziehung

a. zu den Inhaltlich-nachbarn im Sinnbezirk (paradigmatische Beziehung),

b. zu den Nachbarn im Kontext (syntagmatische Beziehung).

Als Metapher kommt das Wort aus solchen Beziehungen und geht wieder solche Beziehungen ein; beim metaphorischen Prozess wandeln sich Art und Bezugspunkte der Beziehungen (1971:67).

Ten opsigte van spesifiek paradigmatisiese relasies is dit verder belangrik om daarop te let dat Leech se "collocational core" by Ingendahl 'n "Sinnbezirk" word. Leech se enigins vae verwysing na woorde wat gewoonlik in bepaalde posisies met ander woorde in die sin gekombineer kan word, word by Ingendahl 'n spesifieke inkorporering van sulke woorde binne die semantiese veldteorie van Weisgerber. Die sentrale tese van so 'n teorie is natuurlik dat die woordeskat van 'n taal 'n geïntegreerde sisteem van inhoudelik samehangende leksikale items is. Sô 'n geïntegreerde woordeskat kan dan ingedeel word in semantiese velde: "Ein Sprachbestand ist nach den inhaltlichen Bezügen seiner Elemente gegliedert in Sinnbezirke..." (Ingendahl, 1971:67). Die metaforiese proses is vervolgens beskryfbaar as 'n wisselwerking tussen semantiese velde: 'n woord uit een semantiese veld word geprojekteer op 'n woord in 'n ander semantiese veld, waarbinne dit dan "opgeneem" word.³⁵⁾ Vergelyk in hierdie verband weer die Verlaineevoorbeeld wat deur Weinrich aangehaal is:

(9) Votre âme est un paysage choisi

Tot sover is Weinrich gesitêr vir sy karakterisering van die metafoer as 'n woord in 'n kontradeterminerende konteks - 'n beklemtoning van die sintagmatiese relasies van die metafoer dus. Weinrich is egter óók bewus van die feit dat die metafoer benewens sintagmatiese ook paradigmatisiese relasies vertoon: "Das einzelne Wort (oder genauer das Monem) gehört nicht nur in die syntagmatische Ordnung des Textes, sondern auch in die paradigmatische Ordnung des WORTFELDES" (1967:11). In (9) word dan twee verskillende woordvelde aangetref: dié van die siel en

dié van die landskap, en hulle dra met hulle saam in die konteks 'n bewuswees van hulle "Feldnachbarn". Paysage word nietemin geprojekteer op die woordveld van âme, en uiteindelik daarin "opgeneem" volgens Ingendahl. Weinrich toon dus eers aan hoe die kontradeterminerende raamwerk van (9) die signifikans van die fokus paysage bepaal; daarna word die woordveld van die vehicle paysage geprojekteer op die woordveld van die tenor âme. Vergelyk hier ook weer Black se

(8) Man is a wolf

Let daarop dat Weinrich se eksplisering van die paradigmatische funksionering van paysage in (9) vergelykbaar is met Black se verduideliking van die manier waarop die fokus wolf in (8) bepalend sou wees vir die leser se siening van die tenor man uit die letterlike raamwerk. Black se "system of associated commonplaces" vir die fokus wolf, sou dan terselfdertyd die paradigmatische ordening daarvan as vehicle in 'n semantiese woordveld verklaar.

Hierdie laaste voorbeelde van Black en Weinrich is terselfdertyd 'n aanduiding van die feit dat paradigmatische relasies ook voorkom by oppervlaktemetafore. Sowel die vehicle as die tenor kan aanwesig wees en nogtans deur die verbinding van die twee woordvelde paradigmaties gedetermineer word. Leech se tipering van die metafoor as 'n paradigmatische verskynsel is dus te beperk, omdat hy slegs die wisselwerking tussen 'n vehicle, verteenwoordig deur 'n afwykende item, en die geïmpliceerde tenor(s) wat dit vervang, dek in sy eksplisering van "farmyards away". Weinrich se voorbeeld (èn die manier waarop hy dit verduidelik) stel egter ook ondubbelsinnig die paradigmatische saam met die sintagmatiese as tegelyk werksaam in metaforiese uitdrukkings, waar die tenor saam met die vehicle mag voorkom.

Onderliggend aan die bogenoemde sintagmatiese en paradigmatische ordening van die metafoor is vir Georges Lüdi (1973) die beginsels van respektiewelik inkongruensie en analogie. Sy verklaring van sintaktiese inkongruensie in 'n metaforiese uitdrukking herinner aan Leech se tipering van die metafoor as 'n paradigmatische verskynsel: sô 'n inkongruensie word naamlik volgens Lüdi (1973:70) gemanifesteer in 'n inkongruensie tussen die eienskappe van die gemetaforiseerde teken (dit wil sê die metafories ge-

bruikte woord) en die kenmerke wat deur die konteks vir die posisie van die gemetaforiseerde teken in die sin gepostuleer is. As die woord posisie weggelaat word uit die bostaande uiteensetting, is die ooreenkoms met Black en Weinrich se figuurlike fokus en die letterlike sintaktiese raamwerk waarbinne dit voorkom eweneens duidelik. In sy subkategorisering van die metafoer inkorporeer Lüdi verder ook Brooke-Rose se beklemtoning van die metafoer se grammatikale relasies, deurdat hy die inkongruente kenmerke beskryf van nomen-, adjektief- en verbummetafore. 'n Mens sou dus kon sê dat die metafoer as 'n sintagmatiese verskynsel vir Lüdi berus op sintaktiese inkongruensie, wat waarneembaar word aan die spanning tussen nominale, adjektiewiese of verbale fokusse en hulle kontradetermienerende kontekste. Die verskil tussen Lüdi en die bogenoemde outeurs lê opgesluit in die gebruik van die woord kenmerke (of eienskappe) hierbo. Waar Black en Weinrich aanvaar dat die leser sinne soos (8) en (9) as metafories sal ervaar, skryf Lüdi so 'n herkenning van 'n metaforiese uitdrukking toe aan die botsing tussen kenmerke soos menslik/dierlik (vir Black se man/wolf) en abstrak/konkreet (vir Weinrich se âme/paysage). By 'n interpretasie van die metafoer in 'n betekenisvolle uitdrukking is die noodsaak vir een of ander graad van ooreenkoms tussen man/wolf en âme/paysage egter 'n vereiste. Man kan byvoorbeeld geassosieer word met wolf op grond van 'n gemeenskaplike eienskap soos wreed; âme kan geïdentifiseer word met paysage, omdat 'n eienskap soos skoonheid waarskynlik op albei betrekking kan hê. Ook Leech se Thomasvoorbeeld, "farmyards away", sal in Lüdi se terme interpreteerbaar wees weens die feit dat, alhoewel nie 'n lineêre metingseenheid nie, farmyards wel die kenmerk afstand deel met nomina soos inches, feet en yards - 'n kenmerk wat in die sintaktiese posisie wat deur farmyards gevul word, vereis word deur away.

Ten slotte: elke metaforiese uitdrukking bevat 'n horisontale inkongruensie, wat die identifiseringsproses tussen lineêre sintakties gegroepeerde leksikale items versteur (Lüdi, 1973:52-53). Terselfdertyd bevat elke metaforiese uitdrukking egter ook 'n heenwysing na assimilasie, en daarmee na assimileerbare kenmerke tussen woorde uit verskillende semantiese velde (Lüdi, 1973:67). Samevattend, ten opsigte van die verskillende teoretiese uitgangspunte hierbo, kan gesê word dat die sintagmatiese relasie van die metafoer gekenmerk word deur 'n inkongruente horisontale groepering van fokus/afwykende item en raamwerk/kontradetermienerende konteks. Daarenteen veronderstel die paradigmatische relasie

'n analogiese basis tussen die semantiese velde van enersyds genoemde vehicle en andersyds genoemde, versweë of gesuspendeerde tenor. Alle metaforiseerbare woordsoorte word sowel sintagmaties as paradigmatis gedetermineer; by die interpretasie van die metafoor is die sintagmatiese interaksie tussen fokus en raamwerk, náás die paradigmatisiese wisselwerking tussen vehicle en tenor, egter veral by verbale en adjektiwiese fokusse sterk op die voorgrond.

1.5 Die metafoor as reëloorskryding binne transformasionele generatiewe grammatika

In die vorige afdeling is daarop gewys dat Leech (1966) die metaforiese gebruikte woord in Thomas se "farmyards away" 'n afwykende item noem, wat hy dan verder omskryf as 'n "unique deviation which is meaningful" (1966:141).³⁶ Alhoewel Leech die metaforiese afwykende woord beskou in sy paradigmatisiese relasie binne 'n strukturalisties-linguistiese raamwerk, is dit veral die transformasioneel-generatiewe grammatika wat poëtiese en ander vorme van literêre taalgebruik ondersoek as 'n afwykende vorm van standaard taalgebruik. As Leech dus sê "...literature is the creative use of language; and this, in the context of general linguistic description can be equated with use of unorthodox or deviant forms of language" (1966:136), hoort s6 'n bewering tuis binne 'n transformasioneel-generatiewe benadering.

1.5.1 Die Aspects-model

Die analise en bespreking van metaforiese taalgebruik binne die raamwerk van Transformasionele Generatiewe Grammatika (hierna TGG) het sy vertrekpunt by 'n versameling reëls bekend as 'n grammatika soos uiteengesit in die Aspects-model (Chomsky, 1965). Oortreding van verskillende soorte reëls het binne so 'n teoretiese raamwerk verskillende soorte ongrammatikale sinne tot gevolg. Die onderskeid wat Chomsky (1965:148-153) tref tussen grammatikale en ongrammatikale sinne stem dikwels ooreen met 'n skeiding tussen standaard of normale taalgebruik aan die een kant en poëtiese en/of literêre taalgebruik aan die ander kant. Daarom dat Levin (1965a:258) kan beweer: "If the sentence is poetic, it will frequently turn out that the grammar will judge it to be grammatically

deformed somehow, in the sense that it is not generable by the grammar". Metaforiese uitdrukkings behoort dus hiervolgens een of ander reël van grammatikale welgevormdheid van sinne te oortree. Voordat gespesifiseer word om watter rede metaforiese uitdrukkings as grammatikaal afwykend beskryf sou kon word, kan eers gekyk word na 'n aantal sinne uit prosa en poësie waar verskeie soorte reëls oortree word. Rosemarie Gläser (1971:266-268) ekspliseer dergelike reëloortredings in literêre taalgebruik aan die hand van Chomsky se Aspects-model:

Violations of the phonological norm (phonological rules of the surface structure respectively) will be easily discovered in such sentences as these from Arnold Wesker's Roots:

(44) Watcha Jimmy Beales, how you doin', bor?

(watcha = what you, expressing a greeting, "hallo";
doin' = doing; bor = neighbour).

Context-free sub-categorization rules, e.g. morphological rules of well-formedness, are violated in the following case:

(45) His wife driv him up in the ole Armstrong

(drive = drove)

Mother reckon some people get indigestion so bad that
go right through their stomach to the back.

(reckon = reckons; so bad = badly; go = it goes)

Other deviations from context-free sub-categorization rules are demonstrated by the following examples:

John Heath-Stubbs, Selected Poems:

(46) I invoke the ambiguous veiled Venuses

In their avatars

(Venus has the syntactic marker [-plural] as a proper noun).

Dylan Thomas:

(47) Myselfes

The grievors

Grieve

(Myself shares the feature [-plural]).

Virginia Woolf, To the Lighthouse:

(48) That was the view, she said, stooping, growing

greyer-eyed, that her husband loved.

(syntactic marker [-comparable]).

Deviations from context-sensitive sub-categorization rules may concern strict sub-categorization rules and selectional rules.

A strict sub-categorization rule is violated when verbs are used in new syntactic functions, as does Dylan Thomas:

(49) There could I marvel my birthday away

(Marvel has the syntactic marker [-transitive], marvel away may be understood as a nonce formation of a phrasal verb or rather a contamination between "marvel at" and "twaddle away").

Deviations from selectional rules are in fact the source of many figures of speech such as metaphors, synaesthesia, personification, simile, metonymy and oxymoron. Dylan Thomas begins a poem:

(50) A grief ago

She who was who I hold, the fairs and flowers ...

Figures like these are based on structural incompatibility or incongruence, since ago presupposes a noun with the semantic marker [+temporal]. 37)

Vir die doeleindes van 'n beskrywing van metaforiese taalgebruik binne 'n TGG-raamwerk kan oortredinge van konteks-vrye reëls soos geëkspliseer in (44) tot (48) voorlopig buite rekening gelaat word.³⁸⁾ Voordat nader ingegaan word op die oortredinge van konteks-sensitiewe reëls (streng subkategorisasie- en seleksiereëls) is dit nodig om te spesifiseer watter kenmerke behoort tot die leksikale inskrywing van 'n leksikale item. Die leksikale kenmerke bestaan uit drie soorte:

- i. kategoriale kenmerke, wat die grammatikale klas (woordsoort in tradisionele grammatika) aandui waartoe 'n leksikale item behoort - by die werkwoord marvel in (49) sal die kenmerk [+V] spesifiseer dat dit 'n verbum is;
- ii. streng subkategorisasiekenmerke, wat 'n kategorie (bv. N of V) onderverdeel in subkategorieë deur te spesifiseer in watter kategoriale omgewing (soos gedefinieer deur terme soos NP (nominale frase), VP (verbale frase), PP (preposisionele frase) ens.) 'n leksikale item mag voorkom. By nomina staan byvoorbeeld aangegee of dit met of sonder artikel gebruik word [+Art ____], by verba word aangedui of dit transitief of intransitief is [+____ NP] of [+____] onderskeidelik. In die eerste geval sal 'n nomen soos perd byvoorbeeld net mag voorkom in 'n nominale frase (NP), wat 'n artikel bevat in die omgewing onmiddellik voor die betrokke kategorie N (perd). In die tweede geval mag 'n verbum soos marvel in (49) nie voorkom in 'n verbale frase (VP), wat 'n objek NP insluit nie;
- iii. seleksiekenmerke, wat verwys na die leksikale omgewing waarin 'n

leksikale item mag voorkom, en dan veral na daardie leksikale items waarmee die item onder bespreking 'n grammatikale relasie toon. So vereis die leksikale item ago in (50), omdat dit die seleksiekenmerk [+Temporeel] het, dat dit gekombineer sal word met 'n nomen wat die semantiese merker (Temporeel) het.

Oortredinge van die bostaande reëls het nie net verskillende soorte ongrammatikale sinne tot gevolg nie maar dit vorm ook die basis vir 'n gradering van grammatikaliteit. Chomsky (1965:152-153) illustreer so 'n gradering deur telkens die verbum te verwissel binne dieselfde sin:

- (51) i. Sincerity may frighten the boy
ii. Sincerity may virtue the boy
iii. Sincerity may elapse the boy
iv. Sincerity may admire the boy

Sin (51) (i) is volkome grammatikaal, omdat die verbum frighten al die vereiste kenmerke besit wat 'n welgevormde kombinasie met ander leksikale items sal verseker. Dit is 'n verbum, dit word as transitiewe verbum gevolg deur 'n objek NP, en dit word voorafgegaan deur 'n subjek NP met die kenmerk [+Abstrak] en gevolg deur 'n objek NP met die kenmerk [+Lewend]. Anders gestel: die leksikale item frighten oortree geen kategoriale, subkategorisasie- of seleksiereëls nie en besit dus volgens Chomsky onder andere die volgende kenmerke: [+V , +__NP], [+Abstrak] ... __ ... [+Lewend]]. In teenstelling tot sin (51)(i) is die reekse (51)(ii) tot (iv) afwykend om die volgende redes: by (ii) is daar oortreding van 'n kategoriale reël as die adjektief virtue fungeer as verbum; by (iii) word 'n subkategorisasiekenmerk oortree as die intransitiewe verbum elapse gevolg word deur 'n objek NP; by (iv) is daar oortreding van seleksiereëls as die verbum admire voorafgegaan word deur 'n subjek NP met die kenmerk [+Abstrak] i.p.v. [+Lewend]. Omdat die reëls vir die leksikale item frighten georden is, redeneer Chomsky (1965) nou dat oortredinge van die afsonderlike reëls 'n gradering van grammatikaliteit moontlik maak:

The deviance is the greater the higher in the dominance hierarchy is the feature corresponding to the rule that is relaxed. In the example given ((51)(i) hierbo) then, deviance would be greatest if the item substituted for frighten is a Non-Verb (soos in (51)(ii)), less great if it is a Verb but a non-Transitive Verb (soos in (51)(iii)), and still less great if it is a Transitive Verb that does not take an Abstract Subject (soos in (51)(iv)) - (1965:153).

Dit is belangrik om daarop te let dat sinne wat seleksiereëls oorskry 'n relatief lae graad van sintaktiese ongrammatikaliteit vertoon, omdat hulle skendings of afwykings is van relatief "laat" reëls. Dat sinne waarin oorskrydings van seleksiereëls voorkom minder ernstige verbrekings van die eise van welgevormde reekse voorstel, word ook duidelik uit die volgende gradering vanaf ongrammatikaliteit tot grammatikaliteit wat deur Thomas (1969:38) gegee word:

- | | | | |
|------|--|---|---|
| (52) | i. The wrote comedy amusing man English an | } | A |
| | ii. Wrote the comedy amusing Englishman an | | |
| | iii. An Englishman happy the amusing comedy | } | B |
| | iv. An Englishman slept the amusing comedy | | |
| | v. An Englishman wrote the amusing sincerity | | |
| | vi. An Englishman wrote the amusing comedy | } | C |

In hierdie sinne is dié in A ongrammatikaal, dié in B semi-grammatikaal en dié in C grammatikaal. ³⁹⁾

Thomas maak 'n verskil tussen enersyds sinne soos (52)(i) en (ii), wat "operasionele foute" of "errors of sentence formation" verteenwoordig, en andersyds sinne soos (52)(iii) tot (v), wat "taksonomiese foute" of "errors of word classification" voorstel. Thomas se onderskeid tussen grammatikaal en semi-grammatikaal, asook Chomsky se gradering van Thomas se groep B vanaf relatief meer na relatief minder grammatikaal, hang ten nouste saam met die moontlikheid om aan afwykende sinne 'n interpretasie toe te ken. Hörman (1971:311) haal 'n teen hierdie tyd beroemde voorbeeldsin van Chomsky aan, waar seleksiekenmerke oorskry word (dus 'n semi-grammatikale sin), maar gee dit terselfdertyd ook weer in 'n ongrammatikale vorm:

- (53) i. Colorless green ideas sleep furiously
ii. Sleep colorless ideas furiously green

Die eerste sin is betekenisloos maar tog nog sintakties grammatikaal; die tweede sin is betekenisloos en ongrammatikaal. Anders gestel: die eerste sin het nog genoeg strukturele "welgevormdheid" om die moontlikheid van interpretasie na analogie van welgevormde sinne, wat nie seleksiereëls oorskry nie, in die vooruitsig te stel. Om hierdie rede noem Abraham en

Braunmüller (1971b:121) sinne soos dié in (52)(iii) tot (v) en (53)(i) semi-grammatikaal en voorbeelde van potensiële metaforiese uitdrukkings; sinne soos dié in (52)(i) en (ii) asook (53)(ii) is egter ongrammatikaal en in teenstelling tot semi-grammatikale sinne volgens hulle NIE potensiële metaforiese uitdrukkings nie. Vir 'n karakterisering van dié tipe semi-grammatikale sinne wat potensiële metafore bevat, kan 'n mens dan ten slotte Katz (1964:410) se tipering van 'n "semi-sentence" aanhaal: "...we shall say ...that a semi-sentence is a string that has not deviated from grammaticality so far that it no longer has sufficient structure to be understood".

'n Metaforiese uitdrukking kan aan die hand van die bogenoemde uiteensetting van soorte grammatikaliteit dus geplaas word binne die kategorie van semi-grammatikale sinne, sodat dit afgegrens is van aan die een kant ongrammatikale en aan die ander kant ten volle grammatikale sinne. Binne die verskillende tipes semi-grammatikale sinne word dit as konteks-sensitiewe oorskryding gegroep saam met 'n verbreking van streng subkategorisasiereëls, maar onderskei van die "ernstiger" grammatikale oortreding waar 'n kategoriale kenmerk veronagsaam word. Binne die raamwerk van konteks-sensitiewe reëls word uiteindelik slegs 'n oorskryding van seleksiebeperkings gereserveer vir potensiële metaforiese taalgebruik.⁴

1.5.1.2 Die metafoer as 'n oorskryding van seleksiebeperkings - Robert J. Matthews


Teoretici wat die metafoer probeer verklaar en beskryf as 'n oortreding van seleksiereëls neem die volgende uitspraak van Chomsky (1965:149) as vertrekpunt:

Sentences that break selectional rules can often be interpreted metaphorically (particularly, as personification...) or allusively in one way or another, if an appropriate context of greater or less complexity is supplied. That is, these sentences are apparently interpreted by a direct analogy to well-formed sentences that observe the selectional rules in question.

Chomsky se eerste stelling, naamlik dat 'n oorskryding van seleksiereëls dikwels lei tot personifikasie, kan nader bekyk word aan die hand van sy eie dikwels aangehaalde konstruksie:

(53) i. Colorless green ideas sleep furiously


Dit is 'n voorbeeld van 'n semi-grammatikale sin waarin geen kategoriale of subkategorisasiereëls verbreek word nie - daar is geen funksiewisseling van woordsoorte nie, en die intransitiwe verbum word nie gevolg deur 'n objek NP nie. Die formele sinsbouplan van (53)(i) word dus nie versteur nie, sodat hierdie sin in die Chomskiaanse model getipeer kan word as een waar seleksiereëls oortree word. Köller (1975:130) wys daarop dat die seleksiereëls in Chomsky se TGG-model bepaal uit watter subkategorieë die nomina moet stam wat as subjekte of objekte mag dien vir die afsonderlike verba in grammatikaal welgevormde sinne. Nomina word dan gewoonlik onderverdeel in vier subkategorieë volgens die volgende kriteria: [[±]abstrak], [[±]telbaar], [[±]lewend], en [[±]menslik]. Hiervolgens is dit duidelik dat die subjek NP ideas in (53)(i), met sy kenmerke [+abstrak] en [-lewend], die seleksiebeperking van die verbum sleep oortree, aangesien laasgenoemde 'n subjek NP vereis met die kenmerk [+lewend]. Chomsky (1965:113-120) spesifiseer ten opsigte van die grammatikale verhouding adjektief-nomen dieselfde tipe seleksiebeperkinge as vir die verhouding tussen 'n verbum en sy naasliggende subjek of objek NP's. Die nomen ideas oortree dus ook die seleksiekenmerk [+konkreet] van die twee adjektiewe wat daaraan voorafgaan. Onder invloed van die verbum word die nomen ideas nou gepersonifieer as iets lewends, en deur middel van die kwalifiserende adjektiewe colorless en green verkry dit die eienskap van ongekleurd of gekleurd, en daarom [+konkreet] te kan wees. ⁴¹⁾ Sleep word verder paradoksaal gekwalifiseer deur die adverbium furiously. Die figuurlike suggestie van aktiwiteit wat die verbum daardeur verkry, ondersteun en versterk terselfdertyd die personifikasie van die abstrakte nomen ideas. Let daarop dat alle botsende attribute uiteindelik gesamentlik die nomen ideas metafories spesifiseer. In die lig van die reeds bespreekte opvattinge oor die herkenbaarheid van die metafoor sou 'n mens kon sê die nominale fokus ideas word gedetermineer deur 'n inkongruente horisontale groepering van leksikale items, wat uitloop op 'n interaksie tussen een fokus en 'n hele aantal attributief-kwalifiserende leksikale items uit die kontradeterminerende raamwerk. ⁴²⁾ Hierdie gefabriseerde Chomskiaanse semi-grammatikale sin is 'n ekstreme illustrasie van die bepalende uitwerking wat Weinrich se kontradeterminerende raamwerk op die fokus in 'n metaforiese uitdrukking kan hê. Nie net word die fokus aan weerskante gekwalifiseer deur 'n adjektief en 'n verbum nie, maar hierdie twee leksikale items word op hulle beurt "ingevul" deur respektiewelik 'n adjektief en 'n adverbium. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:



Volgens (53)(iii) hierbo kwalifiseer ideas as afwykende item (wat die adjektiwiese en verbale seleksiebeperinge van leksikale items waarmee dit sintakties gekombineer is, oortree) vir die onderskeiding fokus in Black se terminologie. Vergelyk argumentsonthalwe egter hier ook Chomsky (1965:150) se "grammatikale" weergawe van (53)(i):

(53) iv. Revolutionary new ideas appear infrequently

Hiervolgens lyk dit nou asof ideas die enigste "normale" leksikale item is en as sodanig deel sal moet uitmaak van die letterlike raamwerk. In die lig hiervan sou 'n mens kon sê ideas word gedetermineer deur 'n inkongruente horisontale groepering van leksikale items, wat uitloop op 'n sintagmatiese interaksie tussen verskeie fokusse en één geïntensiveerde woord as "fokuspunt" in die letterlike raamwerk. In so 'n geval sal Chomsky se gefabriseerde semi-grammatikale sin natuurlik 'n ekstreme illustrasie wees van die veranderende invloed wat die fokus in Black se terme op die letterlike raamwerk sal hê. Let op dat 'n mens hier die impliserende krag van adjektief en verbum op 'n tussenliggende nomen geïllustreer het - Brooke-Rose se karakterisering van die attributiewe funksie van adjektiwiese en verbale fokusse word dus deur só 'n analise van die Chomskiaanse sin bevestig. Dit is 'n uiterste geval waar die raamwerk gereduseer is tot één woord, en waar die betekenis daarvan bepaal word deur twee fokusse aan weerskante daarvan, wat op hulle beurt self gekwalifiseer word deur wat 'n mens sekondêre fokusse sou kon noem. Schematies kan dit soos volg voorgestel word:



(S/F en P/F = sekondêre en primêre fokus onderskeidelik)

Belangriker as die geldigheid al dan nie van die tweede verklaring binne 'n Chomskiaanse model (trouens, aangesien die verbum spesifiseer watter nomina daarmee mag kombineer, sal die eerste verklaring in terme van 'n

oorskryding van sintaktiese seleksiebeperkinge die normale uiteensetting wees in so 'n teorie), is die noodsaak om voorsiening te maak daarvoor dat òók verba en adjektiewe kan fungeer as fokusse. Vergelyk byvoorbeeld in hierdie verband Black se heel eerste voorbeeld van 'n relatief eenvoudige metaforiese uitdrukking:

(1) The chairman plowed through the discussion

'n Chomskiaanse verklaring van hierdie sin sal die aandag vestig op die feit dat die abstrakte objek NP discussion nie beantwoord aan die seleksiebeperking [+konkreet] wat die verbum plowed vereis nie. Discussion sal dus die afwykende item wees wat sal aanspraak maak op die status van fokus. In Black se verklaring is plowed egter die fokus, en in Brooke-Rose se uiteensetting bring hierdie verbale fokus bowendien 'n verandering teweeg op albei die nomina - dus discussion en chairman. Hierbo is reeds aangetoon dat seleksiereëls die nomina slegs subklassifiseer ten opsigte van kenmerke soos [+abstrak], [+telbaar], [+lewend] en [+menslik]. Hierdie sintaktiese seleksiereëls bied dus geen moontlikheid om te onderskei tussen 'n ongewone subjek NP soos chairman en 'n volkome grammatikale keuse soos ploughman nie, aangesien albei die kenmerk [+lewend] het en dus albei beantwoord aan die seleksiebeperkinge van die verbum plowed. Die Chomskiaanse karakterisering van metaforiese uitdrukkings as semi-grammatikale sinne wat seleksiereëls oortree, skiet dus in twee opsigte tekort. Dit maak naamlik nie voorsiening vir 'n verbale fokus soos plowed nie, en dit kan ook nie die ongewone kombinasie van chairman en plowed verklaar nie.

Die tweede deel van Chomsky se stelling hierbo, naamlik dat semi-grammatikale sinne wat seleksiereëls oortree geïnterpreteer kan word na analogie van welgevormde sinne waarin die betreffende seleksiereëls nagekom word, word opgevolg deur Matthews (1971:419-423), wat verskeie afwykende semi-grammatikale sinne op die bogenoemde manier analiseer. Vergelyk in hierdie verband Black se reeds aangehaalde:

(8) Man is a wolf

Matthews merk op dat (8) eksemplaries is van 'n groot klas metafore "wherein the copula relation is one of class membership: the man (a definite person) is asserted to be a member of the class denoted by 'wolf'" (1971:420).⁴³⁾ Letterlike teenvoorbeelde vir (8), waar geen seleksie=

beperinge oorskry word nie, is dan onder andere:

- (54) i. the man is a gentleman
- ii. the man is a fool
- iii. the man is a professor

Matthews gee vervolgens 'n skematiese voorstelling van (54)(i):

- (55) (the) man is (a) gentleman
- | | |
|---------------------------------------|--|
| +animate
+human
+adult
+male | +animate
+human
+adult
+male
+well-bred
+courteous
+gracious
+considerate |
|---------------------------------------|--|

Uit (55) word dit dan duidelik dat in (54)(i) geen oorskrydings van seleksiekenmerke voorkom nie. Die rede hiervoor is dat kenmerke wat aan gentlman behoort wat dit onderskei van man nog nie oorskrydings van seleksiekenmerke veroorsaak nie, aangesien man neutraal is ten opsigte van sulke kenmerke soos well-bred, courteous, gracious en considerate. 'n Toe=segging van sulke kenmerke aan man word dus toegelaat deur die seleksie=reëls. Vergelyk teenstellend hiermee 'n skematiese voorstelling van die metaforiese (8):

- (56) (the) man is (a) wolf
- | | |
|---|--|
| +definite
+count
+animate
+mammal
+human
+adult
+male
+linguis=
tic
+bipedal | +count
+animate
+mammal
+canine(-human)
+quadrupedal
+tail
+hairy
+nocturnal
+vicious
+predatory
+avoids man |
|---|--|

Uit die bogenoemde stel kenmerke in (56) word dit duidelik dat seleksie=reëls oortree is in (8): die duidelikste onversoenbaarheid lê natuurlik in die botsende kenmerke [+human] en [+canine(-human)] van onderskeidelik man en wolf. Rondom hierdie onversoenbare kenmerke sentreer ander soos [+bipedal] / [-quadrupedal], [+linguistic] / [-linguistic], [-tail] / [+tail], ens. Dit is interessant dat Matthews opmerk dat kenmerke soos

[+nocturnal], [+vicious], [+predatory] nou toegesê word aan man. Hierdie kenmerke, alhoewel belangrik in die spesifikasies van wolf, is nie so direk betrokke by die oorskryding van seleksiebeperkinge soos byvoorbeeld [-tail] / [+tail] en [+linguistic] / [-linguistic] nie. Matthews ekspliseer nie hoe hy (56) interpreteer na analogie van (55) nie, maar by implikasie kan man blykbaar tog 'n lid wees van die klas wolf, omdat kenmerke soos nocturnal, vicious en predatory, waarvoor man neutraal is, dan wel aan hom toegeskryf kan word. Dit dan na analogie van kenmerke soos well-bred, courteous, gracious en considerate, wat in (55) toegeskryf kan word aan man, omdat hy eweneens neutraal is vir dergelike kenmerke. ⁴⁴⁾

Matthews se uiteensetting van (8) in terme van die sintaktiese kenmerke van man en wolf maak dit duidelik dat Lüdi, alhoewel sy studie oor die metafoor geskied met De Saussure se linguistiese teorie as uitgangspunt, alreeds in sy verduideliking van metaforiese uitdrukkings transformasioneel-generatiewe beginsels en terminologie inkorporeer (Lüdi praat trouens van sintakties-semantiese teorieë wat hierna ter sprake kom in 1.5.2 en 1.5.3). Matthews se interpretasie van (8) na analogie van sinne waarin geen seleksiereëls oortree word nie, herinner terselfdertyd ook aan Leech se verklaring van Thomas se "farmyards away". Albei vervang naamlik die metafories gebruikte woorde met leksikale items wat, in die posisie van die "afwykende" items, voldoen aan die seleksievereistes van die sintaktiese raamwerk waarin hulle voorkom. Matthews toon aan dat in die plek van die fokus/vehicle wolf in (8) leksikale items soos gentleman, fool en professor volkome grammatikaal sou wees; Leech konstateer dat in die posisie van die afwykende item farmyards lineêre metingseenhede soos inches, feet en yards deur 'n grammatikale sin vereis word. Let egter daarop dat Leech se farmyards, inches, feet en yards die gemeenskaplike kenmerk afstand het, terwyl die botserde kenmerke tussen gentleman/fool/professor en wolf nog presies dieselfde graad van inkongruensie vertoon as dié tussen man en wolf. Dus: farmyards, alhoewel ongewoon, kan deel vorm van die semantiese paradigma van lineêre metingseenhede soos inches, feet en yards; wolf, daarenteen, kan nie gesien word as lid van die semantiese paradigma met die vereiste gemeenskaplike kenmerk menslik van items soos gentleman, fool en professor nie. Dit is dus duidelik dat Matthews se analoë sinne nie gekies is met die oog op leksikale items wat assosiatief gesuggereer word in semantiese paradigmas nie (Leech). Dit beteken egter nie dat in Matthews se

verklaring van (8) die paradigmatische dimensie van die metafoor veron=agsaam word nie. Trouens, wanneer sy uiteensetting van die leksikale items man en wolf bekyk word, word dit duidelik dat albei die sentrale eienskappe van metaforiese uitdrukkings, soos deur Lüdi vereis, daarin verteenwoordig word: die horisontale inkongruensie word uitgedruk in die botsende kenmerke [+menslik]/[-menslik], [+dierlik], terwyl die analogiese basis tussen die semantiese velde van tenor en vehicle gegee word in die kenmerke [+nagtelik], [+boosaardig] en [+roofsgtig]. Dus: die horison=tale inkongruensie word verteenwoordig deur dië kenmerke van wolf wat volgens Matthews direk betrokke is by die oorskryding van seleksiebeper=kinge; die analogiese basis word gevorm deur dāardie kenmerke wat, alhoewel belangrik by 'n tipering van wolf, neutraal is ten opsigte van die oorskryding van seleksiereëls. 'n Mens sou dus kon sê dat Matthews se verduideliking van Black se voorbeeldsin (8) illustreer dat metaforiese uitdrukkings sowel sintagmaties as paradigmatisies gedetermineer word. In terme van die teorieë wat tot sover bespreek is, kan gesê word dat die sintagmatiese inkongruensie tussen fokus en raamwerk gesignaleer word deur 'n oorskryding van seleksiebeperkinge; die paradigmatisiese analogie, daarenteen, word merkbaar aan die oorvleueling tussen die semantiese velde van tenor en vehicle.

1.5.1.3 Oorskryding van seleksiebeperkinge as 'n voldoende en genoegsame kondisie vir 'n identifikasie van metaforiese uitdrukkings

Sedert Chomsky binne die versameling reëls bekend as 'n grammatika in die Aspects-model (1965) metaforiese uitdrukkings gekarakteriseer het as dië tipe semi-grammatikale sinne waar seleksiereëls oortree word, het die literatuur wat binne een of ander TGG-model 'n karakterisering probeer gee van die metafoor, geweldig uitgebrei. Reaksie op Chomsky se karakterisering wissel van algehele aanvaarding tot totale verwerping daarvan. Resente ontwikkelinge in diesemantiek, wat hierna ter sprake kom in 1.5.2 en 1.5.3, sal dit illustreer. Hier kan net meer spesifiek kortliks ingegaan word op die vraag of 'n oorskryding van die seleksie=beperringe 'n voldoende ("sufficient") en nodige ("necessary") kondisie vir die verskynsel metafoor verskaf. Vir Matthews is die onderskeid tussen metaforiese en nie-metaforiese taalgebruik gelyk aan die onderskeid tussen semanties afwykende (d.i. Chomsky se semi-grammatikale) en nie=afwykende sinne. Vandaar 'n uitspraak soos die volgende:

Selectional restrictions which exhibit the general non-metaphoric usage in terms of the lexical feature systems of the constituent words of a sentence are violated in the case of deviant sentences. THE PRESENCE OF A SELECTIONAL RESTRICTION VIOLATION IS THUS A NECESSARY AND SUFFICIENT CONDITION FOR THE DISTINGUISHING OF METAPHOR FROM NON-METAPHOR, excepting of course those cases where the utterances are not intended to be meaningful (1971:424).

In teenstelling tot die bostaande uitspraak van Matthews staan Reddy (1969:242) se oordeel, waar hy beweer dat 'n groot gedeelte van metaforiese uitdrukkings (i) geen denkbare tipe seleksiereël oorskry nie, en (ii) nogtans presies is wat die taalgebruiker intuïtief herken as metafore. Reddy se mees aangehaalde voorbeeld ter staving van so 'n stelling is:

(57) The rock is becoming brittle with age

Reddy beskou (57) agtereenvolgens binne twee verskillende situasionele katekste: dié van 'n groep mense op 'n geologie-ekspedisie, en dié van 'n groep studente wat die kantoor verlaat van een of ander staatsmaker= professor. In die eerste situasie sal (57) letterlik fungeer, terwyl ten minste "rock" en "brittle" binne die tweede situasie figuurlik sal verwys in die omgewing van die orige woorde, wat steeds letterlik sal fungeer. 'n Mens sou, na aanleiding van Reddy se tipering van die bogenoemde sin as bestaande uit figuurlik verwysende en letterlik verwysende woorde, (57) kon herskryf as (57)(i) met behulp van Black se terminologiese onderskeiding tussen sulke figuurlik en letterlik fungerende elemente in metaforiese uitdrukkings:

(57) (i) The ROCK is becoming BRITTLE with age
Fokus Fokus

Indien rock in (57) dus sou verwys na professor, sal die kenmerk [+lewend] wat dit deur die situasie toegesê kry, bots met onder andere die kenmerk [-lewend] wat deur brittle daarop oorgedra word. Sō verstaan, het 'n mens dan natuurlik wēl oorskryding van seleksiereëls in (57)(i) - interessant genoeg tussen wat Reddy sien as die twee fokusse van die metaforiese uitdrukking. Dit is egter hier nodig om ook die woordsoort of kategorie van die twee fokusse in aanmerking te neem: brittle fungeer naamlik attributief as adjektief vir die nomen rock, en is 'n onlosmaaklike eienskap daarvan. Indien rock dus na professor

veronderstel in die onderliggende struktuur van metaforiese uitdrukkings waar die interaksie tussen letterlike en figuurlike elemente nie herkenbaar is binne 'n mikroskopiese eenheid nie, omdat daar in dergelike gevalle (soos byvoorbeeld by (57) hierbo) op hierdie vlak geen botsing waarneembaar is tussen die leksikale kenmerke van die sintakties gekombineerde konstituente nie.

Die herkenbaarheid van metaforiese uitdrukkings soos Reddy se (57), en daarmee die waarneembaarheid van oortredinge van seleksiereëls in die onderliggende struktuur van dergelike metafore, is volgens die bostaande betoog aangewese op 'n groter eenheid as die sin. Nou is Chomsky se Aspects-model egter wesenlik 'n sinsgrammatika, en ook 'n oorskryding van seleksiebeperkinge raak slegs die onversoenbaarheid van naasliggende elemente in semi-grammatikale sinne, sodat nóg Reddy se (57) nóg Matthews se gerekonstrueerde (57)(ii) binne 'n Chomskiaanse teorie verantwoord kan word. Om hierdie rede ontwikkel Petöfi (1975:289-310) 'n teksteorie, waarbinne hy onderskei tussen ko-tekstuele en kontekstuele aspekte respektiewelik. Tot die eerste behoort grammatiese aspekte soos dié wat in die Aspects-model verantwoord is; by die tweede word ook ekstra-grammatiese aspekte betrek:

Eine TeSWeST, 'Text-Struktur Welt-Struktur Theorie', besteht aus zwei Komponente: einer textgrammatischen und einer extensional- (mit einem anderen Wort: Welt-) semantischen Komponente. Erstere ist eine Subkomponente der ko-textuellen texttheoretischen Komponente, während letztere eine Subkomponente der kon-textuellen texttheoretischen Komponente ist (1975:291).

Reddy se (57) is dan vir Petöfi 'n voorbeeld van 'n metaforiese uitdrukking waarvan die eventuele onversoenbaarheid slegs "kon-tekstueel" vasgestel kan word. Oorskryding van seleksiebeperkinge in die onderliggende struktuur van sinne soos (57), wat in isolasie letterlik en figuurlik geïnterpreteer sou kon word, is dus slegs waarneembaar indien die sin in sy geheel letterlik onversoenbaar is ten opsigte van die nie-verbale situasie waarna dit verwys. Sulke sinne word in die literatuur oor die metafoor dikwels "sinmetafore" genoem en is gewoonlik herkenbaar binne die makrostruktuur van die volledige verbale teks. Vergelyk in hierdie verband ook byvoorbeeld die volgende uitspraak van Köller:

Als isolierte Sätze haben Stazmetaphern zwar eine semantisch normale Prädikationsstruktur, aber im Textzusammenhang wirken sie semantisch anomal (1975:173).

Samevattend kan uit die bostaande betoog gekonkludeer word dat 'n oorskryding van seleksiebeperkinge wél in die sin waarin Matthews dit bedoel 'n nodige kondisie kan wees vir die herkenning van metaforiese taalgebruik, mits die kontradeterminerende konteks vir gevalle soos (57) uitgebrei word tot die verbale teks in sy geheel. Ten slotte moet nog daarop gewys word dat Matthews 'n oorskryding van seleksiebeperkinge nie net as 'n nodige nie, maar ook as 'n genoegsame ("sufficient") kondisie beskou vir die herkenning van metaforiese taalgebruik. Teoretici wat hierdie eis betwis, wys daarop dat oortredinge van seleksiereëls nie net lei tot metaforiese uitdrukkinge nie maar ook uitloop in wat Mooij (1976:27) "nonsensical sentences" noem. Ook hier sal die totale verbale konteks bepaal of 'n semi-grammatikale sin inderdaad betekenisloos is, en of daaraan 'n metaforiese interpretasie toegeken sou kon word. Abraham sê, na sy interpretasie van Chomsky se "Colorless green ideas sleep furiously" as 'n geval van personifikasie, "... granted that on the basis of our encyclopedic knowledge we find a compatible context, any violation on the level of selection rules (i.e. the 'most semantic' of all grammatical rules) has to be interpreted as metaphor" (1975b:7).

1.5.2 Interpretatiewe Semantiek

Hierbo is metaforiese uitdrukkinge binne die raamwerk van die Aspects-model gekarakteriseer as semi-grammatikale sinne wat die resultaat is van 'n veronagsaming van seleksiereëls. Alhoewel hierdie tipering geskied het binne 'n essensieel sintaktiese raamwerk, en alhoewel Matthews hom beroep op Chomsky se siening van die metafoer as 'n "deviant, but interpreted sentence", noem hy nogtans Chomsky se voorbeelde van semi-grammatikale sinne wat seleksiereëls oorskry semanties afwykend. Trouens, soos reeds aangetoon, is 'n oorskryding van seleksiebeperkinge vir Matthews sowel 'n nodige as 'n voldoende onderskeidingskriterium vir die herkenning van semanties afwykende sinne. Hieruit blyk sowel die onmoontlikheid om die metafoer te klassifiseer as 'n bloot sintaktiese verskynsel as die noodsaak om dit te beskou as 'n semantiese fenomeen. Hiervoor sou die Transformasionele Generatiewe Grammatika dan benewens 'n sintaktiese komponent ook voorsiening moes maak vir 'n semantiese komponent, waarbinne die metaforiese uitdrukking dan beskryf sou kon word.

Die eerste poging om die semantiese komponent van 'n TGG-model uit te werk, stam van Katz en Fodor (1963). Hierdie voorstel, en alle aanpassings wat deur ander linguïste daarin aangebring is, staan bekend as Interpretatiewe Semantiek. Die rede hiervoor is dat die bestaan van 'n onafhanklike sintaktiese komponent met generatiewe funksie - soos voorgestel in die Aspects-model - deur die skrywers aanvaar word. Die semantiese komponent het hiervolgens 'n interpretatiewe funksie met as toevoer die dieptestruktuur van die generatiewe sintaktiese komponent. Katz en Fodor postuleer verder dat die semantiese komponent aanvullend is ten opsigte van die sintaktiese komponent: "... semantics takes over the explanation of the speaker's ability to produce and understand new sentences at the point where grammar leaves off" (1963:172-173). Aangesien taalbeskrywing binne 'n TGG-raamwerk die doel het om 'n beskrywing en verklaring te gee van die vermoë van die taalgebruiker om 'n oneindige stel sinne van sy taal te produseer en te interpreteer, kan 'n mens die terrein van die semantiek afgrens deur te onderskei hoeveel van hierdie vermoë NIE deur 'n grammatika soos deur Chomsky uiteengesit, verklaar word nie. Katz en Fodor bespreek in die 1963-voorstel drie linguïstiese verskynsels wat volgens hulle slegs met behulp van 'n toegevoegde semantiese komponent beskryf kan word: semantiese meerduidigheid, semantiese anomalie en parafrase.⁴⁵⁾ Van hierdie verskynsels is slegs semantiese anomalie relevant by 'n bespreking van die metafoor.

Ten einde die verskynsel van semantiese anomalie te verduidelik, gee Katz en Fodor drie voorbeeldsinne:

- (58) i. The paint is silent
 ii. The paint is wet
 iii. The paint is yellow

Volgens die skrywers is daar géén grammatikale basis waarop (58)(i) hierbo onderskei kan word van (58)(ii) en (iii) nie. In terme van die Aspects-model hierbo in 1.5.1.1 sou 'n mens kon sê dat die bogenoemde reekse in (58) (i) tot (iii) geen hoofkategoriale of streng subkategorisasiereëls oortree nie. Waar (58)(i) in die Aspects-model egter nog binne die sintaktiese komponent herkenbaar sou wees as 'n semi-grammatikale sin op grond van 'n oorskryding van (sintaktiese) seleksiebeperinge, beweer Katz en Fodor nou dat daar géén grammatikale basis is waarop die vlotspreker die afwykendheid van

sin (58)(i) sou kon ontdek nie. By implikasie sal kennis van die grammatika soos uiteengesit in die Aspects-model die vlotspreker sin (58)(i) volgens Katz en Fodor laat beoordeel as ten volle grammatikaal. Dit is duidelik dat Katz en Fodor afwykende sinne wat berus op 'n oorskryding van seleksiebeperkinge beskou as 'n semantiese en nie 'n sintaktiese verskynsel nie. Let in hierdie verband daarop dat die volgende sin wat in 1.5.1.2 hierbo bespreek is as 'n voorbeeld van oortredinge van seleksiereëls, binne 'n Katz/Fodor-model as semanties anomaal geklassifiseer sou kon word:

(53) i. Colorless green ideas sleep furiously

Omgekeerd vertoon Katz en Fodor se

(58) i. The paint is silent

natuurlik 'n oorskryding van seleksiebeperkinge, aangesien die adjektief silent 'n nomen vereis met die sintaktiese kenmerk [+lewend], wat natuurlik nie in die bogenoemde geval nagekom word nie. Volgens Katz en Fodor moet semi-grammatikale sinne soos die bogenoemde gevalle in die semantiese komponent verantwoord word, en daarom is dit 'n faset van die semantiese (onderstreping van my) vermoë van die vlotspreker om semantiese anomalie te kan herken en interpreteer. Ten einde nou die verantwoording van die verskynsel van semantiese anomalie na te gaan binne 'n Katz/Fodor-semantiese komponent, is dit vervolgens nodig om eers die organisasie van hierdie semantiese komponent van nader te bekyk.


1.5.2.1 Organisasie van die semantiese komponent

Die motivering vir die spesifieke organisasie van die Katz/Fodor-voorstel vir 'n semantiese komponent van die grammatika word goed saamgevat deur Fodor (1977:64):

Katz and Fodor assumed the existence of a self-contained syntactic component of a grammar, specifying the syntactic structure and lexical content of each sentence of the language, and they therefore conceived the task as that of (i) giving specifications of the meanings of lexical items and (ii) giving recursive rules operating over syntactic structures for building up meaning specifications for phrases and sentences out of the meaning specifications for lexical items.


Ten einde aan (i) en (ii) te voldoen, verdeel Katz en Fodor die semantiese komponent van 'n grammatika in twee hoofdele: 'n woordeboek en projeksiereëls onderskeidelik. Hierdie verdeling kan skematies soos volg geëkspliseer word:

(59)



Katz en Fodor (1963:181) wys op die algemene aanvaarbaarheid van die feit dat 'n woordeboek vanselfsprekend 'n deel sal uitmaak van die semantiese teorie van 'n natuurlike taal. Elke leksikale item sal in sō 'n woordeboek fonologies, sintakties en semanties gespesifiseer word, soos gesien kan word in die bekende woordeboekinskrywing van bachelor in Katz en Fodor (1963:186): 46)

(60)



Let daarop dat semantiese merkers altyd tussen ronde hake geskryf word, terwyl vir die semantiese onderskeiers vierkantige hake gebruik word. Fodor (1977:65) toon aan hoe (60) hierbo in Katz (1972) op die volgende manier uiteengesit word:

- (61) D, +N,... , (Human), (Male), [who has never married]
(Human), (Male), [young knight serving...]
(Human), [who has the first or lowest...]
(Animal), (Male), [young fur seal when...]

Die grammatikale merker noun in die boomdiagram (60) is in die latere voorstel (61) vervang deur die element [+N,...], wat 'n komplekse simbool is en wat sintaktiese kenmerkspesifikasies bevat; die element D in (61) is 'n fonologiese kenmerkmatiks. Seleksiebeperkinge is nie gespesifiseer in hierdie woordeboekinskrywing van (60) en (61) nie.

Semantiese merkers word volgens Katz/Fodor (1963:187) aan 'n leksikale item toegevoeg met die doel om enige sistematiese verbande tussen dié item en die res van die woordeskat van die taal te reflekteer. Semantiese onderskeiers, aan die ander kant, is veronderstel om dit wat idiosinkraties is in die betekenis van 'n leksikale item te benoem. Bickerton (1969) illustreer die funksies wat semantiese onderskeiers kan hê met verwysing na die twee reekse:

- (62) i. bachelor flat
ii. bachelor girl

Volgens Bickerton kan die Katz/Fodor-voorstel rekenskap gee van die verskillende dieptestrukture wat betrek is in (62)(i) en (ii). Die teorie kan verder aantoon dat ten opsigte van (62)(i) die onderliggende

- (62) iii. the flat is for a bachelor

geen werklike paring van semantiese onversoenbaarhede impliseer nie. Daarenteen kan (62)(ii) slegs afgelei word van die onderliggende

- (62) iv. the girl is a bachelor

wat natuurlik 'n direkte kombinasie van onversoenbare elemente is:

- (62) v. ($N_{\text{human-female}}^{-\text{be-}}N_{\text{human-male}}$)

Bickerton kom dan ten opsigte van (62)(ii) en (iv) tot die volgende konklusie: "It would appear that the application of bachelor to females, ... depends on some hitherto unexplained power of lower-order distinguishers (in this case, [single], [without a male]) to override higher-order semantic markers such as (Male) or (Human)" (1969:41).⁴⁷⁾

1.5.2.2 Oorvleueling van sintaktiese en semantiese kenmerke

Hierbo is reeds daarop gewys dat die dieptestruktuur van 'n generatiewe sintaktiese komponent die toevoer is vir die interpretatiewe semantiese komponent. Dit beteken volgens Fodor (1977:64) dat "...the pairing of a sentence with a meaning is not arbitrary but is mediated by the syntactic structure and lexical content of the sentence". Elke leksikale item se kombinasieoortlikhede met ander leksikale items in grammatikale sinne is in die sintaktiese komponent gespesifiseer ten opsigte van kategoriale, subkategorisasie- en seleksiekenmerke. Dit is hierdie sintaktiese kenmerke wat nou in die woordeboekinskrywing van die Katz/Fodor-semantiese komponent gekopieer word. Die oorvleueling tussen gekopieerde sintaktiese kenmerke en toegevoegde semantiese merkers ten opsigte van eienskappe soos manlik, vroulik, menslik, dierlik, lewend, konkreet en abstrak is problematies. Katz/Fodor (1963:209) beweer egter dat hierdie oorvleueling nie 'n werklike is nie en verdwyn sodra daar bepaal kan word dat die onderskeiding tussen sintaktiese kenmerke en semantiese merkers getref kan word in terme van die teoretiese funksies wat hulle verrig. Die woord ship vereis byvoorbeeld 'n sintaktiese kenmerk [+female], omdat dit in 'n grammatikale Engelse sin met die vroulike pronomens her sal kombineer. 'n Semantiese merker spesifiseer egter nie kondisies vir grammatiese welgevormdheid nie maar verskaf inligting omtrent die betekenis van 'n leksikale item. Die woord ship sal byvoorbeeld die semantiese merker (neutraal) hê, om aan te dui dat die pronomens her in

(63) The ship met her doom on the rocks

nie verwys na 'n vroulike persoon nie. Katz en Fodor (1963) kom dus tot die volgende konklusie:

Grammatical and semantic markers have, then, different theoretical import. Grammatical markers mark the formal differences on which

the distinction between well-formed and ill-formed strings of morphemes rests, while semantic markers give each well-formed string the conceptual content that permits it to be a means of genuine verbal communication. They are concerned with different kinds of selection and they express different aspects of the structure of a language. We can justifiably regard semantic markers as theoretical constructs distinct from the markers employed in grammatical description (1963:210). 48)

Ten opsigte van ship in (63) hierbo is sō 'n onderskeiding tussen sintaktiese kenmerk vroulik en semantiese merker neutraal duidelik genoeg. Presies hoe problematies sō 'n onderskeiding egter kan word, kan geïllustreer word aan die hand van twee verskillende analyses - in terme van onderskeidelik sintaktiese kenmerke en semantiese merkers - van dieselfde metaforiese uitdrukking:

(8) Man is a wolf

Vergelyk hier eers weer die skematiese uiteensetting wat Matthews daaraan gee binne die raamwerk van die Aspects-model:


(56) (the) man is (a) wolf

+definite	+count
+count	+animate
+animate	+mammal
+mammal	+canine (-human)
+human	+quadrupedal
+adult	+tail
+male	+hairy
+linguistic	+nocturnal
+bipedal	+vicious
	+predatory
	+avoids man

Soos reeds aangetoon in 1.5.1.2 hierbo, geskied die bogenoemde analise volgens die Chomskiaanse aanbeveling in die Aspects-model dat sinne wat seleksiereëls oortree metafories geïnterpreteer kan word na analogie van welgevormde sinne wat wel die betreffende seleksiereëls nakom. 'n Mens kan dus veronderstel dat Matthews se kenmerke in (56) sintakties is. 'n Verdere bevestiging vir hierdie aanname is die feit dat Matthews hierdie kenmerke in vierkantige hake skryf, wat die notasionele konvensie is vir sintaktiese kenmerke. 'n Mens kan verder aanneem dat dit gaan om 'n oorskryding van sintaktiese seleksiereëls as Matthews wys op die onversoenbaarheid van dié kenmerke wat sentreer rondom die kenmerke +human/

+canine (-human)], wat die hooforsaak vir die oorskryding van seleksiebeperkinge is.

Abraham (1975b) beweer eensyds dat sinne wat seleksiereëls oorskry, mits daar 'n geskikte konteks gevind kan word, interpreteerbaar is as metaforiese uitdrukkinge soos byvoorbeeld geïllustreer kan word aan die reeds bespreekte Chomskiaanse konstruksie "Colorless green ideas sleep furiously". Ten opsigte van onder andere 'n metaforiese uitdrukking soos Black se "Man is a wolf" voeg hy dan egter onmiddellik daaraan toe: "We cannot say that every metaphor can be explained as resulting from a violation of selection rules. The meanings of 'Man is a wolf' or 'The black people are the poor of Europe' cannot be interpreted by means of such inconsistencies of selection constraints" (1975b:7). Vergelyk nou die skematiese uiteensetting wat Abraham (1975b:23) gee van die semantiese kenmerke van man en wolf wat betrokke is in die wisselwerking tussen die twee onderwerpe in die metaforiese proses:



Volgens Abraham verteenwoordig die ongebroke lyne "'semantically implicative' ('normally' associative)" relasies, terwyl die gebroke lyne ensiklopediese "(contingently deducible)" relasies voorstel wat wel in bepaalde wêreldes sou kon geld. Dit is sonder meer duidelik dat Matthews se [+vicious / +predatory] sterk verwant is aan Abraham se (bloodthirsty)/(voracious) vir die leksikale item wolf. Matthews toon buitendien nie aan watter sintaktiese funksies sy "sintaktiese" kenmerke het nie maar interpreteer dit eerder semanties, deurdat hy sê kenmerke soos die bogenoemde organiseer ons siening van man. Dit is frappant dat Matthews hom vir so 'n stelling beroep op Black, waar laasgenoemde die metafoer eksplisiet bestempel as 'n semantiese vier-skynsel. Ook Abraham beroep hom op Black en sê dat die laaste drie kenmerke in sy diagram, naamlik (bloodthirsty), (wild) en (voracious) bepalend is vir die betekenis van man in (8).

Uit die bostaande twee uiteensettings blyk baie duidelik ten opsigte van die metafories gebruikte wolf die oorvleueling tussen 1) wat Matthews aanbied as sintaktiese kenmerke, en 2) wat Abraham benoem as semantiese merkers. Streng gesproke is daar binne 'n Chomskiaanse model geen voorsiening gemaak vir die operering van seleksiebeperkinge oor 'n kopulawerkwoord heen nie, sodat 'n oorskryding van seleksiebeperkinge in kopulasinne soos (8) ook nie beskryf kan word in terme van sintaktiese (seleksie)kenmerke nie. Sowel die beperkinge in die suiwer sintaktiese benadering van die Chomskiaanse model, asook die oorvleueling tussen sintaktiese kenmerke en semantiese merkers, maak dit noodsaaklik om Matthews se analise van (8) eerder te inkorporeer binne 'n semantiese raamwerk. Weens die beperkinge van 'n suiwer sintaktiese benadering soos uiteengesit in die Aspects-model baseer Abraham dan ook sy analise van (8) op die komponentanalise van veral Katz (1972). Soos reeds aangetoon, word die betekenis van 'n leksikale item binne so 'n interpretatief-semantiese raamwerk opgebreek in kleiner dele, wat dan aangedui word deur semantiese merkers. Met behulp van 'n semantiese analise van die leksikale items in 'n metaforiese uitdrukking word dit nou vir Abraham moontlik om te onderskei tussen "...non-compatibility...between the semantic characteristics of one part of the sentence and the remainder..." (1975b:22) - onderstreping van "part" en "remainder" stel hy dan gelyk aan Black se fokus en die kompletterende raamwerk van die sin. Konkreet ten opsigte van

(8) Man is a wolf

beteken dit dat die onderwerp man sekere verwagtinge oproep ten opsigte van die (semantiese) seleksiekenmerke van die predikaat wat daarop volg. Soos reeds gesien, is sommige van die semantiese kenmerke van wolf onversoenbaar met dié van man, sodat vir Abraham daardeur 'n metaforiese taaluiting gesignaleer word: "All metaphors have their origin in a violation of the compatibility of lexemes in a syntactic structure"(1975b:17).

Horisontale inkongruensie tussen lineêr gerangskikte leksikale items is dus ook vir Abraham 'n noodsaaklike komponent van metaforiese taalgebruik (vergelyk onder andere Lüdi hierbo in 1.4). By 'n interpretasie van metaforiese uitdrukkinge wys Abraham nou daarop dat daar 'n herorganisasie of herstrukturering plaasvind van semantiese kenmerke. In sy diagram van die semantiese eienskappe van man en wolf (vergelyk

(64) hierbo) word die kenmerke (bloodthirsty), (wild) en (voracious) deur 'n prosedure van "re-topikalisasie" opgeskuif na 'n posisie waar hulle belangriker sal wees as die hoër-geordende (animal), en waar hulle as ensiklopediese kenmerke toegevoeg sal word tot die inhoud van man. Die ooreenkomstige met Matthews se interpretasie van (8) is weer eens opvallend: kenmerke wat direk betrokke is by die oorskryding van seleksiebeperkings, dit wil sê kenmerke soos [+menslik] teenoor [-menslik], word op die agtergrond geskuif, terwyl kenmerke soos [+boosaardig] en [+roofsugtig] bepalend word vir 'n herinterpretasie van die leser se siening van man. Sowel Abraham as Matthews se "herskommelings" van die kenmerke van wolf herinner aan Bickerton (vergelyk 1.5.2.1 hierbo) se opmerking dat laer geordende semantiese onderskeiers belangriker word as hoër geordende semantiese merkers in die interpretasie van metaforiese uitdrukkings. Hierdie idiosinkratiese kenmerke van wolf kan nou toepasbaar gemaak word op man; in Abraham se terme is dit ensiklopediese relasies wat toevallig herleibaar is, en wat verskil van dié tipe semantiese implikasies wat "normale" assosiatiewe relasies stel (vergelyk die diagram in (64) hierbo). Dit is ten slotte belangrik om daarop te let dat hierdie tipe toevallig herleibare relasies bepaalde ooreenkomste ontdek tussen die andersins onversoembare pole van 'n metaforiese uitdrukking: met ander woorde dat hulle die analogiese basis verskaf vir die semantiese velde van tenor en vehicle.

Uit die bostaande uiteensetting blyk dus die bruikbaarheid van 'n analise van die metafoer as 'n semantiese verskynsel. Sō 'n siening van die metafoer betrek nie net die implementering van semantiese merkers en onderskeiers teenoor sintaktiese kenmerke nie, maar dit raak ook die onderskeid tussen enersyds sintaktiese seleksiereëls van die Aspects-model, en andersyds semantiese seleksiekenmerke binne die Katz/Fodor-voorstel.

1.5.2.3 Semantiese seleksiebeperkings en projeksiereëls

Sintaktiese seleksiereëls soos binne die Aspects-model gespesifiseer is reeds uiteengesit in 1.5.1.1 hierbo. 'n Leksikale item, en meer spesifiek adjektiewe en verba, het in welgevormde sinne sekere seleksiekenmerke wat beperkinge lê op, of vereistes stel aan die naasliggende items waarmee dit grammatikaal gekombineer word. So vereis die verbum admire in Chomsky se

(51) iv. Sincerity may admire the boy

dat die subjek NP waarmee dit verbind word die seleksiekenmerk [+lewend] of selfs [+menslik] moet hê, en die oorskryding van hierdie seleksie= beperking deur die subjek sincerity met sy kenmerk [+abstrak] het dan die semi-grammatikale reeks (51)(iv) tot gevolg. Vir Katz en Fodor (1963:191) is dergelike grammatikale spesifikasies nie voldoende nie maar is dit ook nodig dat die woordeboek van die semantiese komponent inligting sal verskaf oor die verhouding tussen kenmerke van sekere kombinasies waartoe 'n leksikale item toetree en die inhoud wat die item dra in daardie kombinasies. Ten einde te verseker dat 'n bepaalde leksikale item sal voorkom binne 'n semanties aanvaarbare kombinasie, word hoekige hake buite om die ronde hake van semantiese merkers gebruik. Dus: <(menslik)> by 'n leksikale item toon aan dat die item waarmee dit gekombineer word 'n semantiese merker (menslik) moet bevat. ⁴⁹⁾ In (51) (iv) hierbo sal die verbum admire byvoorbeeld die seleksiebeperking <(menslik)> bevat; in die lesing van die subjek NP sincerity wat daarmee gekombineer is, ontbreek egter 'n semantiese merker (menslik). Chomsky se semi-grammatikale sin weens die veronagsaming van 'n sintaktiese seleksiereël is dus semanties anomaal in die Katz/Fodor-voorstel, omdat dit 'n semantiese seleksiebeperking oorskry. Die oorvleueling tussen die sintaktiese en semantiese komponente in die bogenoemde voorstelle is voor-die-hand-liggend. ⁵⁰⁾

Sō 'n opsigtelike ooreenkoms tussen die analise van 'n metaforiese uitdrukking as òf 'n oortreding van sintaktiese seleksiereëls, òf as 'n oorskryding van semantiese seleksiebeperkinge, sou kon dui op 'n bloot terminologiese verskil tussen die bogenoemde twee voorstelle. Dat die Katz/Fodor-raamwerk egter daartoe in staat is om onversoenbaarhede tussen leksikale items aan te dui wat NIE deur 'n Aspects-benadering gedek word nie, kan geïllustreer word met verwysing na Black se

(1) The chairman plowed through the discussion

In 1.5.1.2 hierbo is reeds daarop gewys dat in terme van Chomskiaanse seleksiekenmerke nie onderskei kan word tussen die ongewone kombinasie van chairman/plowed nie, aangesien albei subjek NP's die seleksiekenmerk [+lewend] (en ook [+menslik]) het en dus albei beantwoord aan die

seleksiebeperkinge van die verbum plowed. Dit alles kom daarop neer dat in 'n sintaktiese benadering van (1) binne die raamwerk van die Aspects-model daar geen grammatikale onversoenbaarheid geregistreer word tussen die subjek chairman en die verbum plowed nie. Binne die Katz/Fodor-voorstel is dit nou egter moontlik om te onderskei tussen die twee subjek NP's chairman en ploughman: behalwe die gemeenskaplike kenmerke (lewend) en (menslik) kan naamlik die onderskeidende kenmerke voorsitter van 'n vergadering en iemand wat 'n land omploeg toegeskryf word aan respektiewelik chairman en ploughman. Hiervolgens word dit dan duidelik dat die sintaktiese kombinasie van chairman en plowed in (1) semanties onversoenbaar is, aangesien 'n voorsitter van 'n vergadering nie gewoonlik daar 'n letterlike ploegaksie uitvoer nie. Let daarop dat die bogenoemde onderskeidende kenmerke volgens die oorspronklike Katz/Fodor-voorstel waarskynlik semantiese onderskeiers sou wees. Die semantiese merkers (lewend) en (menslik) druk dus die gemeenskaplike verband uit tussen chairman en ploughman: die semantiese onderskeiers voorsitter van 'n vergadering en iemand wat 'n land omploeg belig daarenteen die idiosinkratiese in die betekenis van die twee leksikale items. Uit die voorgaande blyk dus duidelik die noodsaak van 'n dergelike Katz/Fodor-spesifikasie van die inhoud van leksikale items ten einde semantiese onversoenbaarheid in metaforiese uitdrukkings te registreer.

Belangriker as die oorspronklike Katz/Fodor-onderskeiding tussen semantiese merkers en semantiese onderskeiers (vergelyk voetnoot 47) is die funksie van semantiese seleksiebeperkinge binne die Interpretatiewe Semantiek. Volgens Katz (1972) spesifiseer die seleksiebeperking in die woordeboekinskrywing van 'n leksikale item die voorwaarde "... under which the sense represented by the set of semantic markers can combine with other senses to form a sense of a syntactic complex constituent" (1972:43). Let in hierdie verband daarop dat die semantiese seleksiebeperkinge van die Katz/Fodor-voorstel nie net geld vir naasliggende leksikale items soos in die Chomsky-model nie maar dat dit byvoorbeeld 'n verbum en die hele NP-gedeelte kan insluit:

- (65) i. This corpse admires sincerity
ii. This dead man admires sincerity
iii. This man that I proved that John was mistaken in believing to be alive admires sincerity

Fodor (1977) haal McCawley (1968) se argumente ten gunste van semantiese seleksiebeperkinge in die reekse hierbo instemmend aan: "He pointed out that whether or not a noun phrase is an acceptable subject for a predicate depends on an interaction of all the constituents of the noun phrase, not just upon some isolated and arbitrary feature of the head noun" (1977:98). In (65)(i) geld die seleksiebeperking $\langle(\text{lewend})\rangle$ van die verbum wel ten opsigte van die nomen corpse; in (65)(ii) het die nomen man egter wel 'n semantiese merker (lewend) en geld die oortreding van die seleksiebeperking in hierdie geval vir die adjektief dead; in die laaste reeks geld hierdie seleksiebeperking, en die oorskryding daarvan, vir die hele nominale frase "this...alive". Let op dat die afwykendheid van die reekse (65)(ii) en (iii) nie verklaar kan word deur die oortreding van die sintaktiese seleksiereëls van naasliggende elemente nie. Al die gevalle kan egter wel verklaar word deur semantiese seleksiebeperkinge, en bowendien is die feit dat admire die seleksiebeperking $\langle(\text{lewend})\rangle$ vereis 'n kenmerk van sy betekenis: "...admire surely could not mean what it does if it could accept without anomaly subject noun phrases referring to inanimate objects" (Fodor, 1977:98).

Opsommend kan gekonstateer word dat ten opsigte van metaforiese uitdrukkings die voordeel van Katz/Fodor-semantiese seleksiebeperkinge teenoor Chomskiaanse sintaktiese seleksiereëls drievoudig is: dit verklaar die semantiese onversoenbaarheid tussen die onderwerp en predikaat in kopulasinne; dit registreer semantiese onversoenbaarheid tussen leksikale items wat geen sintaktiese seleksiereëls oortree nie; dit opereer tussen alle leksikale items en/of frases in 'n sin en is nie beperk tot die naasliggende leksikale items van adjektiewe of verba nie. Met Abraham (1975b:52) kan 'n mens dus sê dat semantiese seleksiebeperkinge saamhang met "... the problem of compatibility (i.e. selectional rules formulated not only for verbs and their arguments, but also between all other clause constituents)".

Behalwe die woordeboek met onder andere sy semantiese merkers, onderskeiers en seleksiebeperkinge, bevat die Katz/Fodor-semantiese komponent ook nog projeksiereëls. Hierdie projeksiereëls kombineer die betekenisse van afsonderlike leksikale items binne grammatikale konstruksies, mits die seleksiebeperkinge wat geld vir die afsonderlike items nagekom word deur dié woorde of frases waarmee dit verbind moet word. Anders gestel:

projeksiereëls maak gebruik van die semantiese seleksiebepervinge wat geassosieer is met die diverse lesings, deurdat hulle alle kombinasies blokkeer wat strydig is met die seleksiebepervings. Die afwesigheid van afgeleide lesings vir 'n (sins)konstituent is dus hierdie teorie se rekonstruksie van semantiese anomalie (dus: metaforiese taalgebruik).⁵¹⁾ Die implikasie hiervan is dat aan semanties-anomale sinne geen semantiese representasie, dit wil sê geen interpretasie, toegeken sal kan word nie. Tereg merk Köller (1975) op dat sô 'n uitsluiting of blokkering nie rekening hou met die taalgebruiker se vermoë om semanties-anomale sinne metafories te interpreteer nie:

Nach dem Semantikmodell von Katz und Fodor müsste ein Ausdruck vom Typ "der flüssige Redner" als semantisch anomal qualifiziert werden, weil bei der Bildung dieses Ausdrucks keine Rücksicht auf die Selektionsbeschränkungen genommen worden ist, die aus den semantischen Merkmalen der beteiligten Konstituenten resultieren. Es besteht aber kein Zweifel, dass ein Hörer mit kommunikativer Kompetenz diesem Ausdruck eine sinnvolle Bedeutungsstruktur zuordnen kann. Bei der semantischen Interpretation eines solchen Ausdrucks würde er nämlich auf die mechanische Anwendung der Projektionsregeln verzichten und statt dessen nach den Prinzipien der operationalen Semantik versuchen, dem gesamten Ausdruck eine kontextual sinnvolle Interpretation zu geben, auch wenn er dabei für die einzelnen Konstituenten des Ausdrucks neue semantische Merkmale erzeugen oder vorhandene semantische Merkmale hierarchisch anders ordnen müsste (1975:160). 52)

1.5.2.4 Redundansiereëls en implikasie

Projeksiereëls is in die voorafgaande gedeelte saam met seleksiebepervinge bespreek, omdat hierdie reëls - in hulle funksie van die afleiding van groter semantiese inhoud uit sintakties gekombineerde leksikale items - sensitief is vir die seleksiebepervings van die afsonderlike leksikale items. Voordat die projeksiereëls kan opereer, moet die semantiese redundansiereëls, wat die tweede gedeelte vorm van die woordeboek in die voorgestelde semantiese komponent (59), egter eers toegepas word. Hierdie reëls maak dit moontlik om sommige semantiese merkers van enige leksikale item weg te laat uit die woordeboekinskrywing van so 'n item. Redundansiereëls vereenvoudig of ekonomiseer dus die woordeboekinskrywing van 'n semantiese komponent, aangesien sommige semantiese merkers van 'n leksikale item voorspelbaar (dit wil sê oortollig of redundant) is op grond van ander semantiese merkers van dieselfde inhoud van so 'n

redundansiereëls in die Katz-voorstel (1972). Hierdie reëls se werklike belangrikheid lê vir die skryfster nie in die gerieflikheid waarmee 'n woordeboekinskrywing "gekrimp" kan word nie maar wel in die feit dat "they capture relations - containment relations - between the primitive elements of the system" (1977:152). Ten opsigte van (67) hierbo beteken sō 'n opmerking dat die konsep (Artifact) ingesluit is in die konsep (Furniture) in (67)(i), en ook dat die konsepte (Object), (Physical) en (Non-living) ingesluit is in die konsep (Artifact) in (67)(ii). Omgekeerd impliseer ("entails") die konsep (Furniture) die konsep (Artifact), en die konsep (Artifact) impliseer weer op sy beurt die konsepte uitgedruk deur die semantiese merkers (Object), (Physical) en (Non-living). Die semantiese redundansiereëls toon op hierdie manier dat daar bepaalde verhoudings bestaan tussen sekere semantiese merkers. Hierdie verhoudings hoef egter nie meer soos in die vroeë Katz/Fodor-voorstel (1963) hiërargies georden te word in 'n boomdiagram nie. Soos reeds aangetoon in 1.5.2.1 hierbo, verander Katz (1972) die woordeboekinskrywing van die leksikale item bachelor vanaf die hiërargiese ordening van semantiese merkers en onderskeiers in die boomdiagram van (60) tot die ongeordende stel semantiese kenmerke van (61). Die rede hiervoor is volgens Fodor (1977:151) dat daar geen manier is om byvoorbeeld te bepaal of (Male) of (Human) die hoogste georden moet word nie - in plaas van 'n hiërargiese ordening het 'n mens dus eerder 'n kruisklassifikasie van semantiese kenmerke.⁵³) Die redundansiereëls betrek ook die verdeling van die semantiese kenmerke van 'n leksikale item in respektiewelik merkers en onderskeiers. Die betekenis van rooi sou byvoorbeeld aangedui kon word met behulp van 'n semantiese merker (gekleurd) en 'n semantiese onderskeier [rooi]. Fodor (1977:150) wys daarop dat sō 'n verdeling uitvoerbaar lyk net so lank as wat daar nie gevra word na wat die onderskeier sou moes voorstel nie. Omdat alle objekte wat rooi is, terselfdertyd gekleurd moet wees, sou dit beteken dat die konsep van gekleurd te wees slegs 'n deel uitmaak van die konsep om rooi te wees. Rooi kan egter nie verdeel word in 'n deel gekleurd en 'n komponent wat rooi is maar nogtans nie gekleurd is nie. Die semantiese redundansiereëls verskaf nou ten opsigte van woorde soos rooi 'n oplossing wat nie gegee word deur die verdeling van rooi in 'n semantiese merker (gekleurd) en 'n semantiese onderskeier [rooi] nie. Fodor (1977:152) konkludeer:

Our aim is to state that part of the meaning of red is the concept of being coloured, without thereby committing our-

selves to there being any OTHER identifiable component of the meaning of red. To do this, we can assign to red simply the marker (Red), and use the redundancy rule to indicate that the concept represented by this marker includes the concept of being colored.

(Red)—————>(Coloured)

Let op dat die inhoud van chairman en ploughman (vergelyk 1.5.2.3) volgens die bostaande argument op dieselfde manier aangedui kan word as respektiewelik:

(iemand wat 'n vergadering lei)—————>(menslik)

(iemand wat 'n land omploeg)—————>(menslik)

Die belangrikheid van idiosinkratiese kenmerke (dit wil sê dié kenmerke wat in die vroeë Katz/Fodor-voorstel aangedui is as semantiese onderskeiers) kan dus in 'n latere versie van die Interpretatiewe Semantiek uitgedruk word met behulp van die redundansiereëls, wat dan nog bowendien die relasies van insluiting en implikasie tussen semantiese merkers spesifiseer.

Hiermee is die organisasie van die semantiese komponent van die Katz/Fodor-voorstel (met die veranderinge deur Katz (1972) daaraan aangebring inbegrepe) geëkspliseer. Samevattend kan nog eens beklemtoon word dat die herkenning van metaforiese taalgebruik in sowel die Aspects-sintaktiese model as die Katz/Fodor-semantiese voorstel gesignaleer word deur 'n oorskryding van seleksiereëls. Die semantiese aard van seleksiebeperkinge binne die Katz/Fodor-raamwerk is 'n uiters noodsaaklike aanvulling by die bloot sintaktiese tipering daarvan in die Aspects-model; nogtans wys die Aspects-model op moontlikhede om semi-grammatikale sinne te interpreteer, terwyl die projeksiereëls van die Katz/Fodor-semantiese komponent die lesings van semantiese anomalieë (en daarmee van metaforiese uitdrukkings) eenvoudig blokkeer. Ten einde aan semanties-anomale sinne 'n interpretasie te verskaf, is dit daarom vir Abraham nodig om onder andere die prosedure van retopikalisasie in te stel, wat dit dan moontlik maak dat andersins onversoenbare leksikale items tog gekombineer kan word om groter afgeleide lesings te vorm. Weens die nadruk van albei hierdie modelle op die kombinasie van leksikale items met ander leksikale items in hulle onmiddellike grammatikaal-sintaktiese omgewing,

kan hierdie opvattinge gesien word as sintagmatiese beskrywings van die metafoer binne mikroskopiese sintaktiese kontekste. Die feit dat 'n metafories gebruikte woord inkongruent kan wees met betrekking tot sy sintaktiese omgewing is ook gestel in tradisionele en strukturalistiese linguistiese opvattinge; die feit dat hierdie inkongruensie definieerbaar is in terme van sintaktiese (en semantiese) reëloortreding is egter 'n oorspronklike bydrae vanuit 'n TGG-raamwerk.

1.5.3 Generatiewe Semantiek en verwante benaderings

Binne die raamwerk van die Transformasioneel Generatiewe Grammatika word die basiese prinsipes van die Aspects-model aanvaar in sowel die Katz/Fodor-voorstel (1963) as in Chomsky (1971) se Uitgebreide Standaardteorie ("Extended Standard Theory"), waarin sekere wysiginge aangebring word in die voorstel vir 'n semantiese komponent van die grammatika soos uiteengesit deur Katz en Fodor (1963). Die belangrikste gevolg van so 'n aanvaarding van die basiese prinsipes van die Aspects-model is die erkenning van 'n onafhanklike generatiewe sintaktiese komponent in die grammatika van 'n natuurlike taal. Die dieptestruktuur van so 'n onafhanklike sintaktiese komponent vorm dan die toevoer tot die semantiese komponent, wat semantiese representasies verskaf aan die dieptestruktuur van sinne uit die sintaktiese komponent. Soos reeds gesien, hou dit in dat die semantiese komponent 'n interpretatiewe funksie het - vandaar die naam Interpretatiewe Semantiek vir die Katz/Fodor-voorstel (1963). Chomsky se Uitgebreide Standaardteorie bevat eweneens 'n semantiese komponent met 'n interpretatiewe funksie ten opsigte van 'n onafhanklike generatiewe sintaktiese komponent. Die belangrikste wysiging wat in hierdie teorie aangebring is ten opsigte van die Katz/Fodor-voorstel is dat die toevoer tot die semantiese komponent nie beperk word tot die dieptestruktuur van die sintaktiese komponent nie maar inderdaad uitgebrei word om ook die oppervlaktestruktuur van die sintaktiese komponent in te sluit. Die noodsaak om die oppervlaktestruktuur in berekening te bring by die toevoer tot die semantiese komponent word veral duidelik in 'n adekwate beskrywing en verklaring van die semantiese verskynsels van presupposisie, fokus en topikalisasie. 54)

In teenstelling tot die bogenoemde twee teorieë in die resente

semantiek, verwerp die rigting wat bekend staan as Generatiewe Semantiek die bestaan van 'n onafhanklike sintaktiese komponent. Binne hierdie teorie word die dieptestruktuur van sinne sō abstrak dat dit as semanties onderliggende strukture deur middel van formele transformasies omgesit word in semantiese representasies. Die belangrikste verskil tussen Generatiewe en Interpretatiewe Semantiek is dus respektiewelik die ontkenning en erkenning van 'n onafhanklike generatiewe sintaktiese komponent wat die toevoer kan vorm tot 'n semantiese komponent van 'n grammatika. In verband met verskille soos die bogenoemde merk Fodor (1977:63) die volgende op:

... many of the recent theoretical disagreements in linguistics have turned on the general organization of a grammar, what components it contains, how they differ, and how they interact with each other. By comparison, differences between the semantic representations that have been proposed are relatively minor.

Om hierdie rede, en omdat die oorspronklike Katz/Fodor-voorstel (1963) noodsaaklik is vir die verstaan van alle ontwikkelinge wat daarna gekom het in die bestudering van semantiek binne 'n generatiewe teorie, sal slegs baie kortliks ingegaan word op diē punte van kritiek teen die Interpretatiewe Semantiek, wat direk relevant is vir die beskrywing en/of verklaring van die verskynsel semantiese anomalie.

1.5.3.1 Die instelling van oordragkenmerke - Uriel Weinreich

Uriel Weinreich (1966:395-477) gee een van die eerste en uitvoerigste besprekings van die oorspronklike Katz/Fodor-voorstel (1963).⁵⁵⁾ Van onmiddellike belang by 'n bespreking van semantiese anomalie is sy instelling van 'n "transfer feature" in sinne wat oortredinge van seleksiebeperkinge (sintakties en/of semanties) bevat. 'n Groot leemte van die projeksiereëls van die Katz/Fodor-voorstel, en terselfdertyd die rede waarom hierdie teorie volgens Weinreich nie in staat is om rekening te gee van figuurlike taalgebruik nie, is die feit dat hierdie reëls slegs kontroleer of die kondisies vir seleksiebeperkings bevredig is maar dat hulle geen informasie oordra van die "angle-bracketed position to the amalgamated path" (1966:407) nie. Ten einde so 'n oordrag van kenmerke moontlik te maak, stel Weinreich voor dat 'n semantiese komponent van 'n grammatika voorsiening moet maak vir die feit dat seleksiekenmerke van 'n woord Z oorgedra word in die pad van 'n

ander woord, W, indien dit gekombineer is met Z. Oordrag van seleksiekenmerke geskied deur middel van 'n oordragkenmerk ("transfer feature"), wat Weinreich tussen vierkantige hake skryf, en wat hy soos volg verduidelik: "An example of the transfer feature would be the feature $\boxed{+Time}$ in the preposition during or the post-position ago; that is to say, whatever word is constructed with during or ago has a feature of $\boxed{+Time}$ transferred to it" (1966:430). Aangesien ago spesifiek genoem word in die bogenoemde verduideliking, kan Thomas se dikwels aangehaalde

(50) a grief ago

gebruik word as 'n illustrasie vir Weinreich se stelling.⁵⁶⁾ Die seleksiebeperking van ago, naamlik dat dit gekombineer moet word met nomina wat die semantiese merker (tyd) bevat, word in (50) oortree. In die Katz/Fodor-voorstel sal die projeksiereëls dus die afgeleide lesing van (50) blokkeer. Volgens Weinreich se voorstel sal die semantiese merker (tyd) egter oorgedra word op die nomen grief, deurdat $\langle(+tyd)\rangle$ as seleksiebeperking van ago oorgedra word as 'n semantiese kenmerk van grief. Sanders (1973) het gewys op die ooreenkoms tussen die Chomsky/Katz/Fodor-seleksiebeperkinge en Weinreich se oordragkenmerk. Sowel oordragkenmerke as seleksiebeperkinge weerspieël naamlik volgens hom die implikasie van 'n gegewe leksikale item omtrent die ander items wat in sy onmiddellike sintaktiese omgewing mag verskyn. Dus:

Given the general term 'lexical implication' for the formal objects in question, then both transfer features and selection restrictions are lexical implications, and differ only in the purpose they serve in the Weinreich and Katz-Fodor formulations respectively. For Katz and Fodor, when a lexical implication is not satisfied the sentence in question is semantically anomalous; for Weinreich when a lexical implication is not satisfied the 'offending' item is semantically amended (1973:64).


Die onderskeiding tussen "letterlike", dit wil sê semanties interpreteerbare, en "figuurlike", dit wil sê semanties oninterpreteerbare sinne berus in die Katz/Fodor-voorstel op respektiewelik 'n voldoening aan en 'n oorskryding van die semantiese seleksiebeperkinge van die betrokke sintakties gekombineerde leksikale items. In die Weinreich-voorstel dui Sanders (1973) aan dat die bostaande onderskeid uitgedruk word in

terme van oordragkenmerke: "a 'literal' sentence is one in which no features transferred to a lexical item contradict the features assigned it in the dictionary, whereas a figurative sentence is one in which such contradiction occurs..." (1973:63).

Die Katz/Fodor-voorstel kan dus wel semanties anomale sinne herken, omdat seleksiekenmerke nie nagekom is nie; die Weinreich-voorstel kan, benewens 'n herkenning van semanties anomale sinne, óók aandui hoe aan sulke anomale sinne 'n afgeleide lesing toegeken sou kon word. Metafo-riese uitdrukkings kan dus wel binne Weinreich se voorstel geïnkorporeer en ook geïnterpreteer word as semanties anomale, maar betekenisvolle, sinne.


Let op dat in Weinreich se voorbeeld (50) grief die "offending item" is in Sanders se terme en daarom sal kwalifiseer vir die benaming fokus in Black se terminologie. Weinreich se oordragkenmerk, deurdad 'n element van ago oorgedra word op grief, illustreer dus die invloed van die kontradeterminerende raamwerk op die metaforiese fokus (Weinrich). Ske-maties kan dit soos volg voorgestel word:

(50) i. a GRIEF ago



Matthews se interpretasie van (8) na analogie van welgevormde sinne wat nie seleksiereëls oorskry nie, asook Abraham se instelling van die formele prosedure van re-topikalisasie, illustreer weer Black se beklem-toning (vergelyk (8)(i) in 1.1 hierbo) van die invloed wat die sekondêre fokusonderwerp het op die hoofonderwerp uit die letterlike raamwerk. Vergelyk die volgende skematiese voorstelling, waar Matthews en Abraham se interpretasies gekombineer word:

(8) ii. Man is a WOLF



Matthews en Abraham maak dus ook voorsiening vir die oordrag van kenmerke in metaforiese uitdrukkings. Behalwe dat die rigting van oordrag teenoorgestel is (by Weinreich vanaf die raamwerk op die fokus; by Matthews en Abraham vanaf die fokus op die raamwerk), is 'n verdere verskil tussen die bostaande verklarings van die metaforiese proses dat Weinreich die veronagsaamde seleksiekenmerk oordra, terwyl Matthews en Black hierdie kenmerk sien as 'n signalering van metaforiese taalgebruik, maar dan by 'n interpretasie van die metaforiese uitdrukking eerder kenmerke van 'n laer orde oordra. Anders gestel: Weinreich dra die seleksiekenmerk oor wat die sintagmatiese inkongruensie signaleer; Matthews en Abraham verskuif hierdie kenmerk(e) na die agtergrond en dra dié kenmerke oor wat die analogiese basis verskaf vir die projeksie van die semantiese veld van die vehicle (fokus) op dié van die tenor (uit die letterlike raamwerk).

Dit is verder belangrik om daarop te let dat Weinreich ook die semantiese implikasies bespreek van reekse wat in Chomsky se terminologie oortredinge van kategoriale reëls bevat:

- (68) i. Scientists study the if
ii. He trues the rumor
iii. She was amply groomed
iv. A red house occurred twice

In (68)(i) is die konjunksie if ingevoeg in 'n sintaktiese posisie wat gedomineer word deur 'n nomen; die gevolg hiervan is dat if nou die sintaktiese kenmerk $[+Noun]$ verkry en dat dit dan fungeer as 'n sinoniem vir die woordeboeknomen met dieselfde kenmerke, byvoorbeeld die nomen condition. In (68)(ii) is 'n leksikale item met die sintaktiese kenmerke $[+Adjective, -Verb...]$ ingevoeg in 'n posisie wat gedomineer word deur items met die kenmerke $[+Verb, -Adjective]$. Weinreich sê dat die effek hiervan is dat 'n nuwe transitiewe verbum geskep word, wat skematis beteken "cause (NP) to be Adjective", met ander woorde "cause (NP) to be true". Op dieselfde manier kry groomed in (68)(iii) die kenmerke $[+Verb, -Noun]$, sodat dit via "to cause (some NP) to have Noun" in hierdie geval beteken "to be supplied with grooms". Laastens kry in (68)(iv) 'n nomen met die kenmerk $[-Time]$ die kenmerk $[+Time]$ daarop oorgedra, sodat house dan geïnterpreteer word as deel van 'n gebeurtenis, byvoorbeeld "perception of a house" (1966:463-464). Reekse wat in Chomsky se

gradering van grammatikaliteit geklassifiseer is as die ernstigste oortredinge binne semi-grammatikale sinne, verkry in Weinreich se voorstel 'n interpretasie. In hierdie verband is dit uiters belangrik om daarop te let dat Weinreich se "transfer feature" nie net van toepassing gemaak word op oorskrydinge van semantiese seleksiebeperkings nie maar dat dit ook oortredinge van suiwer grammatikale reëls deur middel van die oordrag van kategoriale kenmerke "amendeer". 'n Verandering wat dan, let wel, semantiese implikasies het. Weinreich sluit sy artikel af met 'n opmerking wat duidelik die nuwe rigting in die semantiek antisepeer: 57)

The classification and analysis of deviant utterances is a sure indicator of the way in which linguistic phenomena are apportioned between syntax and semantics. If the theory proposed here is correct, then the attempt to classify deviant expressions into those which are only grammatically odd and those which are only semantically odd is a futile enterprise (Weinreich verwys na Putman (1961), Chomsky (1961) en Ziff (1964)), since the most significant class of deviations is grammatical and semantic at the same time (1966:470).

Weinreich - alhoewel hy nog die Aspects-model as uitgangspunt neem - sien dus nie soos Katz en Fodor die semantiese komponent van 'n grammatika as aanvullend ten opsigte van die sintaktiese komponent nie; sy grondstelling kom daarop neer dat daar wisselwerking moet wees tussen die semantiese en sintaktiese komponente. Weens hierdie neiging om die absolute skeiding tussen die sintaktiese en semantiese komponente van 'n grammatika op te hef, kan Weinreich beskou word as 'n belangrike voorloper vir Generatiewe Semantiek.

1.5.3.2 Kasusgrammatika - Dorothy Mack Lambert

Die eerste gedeelte van die titel van Dorothy Mack Lambert (1969) se studie van die metafoor is veelseggend: "The Semantic Syntax of Metaphor..." (onderstreeping van my). Hierin lê die sleutel vir haar keuse van Fillmore (1968) se "Case Grammar" as 'n teoretiese raamwerk vir haar studie bo byvoorbeeld die Aspects-model, want: "Case Grammar, unlike other Transformational grammars, deals with a level of analysis not purely syntactic; major categories have both semantic and syntactic functions" (1969:4). So byvoorbeeld sal enige leksikale item in agenskasis ("Agent Case") tegelyk semanties en sintakties fungeer: dit


verkry die semantiese kenmerke [+lewend], [+bedoeling], en fungeer dus semanties; terselfdertyd fungeer dit ook sintakties as subjek van 'n sin met 'n verbum wat onder bepaalde omstandighede agenskasus vereis. Met agenskasus (A) word bedoel: "... the case of the perceived instigator of the action identified by the verb, typically animate (or 'inanimate' nouns like robot or 'human institution' nouns like nation)" (Lambert, 1969:23) ⁵⁸) In die lig van die voorafgaande tipering van agenskasus kan die volgende sin van nader bekyk word:

(69) The table dances

Hierdie sin sal as semi-grammatikaal geklassifiseer word in Chomsky se Aspects-model en as semanties anomaal geblokkeer word deur die projeksiereëls in die Katz/Fodor-voorstel. In teenstelling hiermee beweer Lambert nou dat 'n aangepaste Fillmore-kasusgrammatika 'n geskikte raamwerk verskaf vir die inkorporering en verantwoording van Weinreich se oordragkenmerk, waardeur 'n interpretasie vir (69) verseker sou kon word. Wanneer 'n leksikale item voorkom in agenskasus, is dit naamlik moontlik dat sommige van die kenmerke wat daaraan toegeken is in die leksikale inskrywing "uitgewis", "verskuif" of gedomineer kan word deur kenmerke wat uitgedruk word deur agenskasus. Konkreet ten opsigte van (69) beteken dit dat die kenmerk [-lewend] in die leksikale inskrywing van table (wat as agens fungeer saam met die verbum dance wat 'n agenssubjek vereis) gedomineer word deur die kenmerk vir agenskasus, naamlik [+lewend]. Dus:

A revised Case Grammar, rather than stating prescriptively that any lexical item functioning in Agent Case must have the lexical feature, [+Animate], or else have features incompatible with the Case, and thus be deviant; instead will state that any lexical item can conceivably function in Agent Case, and in doing so, acquires the feature [+Animate], whether or not its lexical entry contains the feature [+Animate], [-Animate], or neither (1969:9).

Dit is duidelik dat Weinreich se oordragkenmerk wel binne so 'n opvatting geïnkorporeer kan word. Aangesien table in (69) die leksikale item is wat binne 'n vreemde kasus fungeer, kan dit beskou word as die fokus van die uitdrukking. Aangesien die verbum bepaal watter agenskasus vereis word, kan ook Lambert se kasusbeïnvloeding gesien word as 'n eksplisiering van die uitwerking van die kontradeterminerende raamwerk op die fokus in 'n metaforiese uitdrukking. Vergelyk:



Let egter daarop dat "oordrag" slegs één van die moontlikhede is waarvolgens table "geamendeer" kan word ten einde 'n interpretasie te kan toeken aan (67). Leksikale kenmerke kan volgens die bostaande uiteensetting ook "uitgewis" word, sodat Lambert se opvatting wyer is as dié van Weinreich. Hiermee elimineer sy 'n beswaar van Sanders (1973:64) teen Weinreich, waar hy daarop wys dat kenmerke nie net altyd oorgedra (dus bygevoeg) word nie maar soms ook geskrap word in leksikale items binne metaforiese uitdrukkings.

Lambert se beklemtoning van die moontlikheid van verskuiwing van sintakties-semantiese kenmerke binne die inhoudspesifikasie van die metafories gebruikte leksikale item, herinner natuurlik ook aan Matthews en Abraham se verlaring van die metaforiese proses in (8). Matthews en Abraham betrek implisiet die eienskappe van man uit die letterlike raamwerk in hulle keuse van die herordening van sommige semantiese eienskappe van die fokus wolf; Lambert stel eksplisiet die invloed van agenskasus, soos gedomineer deur die verbum uit die letterlike raamwerk, as 'n bepaalde faktor in die skrapping, verskuiwing of toevoeging van sintakties-semantiese kenmerke aan die afwykende leksikale item (fokus). Sowel Lambert as Matthews en Abraham beklemtoon dus eksplisiet of implisiet die invloed van die kontradeterminerende raamwerk op die fokus; daarna toon Matthews en Abraham egter aan hoe so 'n deur die raamwerk bepaalde fokus vervolgens semantiese implikasies het vir die interpretasie van die hoofonderwerp uit die letterlike raamwerk.

Agenskasus het dus volgens die bogenoemde uiteensetting in Lambert se aangepaste versie van Fillmore se kasusgrammatika die vaste kenmerke [+lewend] en [+bedoeling]. Ook vir die ander kassusse word kenmerke vasgestel wat inherent is aan die verskillende kassusse. Dit is dan semantiese kenmerke wat onlosmaaklik geassosieer is met sintaktiese kenmerke en waardeur dit moontlik word om te verduidelik hoe 'n gegewe leksikale item in 'n verskeidenheid van kassusse kan optree, waar dit elke keer dié semantiese kenmerke verkry wat geassosieer is met elke betrokke kasus. 59)

Uit die verskillende beskrywings van metaforiese taalgebruik tot sover lyk dit asof 'n oorskryding van seleksiebeperkinge in TGG-opvattinge sowel sintakties (Chomsky) as semanties (Katz en Fodor) getipeer moet word. Dergelike oortredinge van seleksiereëls maak die herkenning van semanties anomale sinne moontlik maar verklaar nog nie hoe sulke sinne, alhoewel afwykend, tog nog betekenisvol kan wees nie. Die semanties-sintaktiese ondersoeke van Weinreich en Lambert inkorporeer enersyds die standpunte van sowel Chomsky as Katz en Fodor ten opsigte van die beskrywing van die metafoor as reëloorskryding; terselfdertyd word verklaring en moontlike interpretasie van die metafoor moontlik in die teoretiese raamwerk waarbinne hulle werk, deurdat voorsiening gemaak word vir die oordrag van semanties-sintaktiese kenmerke op die afwykende leksikale item(s) in 'n metaforiese uitdrukking. Matthews en Abraham toon dan aan hoe so 'n sorgvuldig gedetermineerde fokus op sy beurt bepaalde semantiese eienskappe kan oordra op leksikale items uit die letterlike raamwerk.

1.5.3.3 Generatiewe Semantiek

Die Generatiewe Semantiek ontwikkel volgens Fodor (1977:70-81) uit 'n sintaktiese teorie wat progressief steeds meer abstrakte dieptestrukture aan sinne toegeskryf het. Die argumentasie binne hierdie rigting(s), veral ten opsigte van seleksiebeperkinge en grammatikale relasies, is vergelykbaar met dié van die Aspects-model en ontwikkelinge daarna. Tog het dit gelei tot 'dieper' en semanties meer eksplisiete strukture, met korresponderend meer werk vir die sintaktiese transformasies wat diepte- en oppervlaktestrukture verbind maar minder werk vir die interpretatiewe semantiese reëls wat hierdie dieptestrukture omsit in semantiese representasies. 'n Uitvloeisel van sulke meer abstrakte dieptestrukture is die omvergooi van tradisionele kategoriale onderskeidings. Fodor noem Lakoff (1965) se voorstel dat verba en adjektiewe geklassifiseer moet word as lede van 'n enkele kategorie VERBUM, onderskei deur respektiewelik die kenmerke [-Adj] en [+Adj]. Vergelyk hiervoor die volgende twee sinonieme sinne wat slegs verskil in die kategorie van hulle onderskeie predikate:

- (70) i. John considers Mary's feelings
ii. John is considerate of Mary's feelings

Die grammatikale relasies tussen aan die een kant die predikate van die twee sinne, en aan die ander kant hulle onderskeie subjekte en objekte is intuïtief dieselfde: vergelyk die verbinding tussen considers en John in (70)(i) met dié tussen is considerate en John in (79)(ii); vergelyk verder op dieselfde manier die verband tussen considers/is considerate of en Mary's feelings/Mary's feelings in die twee sinne. Behalwe die bogenoemde ooreenkomste is ook die seleksiebeperkinge op die subjekte en objekte van die twee sinne dieselfde. Ten einde voorsiening te maak vir hierdie ooreenkomste stel Lakoff voor dat aan pare sinne soos dié in (70) identiese dieptestruktuur toegeken moet word, met die kenmerke $\boxed{+Adj}$ as die enigste onderskeid tussen die twee sinne op hierdie vlak. Die twee sinne het dus feitlik dieselfde dieptestruktuur; die verskille tussen die twee word beskou as oppervlakteverskille en word ingevoer in die loop van die transformasionele derivasie. 'n Groot gedeelte van die funksie van die projeksioneëls in 'n Katz/Fodor-voorstel, naamlik om afgeleide lesings toe te ken aan alle afsonderlike grammatikale relasies van die sin, word in Lakoff se voorstel al deur die dieptestruktuur van sinne soos dié in (70) oorgeneem. Dit is in hierdie verband interessant om daarop te let dat nominale predikate seleksiebeperkinge en grammatikale relasies deel met verba en adjektiewe. Vergelyk:

- (71) i. The attempt was a failure
ii. The attempt failed
iii. Boris is a brute to Jane
iv. Boris is brutal to Jane

Die reekse (71)(i) en (ii) illustreer die ooreenkoms tussen die nominale predikaat a failure en die verbum failed: albei moet ooreenkom met hulle onderskeie subjekte, dit wil sê die subjekte moet voldoen aan dieselfde soort seleksiebeperkinge wat deur respektiewelik a failure en failed vereis word. Die reekse (71)(iii) en (iv) toon aan dat die nominale predikaat a brute soos die adjektief brutal verbind is aan 'n kopula, dit wil sê hulle deel dieselfde grammatikale relasie. Aangesien die verskille tussen die sinne in (71) soos dié in (70) behandel kan word as verskille in transformasionele derivasie, kan aan al drie die bogenoemde tipes (dit wil sê verba, adjektiewe en nominale predikate) dieselfde dieptestruktuur-kategorie en -posisie toegeken word. Fodor

merk op dat Bach (1968) inderdaad nominale predikate weergee as verba. Sy konkludeer:

On the standard theory (dit wil sê die Aspects-model en dié semantiese teorieë wat hierdie model as uitgangspunt neem), deep structures are much more similar to surface structures; predicate nominals and verbs have quite distinct representations. Their similarities must therefore be captured in the dictionary and semantic component. But Bach's more abstract syntactic analysis already does much of what the standard theory's interpretive semantic component would have to do (1977:74).

Let op dat Bach hiermee daarin slaag om aan te toon dat seleksiereëls wêl oor 'n kopulaverbinding kan opereer. Matthews se tipering van Black se

(8) Man is a wolf

hierbo in 1.5.1.2 sou dus tog binne 'n generatiewe semantiese raamwerk verantwoord kon word as 'n oorskryding van seleksiebeperkings. Terselfdertyd sou Matthews se verwarring tussen sintaktiese en semantiese kenmerke in 'n generatiewe semantiese model opgevang word binne dieselfde dieptestruktuur.

Uit die bostaande uiteensetting blyk dat die Generatiewe Semantiek veral in twee opsigte verskil van die Interpretatiewe Semantiek: 1) die dieptestruktuur is sintakties meer abstrak en terselfdertyd semanties meer eksplisiet; 2) die verskille tussen abstrakte dieptestruktuur en konkrete oppervlaktestruktuur word in 'n veel groter mate gerealiseer in transformasionele afleidings. In plaas daarvan dat 'n sintaktiese meer eksplisiete struktuur semanties geïnterpreteer word (Katz/Fodor), word 'n semanties meer eksplisiete konstruksie deur transformasionele derivasies omvorm tot 'n sintakties-semantiese representasie (McCawley/Lakoff/Bach, e.a.). Vir 'n ondersoek na en tipering van metaforiese taalgebruik hou dergelike klemverskille veral die volgende in: 1) 'n bevraagtekening en selfs die verwerping van òf suiwer sintaktiese (Chomsky) òf suiwer semantiese (Katz/Fodor) seleksiebeperkings; 2) 'n beklemtoning van die belangrikheid van transformasionele reëls in 'n verklaring van metaforiese prosesse. Op die eerste punt is al herhaaldelik gewys in die bekendstelling van generatiewe beskrywings van die verskynsel metafoor tot sover; die tweede kan vervolgens geïllustreer

word aan die hand van respektiewelik Sanders (1973) se "redefining rules" en Werth (1977) se "transderivational transfer constraint".


1.5.3.3.1 Herdefiniëringsreëls - Robert E. Sanders

In die eerste van hierdie twee pogings om die verskynsel metafoor te ekspliseer binne 'n generatief-semantiese raamwerk, isoleer Sanders (1973:57-67) eerstens bepaalde probleme binne die Katz/Fodor-voorstel; daarna (1973:67-100) poog hy om hierdie probleme te verantwoord in generatief-semantiese terme. 'n Ernstige tekortkoming van die Katz/Fodor-voorstel word volgens die skrywer al uitgewys in die noodsaaklikheid van die instelling van 'n formele prosedure soos Weinreich se oordragkenmerk ten einde te verseker dat semanties anomale sinne wel 'n semantiese representasie sal verkry en waarvan die afgeleide lesings dus nie sonder meer geblokkeer sal word nie. Ook Weinreich se oordragkenmerk het egter bepaalde tekortkominge: die belangrikste hiervan is dat dit wel voorsiening maak vir die toevoeging van kenmerke aan die leksikale item(s) wat seleksiebeperkinge oorskry, maar volgens Sanders is dit soms ook nodig dat bepaalde kenmerke van so 'n item geskrap sal word (onderstreping van my). Die eintlike rede waarom oordragkenmerke nie geskik sou wees vir die adekwate karakterisering van metaforiese taalgebruik nie, is egter die feit dat dit essensieel dieselfde soort formele prosedure is as seleksiebeperkinge, omdat albei die leksikale implikasies reflekteer van die woorde in hulle onmiddellike sintaktiese omgewing (vergelyk 1.5.3.1 hierbo). In Katz/Fodor-terme is die rol van leksikale implikasies beperk tot die herkenning en verklaring van die semanties-anomale aspekte van 'n sin, sodat dit dan volgens Sanders slegs nodig sal wees om die leksikale implikasies van verba te stel. Die rede hiervoor is dat semantiese anomalie afhang van die relasie tussen die verbum en sy subjek of komplement. Indien die funksie van leksikale implikasies egter in Weinreich se terme gesien word as 'n definiëring van die manier waarop leksikale items geamendeer word wanneer 'n leksikale implikasie veronagsaam word (in Katz/Fodor-terme wanneer seleksiereëls oortree word), is dit egter nodig om behalwe die implikasies van ander items óók die implikasies van nomina te stel. In 'n sin soos


(72) That ape just spoke to me

is die leksikale implikasies van sowel die verbum as die nomen nie nagekom nie, "since the sentence can be 'understood' either by amending the nominal OR the verbal" (1973:65). Ten einde (72) te kan interpreteer, is dit dus moontlik om die kenmerk $\boxed{+Human}$ by te voeg by die nomen ape; dit is egter ook moontlik om kenmerke te skrap van die verbum speak om die konsep van nie-kommunikatiewe vokalisasie af te lei. Volgens Sanders het (72) dus ten minste twee figuurlike of metaforiese lesings: "an ape-like person spoke, or a non-human primate vocalized" (1973:65). Skematies kan hierdie twee interpretasies van (72) soos volg voorgestel word:

(72) i. That APE just spoke to me



That ape just SPOKE to me



In die eerste geval word die veronagsaamde seleksiekenmerk van die verbum spoke uit die letterlike raamwerk soos by Weinreich oorgedra op die afwykende leksikale item ape, wat die fokus vorm van die metaforiese uitdrukking. In die tweede geval word, onder invloed van die leksikale implikasies van die nomen ape uit die letterlike raamwerk, die kenmerk $\boxed{+Human}$ geskrap uit die kenmerke van die fokus spoke, sodat laasgenoemde daardeur gemerk word as $\boxed{-Human}$. In terme van reeds bespreekte teorieë kan 'n mens sê dat in albei gevalle die semantiese inhoud van die onderskeie fokusse bepaal word deur die invloed van leksikale items uit die kontradeterminerende raamwerk. Let op dat Sanders se tweede interpretasie van (72) in (72)(i) hierbo die eerste poging binne TGG-metafoorteorieë is wat voorsiening maak vir 'n verbale fokus naas nominale fokusse in metaforiese uitdrukkings. (Vergelyk in hierdie verband die illustrasie van die twee maniere waarop Chomsky se (53)(i) geïnterpreteer sou kon word in 1.5.1.2 hierbo: binne die Aspects-model geld slegs die eerste interpretasie, Sanders se uitbreiding sou ook die tweede inkorporeer). In so 'n prosedure lewer die Weinreich-oordragkenmerk probleme op: nie net moet bepaalde kenmerke geskrap word van die leksikale item spoke nie, maar hulle skrapping word bepaal deur die

leksikale implikasies van ape. Volgens die bostaande uiteensetting sou Weinreich se nosie van 'n oordragkenmerk uitgebrei moes word om 1) ook voorsiening te maak vir die skrapping van kenmerke van leksikale items in sommige gevalle en 2) die spesifikasie te inkorporeer van die leksikale implikasies van nomina. Laasgenoemde is egter 'n bykans onmoontlike taak, aangesien die leksikale implikasies van 'n nomen al die kenmerke omvat van al die verba, al die adjektiewe en al die nomina wat sintakties daarmee verbind is. Hierdie stelling van Sanders kan goed geïllustreer word met behulp van Chomsky se

(53) i. Colorless green ideas sleep furiously

In 1.5.1.2 hierbo is reeds gewys op die feit dat alle ongewone kwalifikasies en/of toevoegings, as gevolg van verskeie oortredinge van seleksiebeperkinge in die bostaande reeks, uiteindelik gesamentlik die nomen ideas metafories spesifiseer. Kenmerke van die verbum sleep met sy kwalifiserende adverbium furiously, asook kenmerke van die adjektiewe colorless en green sou dus volgens Weinreich oorgedra moes word op die nomen ideas. 'n Volledige spesifikasie van ideas se leksikale implikasies in hierdie omgewing sou dus inderdaad baie uitgebreid moes wees.

Sanders se finale oordeel oor Weinreich se oordragkenmerk sluit, behalwe die bostaande probleme ten opsigte van nominale implikasies, ook nog die beswaar in dat 'n belangrike veralgemening in so 'n prosedure misgekyk word. Vergelyk saam met (72) hierbo ook die volgende sinne:

- (72) ii. A little bird told me
iii. The dog said I was cruel
iv. The elephant demanded more food

Sanders beweer dat die afgeleide interpretasie van (72) nie berus op die leksikale items ape en speak nie maar op onder andere die konstituentkenmerke [+Human] en [+Comm Ling] - kenmerke wat dan terselfdertyd die interpretasie van (72)(ii) tot (iv) bepaal. Om die relevante relasies van die sinne in (72) dus te stel in terme van die implikasies uitgedruk as deel van die representasie van elke relevante item (dit wil sê van bird, dog, elephant, ape, tell, say, demand, en speak) bemoeilik 'n formele herkenning van die ekwivalente

aspekte van hierdie sinne. Na hierdie verduideliking van die probleme en tekortkominge in die Katz/Fodor/Weinreich-voorstelle, kom Sanders tot die volgende konklusie:

The difficulty entailed in stating nominal implications and the generalization missed by attempting to make any lexical implication a constituent of particular lexical items can be overcome if a set of rules is developed in lieu of stating transfer features. That is, if the relationship between [+Human] and [+Comm Ling] (for linguistic communication) were stated as the condition on a rule or rules which operated on the semantic forms of sentences to amend them, then one would be able to capture a generalization over the sentences of (6) and (8) (die sinne van (72) hierbo), and to preserve the criterion of economy in the grammar by (a) reducing the amount of semantic information to be carried in the dictionary, and (b) eliminating recurrences of the same lexical implications (1973:67).

By sulke reëls sou ook ingesluit kon word 'n kenmerkskrappingsreël, sodat ook hierdie beswaar ten opsigte van Weinreich se oordragkenmerk opgevang sou kon word.⁶⁰⁾ Op formele gronde verkies Sanders dus reëls van die bogenoemde tipe bo oordragkenmerke. Hierdie reëls noem hy dan herdefiniëringsreëls ("Redefining Rules") en motiveer hulle inkorporering in 'n generatief-semantiese raamwerk soos volg:

Note that since redefining rules map one complex expression into another (where the expressions differ by additional or fewer features), they are transformations, and as such are compatible with generative semantic grammars (onderstreping van my) - (1973:67).

Hierdie herdefiniëringsreëls van 'n transformasionele aard opereer op 'n generatief-semanties gedefinieerde abstrakte onderliggende sintakties-semantiese struktuur (vergelyk 1.5.3.3 hierbo). Sanders illustreer herdefiniëringsreëls dan veral met verwysing na twee soorte sinne, te wete kopula en nie-kopulasinne.⁶¹⁾ In die onderliggende vorm van 'n kopulasin word aangetoon dat die referentklas van die argument bevat of ingesluit is in die referentklas van die predikaat. Op grond hiervan is dit moontlik om te onderskei tussen die twee sinne:

- (73) i. An eyedoctor is a human being
ii. An eyedoctor is a sheep

In (73)(i) is die klas van oogdokters ingesluit in die klas van menslike wesens, wat inhou dat die fisiese eienskappe van die subjek vervat is in die fisiese eienskappe van die komplement. Hierdie sin is dan logies waar, omdat die vereistes gestel in die onderliggende struktuur van kopulasinne bevredig is. In teenstelling hiermee is die fisiese eienskappe van eyedoctor en sheep nie ekwivalent nie, sodat die klas van oogdokters natuurlik nie in (73)(ii) ingesluit is in die klas van scape nie. Hierdie sin is dan logies vals, omdat die vereistes gestel in die onderliggende struktuur van kopulasinne nie bevredig is nie. 'n Geval soos (73)(ii) voldoen hiermee aan die kondisie wat voorwaardelik is aan die opsionele toepassing van 'n transformasie in die vorm van 'n herdefiniëringsreël:

Hence, the conditions on redefining rules for copula sentences do seem to be dependent on the general form of the underlying expression, so that redefining rules would consequently apply whenever a copula sentence is LOGICALLY false (1973:77).

In teenstelling met die logiese teenstrydigheid wat in kopulasinne soos dié in (73) 'n herdefiniëring wenslik maak, is herdefiniëringskondisies vir nie-kopulasinne gebaseer op dieselfde implikasies wat uitgedruk word in seleksiebeperkings en oordragkenmerke. Vergelyk hier weer

(72) That ape just spoke to me

Gegee 'n tweerigtingrelasie wat linguistiese kommunikasie impliseer, sluit die fisiese eienskappe toegevoeg aan die eerste argument (dit wil sê aan die subjek ape) die kenmerk (menslik) in.⁶² Die ooreenkoms met Weinreich se oordragkenmerk is voor-die-hand-liggend.

Uit die voorafgaande betoog word dit duidelik dat Sanders se transformasionele herdefiniëringsreëls basies dieselfde soort funksie verrig as Weinreich se oordragkenmerke. Trouens, die herdefiniëring van 'n metafories gebruikte leksikale item geskied onder andere deur middel van die toevoeging van kenmerke aan so 'n item - iets wat natuurlik inherent is aan Weinreich se prosedure van die oordrag van kenmerke. Skrapping van kenmerke word verantwoord in Lambert (vergelyk 1.5.3.2 hierbo) se aanpassing van 'n Fillmore-kasusgrammatika. Sanders verkies volgens sy eie getuienis die transformasionele prosedure van herdefiniëringsreëls om suiwer formele redes - sy bevindinge